

VERKLARINGSMEGANISMES

in

KINDERWOORDEBOEKE

ANNE-MARIÉ PUTTER
Hons. B.A.; H.O.D.

**Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in
Afrikaans en Nederlands aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

STUDIELEIER: Mnr. G.B. van Huyssteen
HULPSTUDIELEIER: Prof. A. Carstens

November 1999
POTCHEFSTROOM

DANKWOORD

My opregte dank aan die volgende persone en instansies wat almal gehelp het om hierdie verhandeling moontlik te maak:

- ❖ My studieleier, mnr. Gerhard van Huyssteen, vir sy inspirasie, ondersteuning, geduld, raad en leiding;
- ❖ Prof. Adelia Carstens, vir haar waardevolle insette en raad;
- ❖ My ouers vir hul vertroue in my, aanmoediging, hulp en finansiële steun;
- ❖ Manus Potgieter, vir sy volgehoue ondersteuning en belangstelling, asook hulp met die skandering van illustrasies en uitleg van die teks;
- ❖ Vriende, familie en kollegas vir hul belangstelling en hulp, in besonder Jacolien, Adèle, Hettie, Thereza, Marina en Petro;
- ❖ Jacolien en Tjaart vir die gebruik van hulle drukkers;
- ❖ Personeellede van die Departement Afrikaans en Nederlands, PU vir CHO, vir hul belangstelling en insette;
- ❖ Personeellede van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hul vriendelike hulp;
- ❖ Die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) en Nederlandse Taalunie, wat fondse tot my beskikking gestel het vir die doel van hierdie navorsing. Menings wat uitgespreek en gevolgtrekkings wat gemaak is, is dié van die outeur, en moet nie noodwendig aan enige van hierdie instansies toegeskryf word nie; en
- ❖ Laastens my dank aan my Skepper wat vir my die vermoë en krag gegee het om hierdie verhandeling te voltooi.

ABSTRACT

Defining mechanisms in children's dictionaries

KEYWORDS

LEXICOGRAPHY; CHILDREN'S DICTIONARIES; LEARNER'S DICTIONARIES;
SEMANTIC INFORMATION; DEFINITIONS; ILLUSTRATIONS;
VERBAL/USAGE EXAMPLES

This thesis aims at answering the following questions: *What are the characteristics of a children's dictionary? What defining mechanisms are used to convey semantic information in the children's dictionary? What are the criteria for these mechanisms in order to be effective in the children's dictionary?*

In this study a children's dictionary is seen as a type of learner's dictionary which contains illustrations and limited verbal defining mechanisms. It is aimed at the linguistic and cognitive development of children between the ages of approximately four and nine. Chapter two deals with the definition and typification of the children's dictionary.

In chapter three the relation between language and conceptualisation is explored. Specific attention is given to aspects of categorisation, prototypes, semantic networks and lexical and conceptual relations. The task of the lexicographer is to convey semantic information in a way that is understandable for the target user of the dictionary. In children's dictionaries verbal definitions, illustrations and usage examples are identified as important defining mechanisms.

The structure and functions of definitions are investigated and different types of definitions are discussed. Eight criteria for effective definitions in children's dictionaries are identified.

The nature of illustrations in dictionaries is investigated. Different types of illustrations and functions of illustrations in dictionaries as well as children's literature are discussed, after which seven identified criteria for effective illustrations in children's dictionaries are given.

After a discussion of different types of usage examples and functions of usage examples in dictionaries, nine criteria are identified for the effective use of defining mechanisms in children's dictionaries.

In each case the relevant defining mechanism, as used in three children's dictionaries, is measured against the identified criteria.

One of the most important findings of this study is that the definition, illustration and usage example do not function separately in the children's dictionary. These three defining mechanisms have to be integrated to ensure maximum effectiveness. In chapter seven a summary of the findings is given and some examples dictionary articles are given where the defining mechanisms are integrated. Suggestions are also made for further studies.

UITTREKSEL

Verklaringsmeganismes in kinderwoordeboeke

SLEUTELTERME

LEKSIKOGRAFIE; KINDERWOORDEBOEKE;
AANLEERDERSWOORDEBOEKE; SEMANTIESE INLIGTING; DEFINISIES;
ILLUSTRASIES; VERBALE VOORBEELDMATERIAAL .

In hierdie verhandeling word daar gepoog om antwoorde op die volgende vrae te verskaf: *Wat is die kenmerke van 'n kinderwoordeboek? Hoe word verklarende inligting in kinderwoordeboeke oorgedra? Watter kriteria kan gebruik word as raamwerk vir die verklaringsmeganismes ten einde effektiewe oordrag van semantiese inligting in kinderwoordeboeke te verseker?*

Vir die doel van hierdie studie word die kinderwoordeboek gesien as 'n tipe aanleerderswoordeboek wat illustrasies en beperkte verbale verklaringsmeganismes bevat, en gerig is op die taal- en kognitiewe ontwikkeling van kinders tussen die ouderdomme van ongeveer vier en nege. Hoofstuk twee fokus op die definiëring en tipering van die kinderwoordeboek.

In hoofstuk drie word die verband tussen taal en konseptualisering belig deur spesifiek te verwys na aspekte van kategorisering, prototipes, semantiese netwerke en leksikale en konseptuele verhoudinge. Die leksikograaf se taak is om die leksikale eenheid te verklaar op 'n wyse wat vir die woordeboekgebruiker verstaanbaar is. Dit word gedoen met behulp van bepaalde verklaringsmeganismes. In kinderwoordeboeke word verbale definisies, illustrasies en verbale voorbeeldmateriaal geïdentifiseer as verklaringsmeganismes.

Die struktuur en funksies van leksikografiese definisies word ondersoek en verskillende tipes definisies word bespreek. Agt kriteria vir effektiewe definisies in kinderwoordeboeke word geïdentifiseer.

Daar word ondersoek ingestel na die aard van illustrasies in woordeboeke, asook verskillende tipes illustrasies en die funksies daarvan in die woordeboek, sowel as in kinderlektuur. Na aanleiding van die bespreking word sewe kriteria geïdentifiseer vir illustrasies in kinderwoordeboeke.

Nadat die verskillende tipes verbale voorbeeldmateriaal bespreek is, en die funksies daarvan in woordeboeke ondersoek is, word nege kriteria gestel vir effektiewe verbale voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke.

Daar is ook telkens gekyk na hierdie inligtingstipes in bestaande kinderwoordeboeke, en die bepaalde verklaringsmeganisme in hierdie kinderwoordeboeke is gemeet aan die kriteria wat gestel is.

Een van die belangrikste bevindinge van hierdie studie is dat die definisie, illustrasie en verbale voorbeeldmateriaal in die kinderwoordeboek nie afsonderlik funksioneer nie. Ten einde optimaal effektief te wees, moet hierdie drie inligtingstipes geïntegreerd aangebied word. In hoofstuk sewe word 'n samevatting gegee van die bevindinge van hierdie studie en enkele voorbeelde word verskaf waar die verskillende verklaringsmeganismes geïntegreerd aangebied word. Voorstelle word ook gemaak vir moontlike verdere studies.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	3
1.3	NAVORSINGSDOELSTELLINGS	5
	1.3.1 Algemene doelstelling	5
	1.3.2 Spesifieke doelstellings	5
1.4	HIPOTESE	5
1.5	METODE VAN ONDERSOEK	6
1.6	UITEENSETTING	7

HOOFSTUK 2: DIE KONSEP *KINDERWOORDEBOEK*

2.1	INLEIDING	9
2.2	VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE OP DIE KINDERWOORDEBOEK	9
2.3	TIPOLOGIESE POSISIONERING	11
2.4	AARD EN DOEL VAN KINDERWOORDEBOEKE	12
2.5	KOGNITIEWE ONTWIKKELINGSTADIA VAN DIE KIND	14
2.6	'N WERKDEFINISIE VIR DIE TERM <i>KINDERWOORDEBOEK</i>	16
2.7	SAMEVATTING	18

HOOFSTUK 3: TAAL EN KONSEPTUALISERING

3.1	INLEIDING	19
3.2	TAALTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE VERBAND TUSSEN TAAL EN KONSEPTUALISERING	19
	3.2.1 Dinamiese model	21
	3.2.2 Simboliese eenhede	21
	3.2.3 Prototipes	22
	3.2.4 Leksikale en konseptuele verhoudinge	25
	3.2.4.1 Antonimie	25
	3.2.4.2 Sinonimie	27
	3.2.4.3 Hiponimie	28
	3.2.4.4 Polisemie	29
	3.2.4.5 Homonimie	30
	3.2.4.6 Meronimie	30
	3.2.4.7 Samevatting	31
3.3	IMPLIKASIES VIR KINDERWOORDEBOEKE	32
3.4	SAMEVATTING	33

HOOFSTUK 4: VERBALE DEFINISIES IN KINDERWOORDEBOEKE – 'N KRITIESE BESKOUIING

4.1	INLEIDING	35
4.2	DIE LEKSIKOGRAFIESE DEFINISIE	36
	4.2.1 Verskillende perspektiewe op definisies	36
	4.2.2 Omskrywing van die term <i>leksikografiese definisie</i>	38
4.3	STRUKTUUR VAN DIE LEKSIKOGRAFIESE DEFINISIE	38

4.4	FUNKSIES VAN DEFINISIES	40
4.4.1	Verskaffing van betekenisinligting	40
4.4.2	Aanduiding van prototipiese gebruik	41
4.4.3	Bevordering van semantiese netwerkvorming	42
4.4.4	Verskaffing van grammatiese leiding	42
4.4.5	Samavatting	43
4.5	TIPES LEKSIKOGRAFIESE DEFINISIES	43
4.5.1	Genus-differentia-definisie	44
4.5.2	Ekstensionele definisie	46
4.5.3	Deskriptiewe definisie	46
4.5.4	Sirkeldefinisie	47
4.5.5	Deel-geheel-definisie	48
4.5.6	Sinoniemdefinisie	49
4.5.7	Pragmatiese definisies	51
	4.5.7.1 Ostensiewe definisie	51
	4.5.7.2 Kontekstuele/implisiete definisie	51
4.6	MOONTLIKE KRITERIA VIR EFFEKTIEWE DEFINIËRING	51
4.6.1	Vermyding van sirkeldefiniëring	52
4.6.2	Definiëring van woorde wat in die definiens gebruik word	52
4.6.3	Volledigheid	53
4.6.4	Helderheid en ondubbelsinnigheid	55
4.6.5	Eenvoud	55
4.6.6	Akkuraatheid	56
4.6.7	Konsekwentheid	57
4.6.8	Objektiwiteit en neutraliteit	58
4.6.9	Samevatting	59
4.7	EVALUERING VAN LEKSIKOGRAFIESE DEFINISIES IN KINDERWOORDEBOEKE	59
4.7.1	<i>My Eerste Woordeboek: 1000 woorde vir Suid-Afrikaanse seuns en dogters</i>	60
	4.7.1.1 Tipes leksikografiese definisies gebruik	60
	4.7.1.2 Definiëring van woorde wat in die definiens gebruik word	62
	4.7.1.3 Volledigheid	62
	4.7.1.4 Helderheid en ondubbelsinnigheid	63
	4.7.1.5 Eenvoud	64
	4.7.1.6 Akkuraatheid	64
	4.7.1.7 Konsekwentheid	65
	4.7.1.8 Objektiviteit en neutraliteit	66
	4.7.1.9 Samevatting	66
4.7.2	<i>Picture Dictionary for Children: 1500 words explained for the Young Reader</i>	67
	4.7.2.1 Tipes leksikografiese definisies gebruik	67
	4.7.2.2 Definiëring van woorde wat in die definiens gebruik word	68
	4.7.2.3 Volledigheid	69
	4.7.2.4 Helderheid en ondubbelsinnigheid	69
	4.7.2.5 Eenvoud	70
	4.7.2.6 Akkuraatheid	71
	4.7.2.7 Konsekwentheid	71
	4.7.2.8 Objektiviteit en neutraliteit	72
	4.7.2.9 Samevatting	72

4.7.3	<i>Sesamstraat Woordenboek</i>	73
4.7.3.1	Tipes leksikografiese definisies gebruik	74
4.7.3.2	Definiëring van woorde wat in die definiens gebruik word	75
4.7.3.3	Volledigheid	76
4.7.3.4	Helderheid en ondubbelsinnigheid	77
4.7.3.5	Eenvoud	77
4.7.3.6	Akkuraatheid	78
4.7.3.7	Konsekwentheid	78
4.7.3.8	Objektiwiteit en neutraliteit	78
4.7.3.9	Samevatting	79
4.8	SAMEVATTING	79

HOOFSTUK 5: ILLUSTRASIES IN KINDERWOORDEBOEKE – 'N KRITIESE BESKOUIING

5.1	INLEIDING	81
5.2	DIE AARD VAN ILLUSTRASIES IN WOORDEBOEKE	82
5.3	VERSKILLENDE TIPES ILLUSTRASIES IN WOORDEBOEKE	82
5.3.1	Tipering volgens wyse van voorstelling	83
5.3.1.1	Foto-illustrasies	83
5.3.1.2	Tekeninge	85
5.3.2	Tipering volgens aard van voorstelling	85
5.3.2.1	Enkele voorwerpe	85
5.3.2.2	Verskillende lede van dieselfde klas	87
5.3.2.3	Voorwerp en konteks	87
5.3.2.4	Funksie-illustrasie	88
5.3.2.5	Bepaalde konsep en verwante konsepte	89
5.4	FUNKSIES VAN ILLUSTRASIES	89
5.4.1	Funksies van illustrasies in woordeboeke	90
5.4.2	Funksies van illustrasies in kinderlektuur	91
5.4.3	Funksies van illustrasies in kinderwoordeboeke	92
5.4.3.1	Visuele trefkrag	93
5.4.3.2	Ondersteuning van die teks	94
5.4.3.3	Bevordering van kognitiewe ontwikkeling	96
5.4.3.4	Uitbreiding van die kind se ervaringswêreld	99
5.4.3.5	Samevatting	100
5.5	MOONTLIKE KRITERIA VIR ILLUSTRASIES IN KINDERWOORDEBOEKE	100
5.5.1	Kriteria vir illustrasies in woordeboeke	100
5.5.1.1	Bondigheid	100
5.5.1.2	Duidelikheid en volledigheid	101
5.5.1.3	Gepastheid ten opsigte van teikengebruiker	102
5.5.1.4	Teksondersteunend	102
5.5.1.5	Effektiewe gebruik van kleur	103
5.5.1.6	Samevatting	103
5.5.2	Kriteria vir illustrasies in kinderlektuur	104
5.5.2.1	Verbeeldingrykheid	104
5.5.2.2	Eenvoud	105
5.5.2.3	Kleurvol	105
5.5.2.4	Aksievol	105
5.5.2.5	Teksondersteunend	106
5.5.2.6	Samevatting	106

5.5.3	Moontlike kriteria vir illustrasies in kinderwoordeboeke	107
5.5.3.1	Bondigheid	107
5.5.3.2	Duidelikheid	108
5.5.3.3	Teksondersteunend	108
5.5.3.4	Aksievol	109
5.5.3.5	Kleurvol	110
5.5.3.6	Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker	111
5.6	EVALUERING VAN ILLUSTRASIES IN KINDERWOORDEBOEKE	112
5.6.1	<i>My Eerste Woordeboek: 1000 woorde vir Suid-Afrikaanse seuns en dogters</i>	112
5.6.1.1	Bondigheid	112
5.6.1.2	Duidelikheid	115
5.6.1.3	Teksondersteunend	118
5.6.1.4	Aksievol	119
5.6.1.5	Kleurvol	120
5.6.1.6	Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker	121
5.6.1.7	Samevatting	123
5.6.2	<i>Visuele Woordeboek vir Kinders: 'n Geïllustreerde woordvinder</i> ...	123
5.6.2.1	Bondigheid	124
5.6.2.2	Duidelikheid	127
5.6.2.3	Teksondersteunend	129
5.6.2.4	Aksievol	132
5.6.2.5	Kleurvol	133
5.6.2.6	Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker	135
5.6.2.7	Samevatting	135
5.6.3	<i>Mijn Eerste Woordenboek</i>	136
5.6.3.1	Bondigheid	136
5.6.3.2	Duidelikheid	139
5.6.3.3	Teksondersteunend	142
5.6.3.4	Aksievol	143
5.6.3.5	Kleurvol	145
5.6.3.6	Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker	146
5.6.3.7	Samevatting	148
5.7	SAMEVATTING	149

HOOFSTUK 6: VERBALE VOORBEELDMATERIAAL IN KINDERWOORDEBOEKE – 'N KRITIESE BESKOUIING

6.1	INLEIDING	150
6.2	FUNKSIES VAN VERBALE VOORBEELDMATERIAAL	151
6.2.1	Ondersteuning van die definisie	151
6.2.2	Aanduiding van leksikale en konseptuele verhoudinge	151
6.2.3	Verteenwoordiging van prototipiese gebruik	152
6.2.4	Verskaffing van grammatiese inligting	153
6.2.5	Bewys van bestaan van leksikale items	154
6.2.6	Weerspieëling van kulturele konteks	154
6.2.7	Samevatting	155
6.3	TIPES VERBALE VOORBEELDMATERIAAL	155
6.3.1	Sitate	156
6.3.2	Poëme	157
6.3.3	Voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke	158

6.4	KOMPONENTE VAN VERBALE VOORBEELDMATERIAAL	159
6.5	KRITERIA VIR VOORBEELDMATERIAAL IN KINDERWOORDEBOEKE	162
6.5.1	Volsinne	162
6.5.2	Reflektering van die taalwerlikheid	163
6.5.3	Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker	164
6.5.4	Duidelikheid	165
6.5.5	Weerspieëling van die primêre betekenis van die woord	166
6.5.6	Ondersteunende konteks	167
6.5.7	Onvervangbaarheid van die lemma	167
6.5.8	Neutraliteit	168
6.5.9	Sistematiese gebruik	169
6.5.10	Samevatting	169
6.6	EVALUERING VAN VERBALE VOORBEELDMATERIAAL IN KINDERWOORDEBOEKE	170
6.6.1	<i>My Eerste Woordeboek: 1000 woorde vir Suid-Afrikaanse seuns en dogters</i>	170
6.6.1.1	Volsinne	170
6.6.1.2	Reflektering van die taalwerlikheid	171
6.6.1.3	Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker	172
6.6.1.4	Duidelikheid	173
6.6.1.5	Weerspieëling van die primêre betekenis van die woord ..	174
6.6.1.6	Ondersteunende konteks	175
6.6.1.7	Onvervangbaarheid van die lemma	176
6.6.1.8	Neutraliteit	177
6.6.1.9	Sistematiese gebruik	179
6.6.1.10	Samevatting	180
6.6.2	<i>Picture Dictionary for Children: 1500 words explained for the Young Reader</i>	181
6.6.2.1	Volsinne	181
6.6.2.2	Reflektering van die taalwerlikheid	181
6.6.2.3	Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker	182
6.6.2.4	Duidelikheid	183
6.6.2.5	Weerspieëling van die primêre betekenis van die woord ..	184
6.6.2.6	Ondersteunende konteks	185
6.6.2.7	Onvervangbaarheid van die lemma	186
6.6.2.8	Neutraliteit	186
6.6.2.9	Sistematiese gebruik	187
6.6.2.10	Samevatting	187
6.6.3	<i>Sesamstraat Woordenboek</i>	188
6.6.3.1	Volsinne	188
6.6.3.2	Reflektering van die taalwerlikheid	189
6.6.3.3	Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker	189
6.6.3.4	Duidelikheid	191
6.6.3.5	Weerspieëling van die primêre betekenis van die woord ..	192
6.6.3.6	Ondersteunende konteks	192
6.6.3.7	Onvervangbaarheid van die lemma	193
6.6.3.8	Neutraliteit	194
6.6.3.9	Sistematiese gebruik	194
6.6.3.10	Samevatting	195
6.7	SAMEVATTING	195

HOOFSTUK 7: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING		
7.1	INLEIDING	197
7.2	SAMEVATTING	197
	7.2.1 Definies in kinderwoordeboeke	198
	7.2.2 Illustrasies in kinderwoordeboeke	199
	7.2.3 Verbale voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke	200
7.3	GEVOLGTREKKING	200
7.4	MOONTLIKE VERDERE NAVORSING	207
BIBLIOGRAFIE		208

HOOFSTUK 1

Probleemstelling, doelstellings en doelwitte

1.1 INLEIDING

"Wat is dit dié?" "Wat maak jy?" "Hoekom?" Hierdie vrae is bekend vir die meeste mense wat al met jong kinders in aanraking gekom het. Kinders is van nature nuuskierig en geïnteresseerd in die wêreld en nuwe dinge om hulle. Hulle is soos ontdekkingsreisigers wat alles wat vir hulle vreemd is, wil ondersoek en wil verstaan hoe alles werk.


Boeke speel 'n belangrike rol in die ontdekkingsreise van kinders, omdat die kind in boeke nuwe dinge ontdek en sy/haar ervarings- en verbeeldingswêreld op hierdie wyse uitbrei. Die kinderboekskrywer Elsabé Steenberg reken dat die kind reeds wanneer hy/sy skoolgaande ouderdom bereik "n verwoestende boekliefde moet hê" (Steenberg, 1986:44). Dit sal verseker dat die lesende kind 'n lesende volwassene word wat deurgaans nuwe dinge *ontdek*.

Die belangrike rol wat kinderboeke in die kind se ontwikkeling speel, is nie net tot sprokies en kinderverhale beperk nie. Die kinderwoordeboek, as informatiewe en vormende kinderboek, kan ook 'n belangrike bydrae lewer tot die kind se taal- en kognitiewe ontwikkeling, en dit kan net soveel plesier verskaf as 'n storieboek. So bevat die meeste kinderwoordeboeke, net soos storieboeke, kleurvolle illustrasies, en die teks is gewoonlik gerig op die begripvlak van die jong leser. Sommige woordeboeke maak gebruik van karakters wat regdeur die woordeboek gebruik word om die betekenis en/of gebruik van 'n woord aan die leser oor te dra, byvoorbeeld die karakters Simon, Tanya, Mvula, Nomsa en Jan in *My Eerste Woordeboek: 1000 woorde vir Suid-Afrikaanse seuns en dogters*. Hierdie karakters verskaf 'n verhaalelement aan die woordeboek, terwyl *Sesamstraat Woordenboek* met karakters soos die koekiemonster, Grover en die vampier, boonop ook humoristies is.

Wanneer daar vanuit 'n leksikografiese perspektief na kinderwoordeboeke gekyk word, is dit duidelik dat 'n mens te make het met 'n besondere woordeboek. Vergelyk byvoorbeeld die volgende woordeboekinskrywings wat onderskeidelik uit 'n handwoordeboek, aanleerderswoordeboek en kinderwoordeboek geneem is:

ys □s.nw. Water in vaste toestand; bevrore water. *Op die ys skaats ...*
 □ww. (geys) I So koud wees dat water ys word. *Vannog gaan dit ys.*
 2 Bewe van ang, afsku. *Ek ys daarvan. Ek ys as ek dink wat alles kon gebeur het...*
 (HAT³)

ys II(-)nw. Ys is water wat hard geword het omdat dit gevries het. *Kan ek asseblief ys in my koeldrank kry?...*
 II(het geys) ww. ① Wanneer iets ys, raak die water daarin ys. *Vannog ys al die pype weer toe van die koue;...* ② Wanneer 'n mens ys, word jy bang, of jy vrees dat iets kan gebeur, of dat dit reeds gebeur het. *Ek ys as ek dink hulle ry so fiets langs die besige padie;...*
 (Basiswoordeboek van Afrikaans)



Figuur 1.1 Uit *My Eerste Woordeboek*

Die woordeboekartikel in die kinderwoordeboek verskil duidelik van dié in die ander twee woordeboeke, veral in terme van groter lettertipes wat gebruik word, asook die aard van die definisies en voorbeeldmateriaal wat verskaf word. Ook verskil die voorkoms van die boek in 'n groot mate van "gewone" woordeboeke deur die gebruik van kleur, illustrasies en ook die formaat van die woordeboek.

In hierdie studie word hierdie idiosinkrasieë in kinderwoordeboeke juis onder die loep geneem. Daar sal spesifiek gefokus word op die wyses waarop die konseptuele inhoud van woorde aan kinders oorgedra word, sodat

- effektief aangesluit kan word by die begrips- en ontwikkelingsvlak van die betrokke woordeboekgebruiker, en
- taal- en kognitiewe ontwikkeling by die kind gestimuleer kan word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Lemmas in woordeboeke word gewoonlik van 'n verskeidenheid inligtingstipes voorsien. Volgens Gouws (1989:177), Hurford en Heasley (1988:177) en Svensén (1993:6), word die inligting wat in woordeboekartikels voorkom, hoofsaaklik in die volgende groepe verdeel:

- *fonologiese inligting*, byvoorbeeld hoe die woord uitgespreek word en waar die klem geplaas word;
- *grammatikale inligting*, wat verband hou met die sintaktiese, morfologiese, woordsoortonderskeiding en verbuigings van die lemma;
- *semantiese inligting*, wat verband hou met die betekenis van die lemma; en
- *pragmatiese inligting*, wat gebruikseiding in die vorm van etikette, voorbeeldmateriaal en illustrasies insluit.

Louw (1991:115) verklaar dat die verklarende leksikografie grootliks met betekenis te make het. Vir die deursneewoordeboekgebruiker is die semantiese inligting, ofiewel betekenis van die lemma, die belangrikste inligting in 'n verklarende woordeboek (vergelyk Otto, 1989:159; Svensén, 1993:14; Swanepoel, 1995:73). Gouws (1989:113) stel dit soos volg:

Vir die deursneewoordeboekgebruiker is betekenis die inligtingstipe wat die algemeenste in woordeboeke nageslaan word. As 'n mens na die struktuur van 'n woordeboekartikel kyk, is dit ook duidelik dat betekenisbeskrywing nie net die omvangrykste komponent van die artikel is nie, maar dat dit ook as die sentrale deel van 'n woordeboekartikel beskou moet word.

Dit is egter nie moontlik om die verskillende inligtingstipes in 'n woordeboekartikel in isolasie te bestudeer nie. So byvoorbeeld sal 'n mens die betekenis van 'n bepaalde lemma nagaan, maar ook 'n beter begrip van die woord kry met behulp van 'n gebruiksvoorbeeld of illustrasie in die woordeboekartikel. Dit blyk daarom dat die vier verskillende inligtingstipes wat onderskei is, saam bydra tot betekenisoordrag van die lemma. Binne die raamwerk van die kognitiewe linguistiek word hierdie siening sterk ondersteun deurdat daar van die standpunt uitgegaan word dat leksikale, ensiklopediese en pragmatiese inligting nie van mekaar geskei kan word nie, as gevolg van die komplekse aard van semantiese netwerke en kategorieë (vergelyk Geeraerts, 1995; Langacker, 1988b:57). Onder die term *semantiese inligting* moet daarom ook bepaalde aspekte van pragmatiese inligting, soos voorbeeldmateriaal en illustrasies, ingesluit word.

Dit is duidelik dat die aanbieding van semantiese inligting in woordeboeke 'n komplekse terrein binne die leksikografie is (vergelyk Lombard, 1991). Volgens Swanepoel (1995:85) bied ander dissiplines soos die kognitiewe linguistiek en psigolinguistiek nuttige perspektiewe om hierdie kompleksiteit te hanteer:

Die betekenis van 'n woord (of die leksikale konsep wat met 'n woord geassosieer word) (kan) slegs begryp word met die omvattender 'kognitiewe raam' of 'kennisstruktuur' wat dit voorveronderstel en wat die konsep as sodanig motiveer. Enige so 'n kognitiewe raam is 'n konstruk van kultuurspesifieke, gestruktureerde agtergrondkennis bestaande uit ons ervarings, verwagtings, aannames of praktyke waarteen die betekenis van 'n leksikale item gedefinieer word en waarvan kennis noodsaaklik is vir die korrekte begryp van die betekeniswaarde(s) van 'n woord.

In kinderwoordeboeke is die aanbieding van semantiese inligting nog meer problematies. Die feit dat daar nog relatief min leksikografiese navorsing gedoen is oor kinderwoordeboeke, bemoëlik die taak van die leksikograaf verder. In aansluiting hierby is die *kinderwoordeboek* as woordeboek tipe nog nie duidelik afgebaken binne die woordeboektipologie nie, en dit bemoëlik navorsing oor die onderwerp (vergelyk byvoorbeeld Butterworth, 1994; Corcoran, 1991; Geeraerts & Janssens, 1982; Landau, 1989). 'n Verdere probleem waarmee die leksikograaf te make het, is die beperkte verbale vermoëns van kinders. Die kleiner kind se woordeskat is nog nie baie uitgebreid nie, óf hy/sy kan nog nie lees nie, óf het nog net beperkte lees kennis. Dit impliseer dat die leksikograaf nie op verbale definisies alleen kan staatmaak om die lemma te definieer nie, maar ook gebruik moet maak van ander middele om semantiese inligting oor te dra, soos byvoorbeeld illustrasies en verbale voorbeeldmateriaal.

Bogenoemde is slegs enkele problematiese aspekte rondom die oordrag van semantiese inligting in kinderwoordeboeke. Op grond van hierdie preteoretiese probleembespreking, kan die volgende navorsingsvrae geformuleer word:

- Wat is die prototipiese kenmerke van die *kinderwoordeboek*?
- Op watter wyses word *verklarende inligting* in woordeboeke, en spesifiek in kinderwoordeboeke, oorgedra?;
- Wat is die *rol* en *status* van definisies, illustrasies en voorbeeldmateriaal onderskeidelik (as draers van semantiese inligting) in kinderwoordeboeke?
- Wat is die *kriteria* wat gestel kan word om die effektiewe oordrag van semantiese inligting in kinderwoordeboeke te bevorder?

1.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

1.3.1 Algemene doelstelling

Die breë doelstelling van hierdie studie is om die

- aard, en
- aanbieding

van verklarende inligting in kinderwoordeboeke te ondersoek. Na aanleiding daarvan sal gepoog word om 'n raamwerk voor te stel vir die effektiewe oordrag van verklarende inligting in kinderwoordeboeke.

1.3.2 Spesifieke doelstellings

Ten einde die bogenoemde algemene doelstelling te bereik, word die volgende spesifieke doelstellings voor oë gestel:

- om die *kinderwoordeboek* tipologies af te grens;
- om te bepaal op watter wyses *verklarende inligting* in bestaande woordeboeke, en spesifiek kinderwoordeboeke, oorgedra word;
- om die *rol* en *status* van definisies, illustrasies en voorbeeldmateriaal (as draers van semantiese inligting) in kinderwoordeboeke te bepaal; en
- om moontlike kriteria te identifiseer wat die effektiewe oordrag van verklarende inligting in kinderwoordeboeke sal bevorder.

1.4 HIPOTESE

Vanuit die konteks van die taalontwikkeling van die kind en 'n geïntegreerde kognitief-semantiese perspektief op die metaleksikografie, word dit hipoteties gestel dat:

- 'n kinderwoordeboek 'n tipe aanleederswoordeboek is, wat gerig is op die taal- en kognitiewe ontwikkeling van kinders van ongeveer vyf tot nege jaar oud;
- die aanbod van verklarende inligting in kinderwoordeboeke primêr geskied deur middel van 'n kombinasie van definisies, illustrasies en voorbeeldmateriaal;
- definisies, illustrasies en voorbeeldmateriaal as draers van verklarende inligting nie afsonderlik funksioneer in kinderwoordeboeke nie; en
- 'n effektiewe woordeboekartikel in 'n kinderwoordeboek gerig sal wees op die taal- en kognitiewe ontwikkeling van die kind, en ook visueel aantreklik sal wees.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie verhandeling word verslag gedoen van 'n *literatuurstudie* oor die mees effektiewe aanbieding van verklarende inligting in kinderwoordeboeke. In die literatuurstudie word ook spesifiek gefokus op relevante insigte vanuit die kognitiewe linguïstiek. Verskeie bronne word by die studie betrek, waaronder tydskrifartikels en literatuur in boekvorm. Die *Nexus*-basis van die RGN, asook *MLA* en *Eric* is geraadpleeg om meer inligting oor die onderwerp te kry.

Vanuit 'n kognitief-semantiese perspektief word die hantering van semantiese inligting in kinderwoordeboeke ondersoek deur dit te meet aan die bevindinge van die literatuurstudie. Die kriteria wat uit die literatuurstudie geëkstraheer is, word nie empiries getoets nie, aangesien dit buite die bestek van hierdie studie is. 'n Analise en toetsing van geselekteerde woordeboekartikels uit kinderwoordeboeke word gemaak aan die hand van die teoretiese beginsels en die gestelde hipoteses.

Die fokus van hierdie studie is eentalige, verklarende kinderwoordeboeke. Aangesien die korpus Afrikaanse kinderwoordeboeke redelik beperk is, word anderstalige kinderwoordeboeke ook by die studie betrek. Voorbeelde van kinderwoordeboeke wat bestudeer is, sluit in: *Visuele Woordeboek vir Kinders: 'n Geïllustreerde woordvinder* (Afrikaans), *My Eerste Woordeboek: 1000 woorde vir Suid-Afrikaanse seuns en dogters* (Afrikaans), *Sesamstraat Woordenboek* (Nederlands), *Mijn Eerste Woordenboek* (Nederlands) en *Picture Dictionary for Children* (Engels).

1.6 UITEENSETTING

Hoofstuk 1: Inleiding, probleemstelling, doelstellings en doelwitte

In hierdie hoofstuk is doelstellings vir die studie en relevante navorsingsvrae geformuleer. Hipoteses word ook gestel as preteoretiese antwoorde op die navorsingsvrae. Die hipoteses sal tot 'n groot mate rigtinggewend wees vir die studie.

Hoofstuk 2: Die konsep *kinderwoordeboeke*

Hoofstuk 2 word daar fokus op die kinderwoordeboek as woordeboek tipe. Verskillende perspektiewe op die kinderwoordeboek word ondersoek. Daar word ook gepoog om kinderwoordeboeke tipologies te karakteriseer, en 'n werkdefinisie vir *kinderwoordeboek* te formuleer.

Hoofstuk 3: Taal en konseptualisering

In hoofstuk 3 word taalteoretiese aspekte rondom verklarende inligting in woordeboeke ondersoek.

Hoofstuk 4: Definisies in kinderwoordeboeke - 'n kritiese beskouing

Verskillende perspektiewe op leksikografiese definisies word bespreek. Die funksies van definisies in woordeboeke word ondersoek, asook die struktuur van definisies. Moontlike kriteria word gestel vir die hantering van definisies in kinderwoordeboeke, en drie kinderwoordeboeke word gemeet aan hierdie kriteria.

Hoofstuk 5: Illustrasies in kinderwoordeboeke - 'n kritiese beskouing

Die funksies van illustrasies in kinderboeke en woordeboeke word ondersoek. Daar word ook na verskillende tipes illustrasies in woordeboeke gekyk, en kriteria vir die gebruik van illustrasies in kinderwoordeboeke word gestel. Die illustrasies in drie kinderwoordeboeke word gemeet aan hierdie kriteria.

Hoofstuk 6: Voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke - 'n kritiese beskouing

Verskillende tipes voorbeeldmateriaal word ondersoek, asook die funksies daarvan in die kinderwoordeboek. Moontlike kriteria vir voorbeeldmateriaal word gestel, en drie kinderwoordeboeke se voorbeeldmateriaal word ook aan hierdie kriteria gemeet.

Hoofstuk 7: Samevatting en gevolgtrekking

'n Samevatting van die bevindinge met betrekking tot die oordrag van die semantiese inligting in kinderwoordeboeke word ten slotte gemaak. Ook word, na aanleiding van die voorgestelde beginsels, enkele modelvoorbeelde van woordeboekartikels in kinderwoordeboeke ter illustrasie opgestel.

HOOFSTUK 2

Die konsep *kinderwoordeboek*

2.1 INLEIDING

In 'n studie oor verklarende meganismes in kinderwoordeboeke is dit belangrik om eerstens te bepaal wat bedoel word met die term *kinderwoordeboek*. Hierdie vraag is egter problematies, aangesien *kinderwoordeboek(e)* in 'n groot mate nog ongedefinieerd is. Nie net kwalifiseer verskeie *kinderboeke* waarskynlik as kinderwoordeboeke nie, maar die konsep *kind* (in die kinderwoordeboek) is vaag en nie duidelik gedefinieer nie.

Hierdie hoofstuk het ten doel om 'n duidelik omlynde werkdefinisie te skep vir die konsep *kinderwoordeboek* voordat verklarende meganismes in kinderwoordeboeke ondersoek word. Ten einde hierdie doel te bereik, sal verskillende perspektiewe op die kinderwoordeboek bespreek word. Daar sal ook gepoog word om die tipologiese posisionering van kinderwoordeboeke te bepaal. Verder sal daar ook aandag geskenk word aan die aard en doel van kinderwoordeboeke, asook die moontlike tekengebruikers van hierdie tipe woordeboeke.

2.2 VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE OP DIE KINDERWOORDEBOEK

Landau (1989:13-17) verduidelik dat Thorndike reeds in die dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu woordeboeke vir verskillende groepe skoolgaande kinders saamgestel het deur die psigologiese beginsels van leer toe te pas in die leksikografie. Sedertdien het baie kindgerigte woordeboeke die lig gesien. Landau (1989:14) klassifiseer hierdie woordeboeke volgens die ouderdomme van die tekengebruikers in drie groepe, te wete woordeboeke vir kinders tussen

- nege en veertien jaar,
- twaalf en sestien jaar, en
- vyftien en agtien jaar.

Landau (1989:14) maak nie daarop aanspraak dat hierdie onderskeiding waterdig is nie, aangesien hy byvoorbeeld nie die groep woordeboeke insluit wat gerig is op kleiner kinders nie. Dit word soos volg verduidelik (Landau, 1989:14):

There are also picture books, often called dictionaries, for beginning readers, but until the user has acquired the skills necessary to look up a word and read its definition, he is not using a dictionary, whatever it may be called.

Corcoran (1991:1988-1995) se onderskeid tussen verskillende kinderwoordeboeke verskil van dié van Landau (1989) in die opsig dat sogenaamde *prentwoordeboeke* ingesluit word. Hierdie woordeboeke is tematies georden en is gerig op voorskoolse kinders tot en met laerskoolkinders van ongeveer ses jaar oud. Corcoran (1991:1988-1995) hanteer alfabetiese woordeboeke met prente vir kinders tussen vyf en agt jaar afsonderlik, en noem dat hierdie woordeboeke eenvoudige woordeboekinskrywings bevat. Sy onderskei tussen tematiese en alfabetiese kinderwoordeboeke, maar hanteer albei onder die oorkoepelende term *kinderwoordeboeke*. Sy hanteer ook woordeboeke vir kinders tot en met veertien jaar onder hierdie term (Corcoran, 1991:1988-1995).

Butterworth (1994:137) sluit hierby aan deur te verwys na woordeboeke vir drie- tot sestienjariges as kinderwoordeboeke. Ook Geeraerts en Janssens (1982:130-133) tref in hul bespreking oor Nederlandse woordeboeke nie 'n onderskeid tussen woordeboeke vir kleiner kinders en woordeboeke vir skoolkinders nie.

Uit bogenoemde blyk dit dat daar in bestaande literatuur dikwels verwarring bestaan oor die onderskeid tussen prentwoordeboeke, kinderwoordeboeke en skoolwoordeboeke: al hierdie konsepte word dikwels inklusief onder die term *kinderwoordeboeke* gesien. Vir die doel van hierdie studie is dit egter belangrik om 'n definitiewe onderskeid te tref, aangesien die aanbieding van verklarende inligting in woordeboeke sal verskil na gelang van die ouderdom en kognitiewe ontwikkelingsvlak van die gebruiker.

Ten einde die konsep *kinderwoordeboek* af te grens, moet daar eers vasgestel word wat die wese van 'n kinderwoordeboek is. Die volgende faktore kan waardevolle riglyne in hierdie verband verskaf:

- tipologiese posisionering van kinderwoordeboeke;
- aard en doel van kinderwoordeboeke; en
- kognitiewe ontwikkelingsvlak van die tekengebruiker (kind).

2.3 TIPOLOGIESE POSISIONERING

Dit blyk uit bestaande literatuur dat kinderwoordeboeke en skoolwoordeboeke verwant is aan mekaar. Volgens Zgusta (1971) se klassifikasie kan hierdie woordeboeke tipologies geklassifiseer word as sinchroniese woordeboeke, omdat dit die woordeskat van 'n taal beskryf in die gegewe stadium van die taal se ontwikkeling. Die kind leer die gebruik van woorde soos dit op die huidige tydstep daar uitsien, sodat hy/sy hierdie kennis kan toepas in alledaagse gespreksituasies.

Gouws (1989:71-72), na aanleiding van Zgusta (1971), onderskei verder tussen vertalende (twee- of meertalige) en verklarende (eentalige) woordeboeke. Aanleeders- en skoolwoordeboeke word as pedagogies verklarende woordeboeke geklassifiseer, waar *aanleederswoordeboeke* "gerig is op 'n gebruiker wat 'n vreemde taal aanleer" (Gouws, 1989:71), byvoorbeeld *Basiswoordeboek van Afrikaans* (1994).

Ten opsigte van bogenoemde onderskeid is Zgusta (1971:197-221) se woordeboektipologie ontoereikend in dié sin dat dit nie voorsiening maak vir meertalige aanleeders- en skoolwoordeboeke nie. Kinderwoordeboeke word glad nie by die tipologiese klassifikasie ingesluit nie. In hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat kinderwoordeboeke, saam met skoolwoordeboeke en aanleederswoordeboeke, geklassifiseer kan word as pedagogiese woordeboeke waarin "die taalaanleerder sentraal staan" (Gouws, 1989:71).


In 'n aanleederswoordeboek word daar nie 'n beroep gedoen op die gebruiker se taalintuisie nie, en die verbetering van die aanleerder se kommunikatiewe vermoë is een van die primêre doelwitte (Gouws, 1989:71; Otto, 1989:19). Dit is ook wat beoog word met skool- en kinderwoordeboeke, omdat dit gerig is op gebruikers wat in 'n groot mate nog onbekend is met die betrokke taal, hetsy as moedertaal of 'n tweede/vreemde taal (vergelyk Butterworth, 1994:137; Menck, 1993:34-35). Sowel die skool- as die kinderwoordeboek besit dus eienskappe van 'n aanleederswoordeboek.

Waar 'n skoolwoordeboek gerig is op die taalkundige behoeftes van die skoolkind (Gouws, 1989:71), is 'n kinderwoordeboek gerig op die behoeftes van die kleiner kind wat pas begin lees het, en wat oor 'n beperkte woordeskat beskik (vergelyk Butterworth, 1994:137; Corcoran, 1991:1988-1989). Skoolwoordeboeke en kinderwoordeboeke kan dus van mekaar onderskei word op grond van die ouderdom, taal- en kognitiewe ontwikkeling van die teikengebruiker (vergelyk verder 2.4).

Hoewel Gouws (1989) die term *beperkte sinchroniese woordeboeke* toepas op eentalige woordeboeke, kan twee- of meertalige kinderwoordeboeke ook beskou word as beperkte woordeboeke, omdat die makrostruktuur daarvan die

(beperkte) woordeskate van kinders verteenwoordig. Tematiese ordening, soos dit dikwels in kinderwoordeboeke voorkom, verteenwoordig ook volgens Gourws (1989:67) 'n beperkte woordeboek.

Na aanleiding van Zgusta (1971) en Gourws (1989) se klassifikasie, kan kinderwoordeboeke tipologies geklassifiseer word as sinchroniese, beperkte pedagogiese woordeboeke, wat een- of meertalig kan wees. Dit word skematies in figuur 2.1 voorgestel.



Figuur 2.1 Skematiese voorstelling van die tipologiese klassifikasie van kinderwoordeboeke

2.4 AARD EN DOEL VAN KINDERWOORDEBOEKE

Volgens Butterworth (1994:137) het die vorm en inhoud van kinderwoordeboeke in die afgelope aantal jaar baie meer gebruikersgerig geword, wat beteken dat hierdie woordeboeke meer toeganklik is vir die teikengebruiker (die kind). Dit is gedoen deur byvoorbeeld gebruik te maak van prente by definiëring, asook sinne wat die betekenis verklaar en gebruikseiding gee. Volgens Geraerts en Janssens (1982:130-131) is daar drie vereistes waaraan 'n goeie kinderwoordeboek moet voldoen, naamlik:

- Dit moet die kinderwoordeskat bevat (met ander woorde mees frekwente woorde in die taal en die woorde wat eerste aangeleer word) en dit moet ook die betekenis gee van moeilike woorde waarmee die kind in die media te doen mag kry;
- Die definisies moet aangepas word, sodat dit eenvoudig en duidelik verstaanbaar sal wees vir die teikengebruikers van die woordeboek; en
- Dit moet eenvoudige grammatikale inligting, byvoorbeeld meervoudsvorme, asook die uitspraak van woorde aandui.

Bogenoemde inligting moet op 'n wyse aangebied word wat vir die kind maklik hanteerbaar, verstaanbaar en interessant sal wees. Die leksikograaf sal daarom moet let op die aanbieding van die inhoud, asook die fisiese aanbieding van die woordeboek.

Wat die makrostruktuur van kinderwoordeboeke betref, kan dit alfabeties of tematies hanteer word (vergelyk Corcoran, 1991:1988-1989). Ook die fisiese formaat van die kinderwoordeboek verskil van dié van 'n woordeboek vir volwassenes, deurdat dit gewoonlik helderkleurig is, groot in formaat is en 'n sterk omslag het. In die boek word gebruik gemaak van duidelike lettertipes, illustrasies en kleur, wat dit vir die kind aantreklik maak om sodoende sy/haar aandag te behou (Corcoran, 1991:1988).

Die doel van 'n kinderwoordeboek is egter nie net om die kind se woordeskat aan te vul nie. Butterworth (1994:137) merk tereg op:

If dictionaries existed just to fill in the gaps in a child's vocabulary, what would be the point of including in them any words the child is likely to know already?

Die oogmerke van kinderwoordeboeke sien in die algemeen soos volg daar uit (vergelyk Butterworth, 1994; Corcoran, 1991; Vorster, 1991):

- om **woordeskatuitbreiding** by eerste- en tweedetaalsprekers te bevorder, deur nie net bekende en maklike woorde in die makrostruktuur in te sluit nie, maar ook onbekende woorde (vergelyk Butterworth, 1994:137; Corcoran, 1991:1988; Geeraerts & Janssens, 1982:131);
- om die kind se **woordeboekvaardighede** te ontwikkel, met ander woorde die hantering van die woordeboek en hoe om inligting daaruit te verkry. So help alfabetiese woordeboeke byvoorbeeld die kind om die alfabet te leer (vergelyk Butterworth, 1994:137; Crous, 1992:7-8);

- om die **semantiese verhoudinge** tussen woorde aan te dui. Woordeboeke waarvan die trefwoorde tematies gerangskik is speel hier 'n belangrike rol, omdat dit betekenisverwante konsepte saam groepeer (vergeelyk Butterworth, 1994:37; Corcoran, 1991:1988; Menck, 1993:35);
- om kinders te help om **assosiasies** te maak tussen woorde en objekte, aksies en emosies (vergeelyk Corcoran, 1991:1988; Menck, 1993:35); en
- om **konseptuele raamwerke** daar te stel waarbinne woorde betekenis kry (vergeelyk Menck, 1993:36-37; Vorster, 1991:56-59).

Samevattend sien Butterworth (1994:137) die doel van kinderwoordeboeke soos volg:

What young people do with dictionaries should be informative but it should also be fun; informative because dictionaries are storehouses of knowledge, and fun because the central activity of using a dictionary is one that we never grow out of: a search.

2.5 KOGNITIEWE ONTWIKKELINGSTADIA VAN DIE KIND

Vir die leksikograaf wat met kinderwoordeboeke werk, is dit ook noodsaaklik om kennis te dra van die verskillende stadia van kognitiewe ontwikkeling by die kind. Die inligting wat in die woordeboek aangebied word, kan nie bloot 'n verkorte weergawe wees van dit wat in 'n woordeboek vir volwasse gebruikers gevind word nie (Svensén, 1993:23-23). Inligting in 'n kinderwoordeboek moet nie net so aangebied word dat die kind dit sal verstaan nie, maar dit moet ook 'n bydrae lewer tot sy/haar kognitiewe ontwikkeling.

Kognitiewe ontwikkeling sluit alle aspekte van die mens se kenvermoë in, en hou verband met sinuïglike waarneming, kommunikasie met ander mense en die algemene vermoë om inligting te verwerk (Louw *et al.*, 1991:11). Die Switserse psigoloog, Jean Piaget, het aangetoon dat kinders se denkwysse en hul waarneming van die wêreld beduidend verskil van dié van volwassenes. Na aanleiding van sy navorsing in hierdie verband, het hy die kognitiewe ontwikkeling van die kind in verskillende fases verdeel (vergeelyk Cairns & Cairns, 1976:224-225; Di Vesta, 1974:34-38; Piaget, 1971:116-122; Van der Westhúysen & Schoeman, 1988: 204-230; Woolfólk, 1995:29-41). In tabel 2.1 word Piaget (1971) se bevindinge uiteengesit.

Uit die verskillende ontwikkelingsstadia wat Piaget onderskei, blyk dit dat taal 'n wyse is waarop die kind met die werklikheid omgaan (Cruttenden, 1979:108). Dit is ook duidelik dat 'n kind se taalvermoë en kognitiewe denkvaardighede hand aan hand loop (Van der Westhuyzen & Schoeman, 1988:215). Cohen (1983:146) sluit hierby aan:

In the normal child, cognitive development occurs in parallel with maturation, with increasing experience and education, and with improving linguistic skills, and it is impossible to determine the effect of any of these factors in isolation. (Vergelyk ook Aitchison, 1990:356-357; Meyer 1987:243-279.)

Cohen (1983:146) noem egter dat daar sekere onsekerhede bestaan met betrekking tot die verskillende ontwikkelingsfasies wat tradisioneel onderskei word. So het 'n ander psigoloog, Vygotsky, wat ook navorsing gedoen het oor die ontwikkelingsfasies van die kind, drie stadia onderskei wat nie presies ooreenstem met dié wat Piaget (1971) onderskei het nie. Hierdie fasies van Piaget (1971) moet daarom nie beskou word as die laaste woord oor die verwantskap tussen taal- en kognitiewe vermoë nie. Vir die leksikograaf wat met kinderwoordeboeke werk, kan dit egter as 'n waardevolle riglyn dien wanneer die teikengebruiker ter sprake kom.

Fase	Ouderdom	Eienskappe
Sensomotories (baba)	0-±2	<ul style="list-style-type: none"> • Doeltreffende waarnemingsvermoë • Geheue en denke ontwikkel • Kennis is beperk tot onmiddellike omgewing • Babataal - eenwoord-fase • Kind word bewus van konsepte soos vorm en plek
Pre-operasioneel (kleuter)	±2-7	<ul style="list-style-type: none"> • Taal beïnvloed denke • Kan simbolies dink • Egosentriese denke • Ontwikkel 'n begrip van konservasie (vermoë om te verstaan dat bepaalde aspekte van 'n voorwerp dieselfde bly, al verander die voorkoms) • Herhaling van frases en sinne • Praat hardop • Begrip van werklikheid en taalvermoë, wat realiteit voorstel, ontwikkel

Fase	Ouderdom	Eienskappe
Konkreet-operasioneel (middelkinderjare)	±7-11	<ul style="list-style-type: none"> • Kan verhoudinge tussen verskillende kennisinhoud insien • Probleemoplossing • Konkrete denke (denke is beperk tot dit wat waarneembaar is; abstrakte begrippe word in konkrete terme omgesit) • Begrip en kennis van woorde vermeerder • Verskillende interpretasies/betekenis van woorde is verstaanbaar • Kan konsepte, soos volume, hoeveelheid en gewig onderskei
Formeel-operasioneel (adolessensie)	±11-17	<ul style="list-style-type: none"> • Redeneer hipoteties en deduktief • Suksesvolle probleemoplossing

Tabel 2.1 Piaget se fases van kognitiewe ontwikkeling by die kind

In 2.3 word genoem dat die kinderwoordeboek gerig is op die kind wat pas begin lees het en 'n beperkte woordeskat het (ongeveer vier/vyf jaar oud). Wanneer die fases wat Piaget (1971) in die ontwikkeling van die kind geïdentifiseer het in ag geneem word, sal die teikengroep van die kinderwoordeboek waarskynlik die kind tussen die pre-operasionele en konkreet-operasionele fases - die sogenaamde kleinkinderjare - wees, dit wil sê ongeveer tussen die ouderdom vandat die kind begin lees (vier/vyf) tot ongeveer nege jaar oud. In hierdie stadium speel taal 'n belangrike rol in die kognitiewe ontwikkeling van die kind, en die woordeboek kan dus 'n waardevolle bydrae lewer tot hierdie ontwikkelingsproses.

2.6 'N WERKDEFINISIE VIR DIE TERM *KINDERWOORDEBOEK*

Dit blyk uit die bespreking dat Landau (1989: 14) se indeling van woordeboeke vir kinders tussen die ouderdomme van nege en agtien as skoolwoordeboeke geklassifiseer kan word. Woordeboeke wat gefokus is op kinders wat pas begin lees het, dit wil sê ongeveer vyf- tot negejarige, word nie deur Landau (1989) erken as woordeboeke nie (sien 2.2). Aangesien hierdie boeke meestal alfabeties georden is met prente en eenvoudige woordeboekinskrywings (Corcoran 1991: 1988-1995), kan die ooreenkoms met 'n woordeboek duidelik gesien word, en daarom kan hierdie tipe boeke vir kinders as *kinderwoordeboeke* geklassifiseer word (vergelyk ook 2.2).

Die kinderwoordeboek moet egter hier onderskei word van die prentwoordeboek: 'n Prentwoordeboek bestaan uit illustrasies van konsepte met gepaste byskrifte wat as lemmas in die woordeboek dien. Hierdie tipe boek is gewoonlik ook tematies georden (vergelyk 2.2) en kan daarom eerder met 'n tesourus vergelyk word. So 'n woordeboek sal byvoorbeeld gepas wees vir kinders wat nog glad nie kan lees nie, of begin lees. 'n Kinderwoordeboek daarenteen sal tesame met die illustrasies ook verbale informasie soos definisies en/of voorbeeldmateriaal in die woordeboekartikel bevat, en aangesien die primêre ordeningstruktuur alfabeties is, kan dit met ander alfabeties geordende woordeboeke vergelyk word. Vir die doel van hierdie studie sal prentwoordeboeke nie gereken word as kinderwoordeboeke nie.

'n Kinderwoordeboek, as die kind se eerste woordeboek, is dus gerig op die kleuter en die kind aan die begin van die middelkinderjare. So 'n woordeboek kan 'n bydrae lewer om die kind wat in die pre-operasionele denkfase is, te lei tot konkreet-operasionele denke.

Vervolgens kan 'n werkdefinisie vir die term *kinderwoordeboek* geformuleer word:

'n *Kinderwoordeboek*, as informatiewe kinderboek, is 'n tipe verklarende aanleederswoordeboek wat illustrasies en eenvoudige verbale verklaringsmeganismes bevat, en gerig is op die taal- en kognitiewe ontwikkeling van kinders tussen die ouderdomme van ongeveer vier en nege jaar.

Uit bostaande bespreking volg dit ook dat kinderwoordeboeke die volgende kenmerkende eienskappe het:

- beperkte makrostruktuur;
- eenvoudige definisies en voorbeeldmateriaal;
- illustrasies;
- duidelike lettertipes;
- fisies groot in formaat; en
- kleurvol.

2.7 SAMEVATTING

Uit hierdie hoofstuk blyk dit duidelik dat die konsep *kinderwoordeboek* glad nie duidelik omtyn is in die literatuur nie en dat 'n verskeidenheid boeke dikwels inklusief onder hierdie term hanteer word. Dit is egter nodig om die terrein waarin hierdie studie gedoen word duidelik af te grens. Daarom is daar gepoog om 'n werkdefinisie daar te stel vir die term *kinderwoordeboek*.

Met die oog op die omskrywing van die term *kinderwoordeboek*, moes daar eerstens gekyk word na die tipologiese posisionering van die kinderwoordeboek, en dit is gevind dat die kinderwoordeboek as 'n een- of meertalige beperkte pedagogiese woordeboek geklassifiseer kan word. Ten einde hierdie studie duidelik af te grens, is daar besluit om net op eentalige kinderwoordeboeke te fokus.

Die aard en doel van die kinderwoordeboek is ook ondersoek en daar is aangetoon dat die kinderwoordeboek 'n belangrike rol kan speel in die taal- en kognitiewe ontwikkeling van die kind deurdat dit help met onder andere woordeskatuitbreiding, die daarstelling van konseptuele raamwerke, begrip van semantiese verhoudinge en die ontwikkeling van woordeboekvaardighede.

In aansluiting by die taal- en kognitiewe ontwikkeling van die kind, is die kognitiewe ontwikkelingsstadia van die kind ook bespreek ten einde te bepaal in watter ouderdomsgroep die teikengebruiker van die kinderwoordeboek sal val. Daar is voorgestel dat die geraamde ouderdom van die teikengebruiker tussen vier en nege jaar oud is, aangesien dit die fase is waarin taal 'n baie belangrike rol speel in die ontwikkeling van die kind.

Na aanleiding van bogenoemde inligting is 'n werkdefinisie vir die konsep *kinderwoordeboek* geskep. Voordat daar egter voortgegaan word om die verklarende meganismes in kinderwoordeboeke te ondersoek, word 'n taalteoretiese perspektief gegee op die verband tussen taal en konseptualisering.

HOOFTUK 3

Taal en konseptualisering

3.1 INLEIDING

Soos blyk uit die bevindinge van Piaget (1971), kan die teikengebruiker van die kinderveroordeboek al simbolies dink (dit wil sê dat woord-saakassiasies gevestig kan word). Die teikengebruiker beskik egter ook reeds oor vele ander konseptuele vermoëns, soos byvoorbeeld dat verhoudinge tussen kennisinhoudes ingesien kan word, prototipes gevorm word, verskillende interpretasies van woorde verstaanbaar is en die begrip en kennis van woorde vermeerder (met ander woorde die leksikon brei uit). In hierdie verhandeling word van die vooronderstelling uitgegaan dat blootstelling aan en interaksie met taal 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van hierdie vermoëns.

Om insig te verwerf in die funksionaliteit van verskillende tipes verklarende inligting in kinderveroordeboeke, is dit nodig om te kyk na perspektiewe rondom taal en konseptualisering. Aangesien die primêre objek van ondersoek in hierdie verhandeling talig van aard is, sal in hierdie hoofstuk gefokus word op die verband tussen taal en denke. Dat dit 'n polemiese kwessie is, is nie negeerbaar nie. Daar word egter nie hier gepoog om in dié debat betrokke te raak nie, maar eerder om konstrunkte te identifiseer wat handig kan wees om 'n beskrywing te gee van die oordrag van semantiese inligting in kinderveroordeboeke.

3.2 TAALTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE VERBAND TUSSEN TAAL EN KONSEPTUALISERING

Woorde en woordbetekenis vorm 'n sentrale deel van die mens se omgang met die werklikheid en kommunikasie met ander mense (Di Vesta, 1974:31). Hierdie rol van woorde en betekenis staan ook sentraal binne die kognitiewe linguistiek, wat veral fokus op semantiese aspekte van taal (Geeraerts, 1995:113; Langacker, 1988b:49).

Langacker (1988b:53) verduidelik dat 'n mens se kennis van die betekenis van 'n woord (of leksikale eenheid) 'n hele netwerk van betekenis omvat. Hierdie netwerk van betekenis hou verband met reeds bestaande kennis en ervaring van die werklikheid (vergelyk Lakoff, 1988:20). Saeed (1997:63) noem dat daar verskillende betekenisverwantskappe

bestaan tussen woorde, en dat die leksikon van 'n taal gesien moet word as 'n netwerk van betekenis, eerder as 'n lys van woorde. Geeraerts en Janssens (1982:21-23) ondersteun ook bogenoemde sienings:

Woorden kunnen verschillende vormen van inhoudelijk verband vertonen: zo kunnen groepjes woorden worden afgezonderd die zich alle op eenzelfde inhoudelijk terrein bevinden, of kan men woorden bij elkaar nemen die elkaars tegenstelde zijn, of juist dezelfde betekenis hebben. Een reeks woorden die samehoren doordat ze op hetzelfde inhoudelijke terrein liggen, heet in de taalkunde een semantisch veld..

Só 'n semantiese netwerk word deur Langacker (1991:2-3) gedefinieer as:

... a network, whose vertices (or 'nodes') are semantic, phonological, or symbolic units of any size or kind. Usually clusters around a prototype, these units are linked by categorizing relationships of elaboration and extension, each unit and each relationship having some degree of cognitive salience (ease of activation).

Aitchison (1994:82) stel dit dat 'n semantiese netwerk 'n "inter-connected system" is. Dit impliseer dat betekenis van woorde nie in isolasie gesien kan word nie, maar dat daar 'n komplekse web van betekenis is wat woorde en konsepte met mekaar verbind. So byvoorbeeld hou die woord *son* verband met die hemelliggame, soos *maan, sterre en planete*. Wanneer dieselfde woord egter binne 'n ander konteks gebruik word, kan dit geassosieer word met konsepte wat verband hou met lig, soos *gloeilamp, lig, kers, lamp* en *dag*.

Na aanleiding van bostaande kan die volgende werkdefinisie vir *semantiese netwerk* gedefinieer word:

'n Semantiese netwerk is 'n dinamiese model waarbinne simboliese eenhede (meestal) rondom 'n prototipe gegroepeer is. Die eenhede in so 'n semantiese netwerk staan in verskillende semantiese verhoudinge tot mekaar.

Vervolgens word enkele van die kembegrippe in hierdie definisie in meer detail toegelig.

3.2.1 Dinamiese model

Semantiese netwerke, volgens Ungerer en Schmid (1996:47-52), is nie onveranderlik nie. As gevolg van die verskillende semantiese verhoudinge wat tussen konsepte bestaan, kan verskillende semantiese netwerke nie van mekaar geïsoleer word nie. Binne die raamwerk van Lakoff en Johnson (1980) se eksperiensialisme, is dit ook duidelik dat semantiese netwerke afhanklik is van die individu se ervaringe. Hierdie netwerke is gedurig aan verandering onderworpe, omdat die mens telkens met nuwe inligting en ervaringe gekonfronteer word, wat verandering in die struktuur van semantiese netwerke teweeg bring (Aitchison, 1994:70-72). So 'n voorbeeld is die woord *web*. In *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT³)* word die volgende betekenisverklarings vir *web* gegee:

1. Weefsel
2. Spinnerak...
3. Swemvlies van 'n waterdier...

Met die ontwikkeling en uitbreiding van die rekenaar- en inligtingstechnologie en die toenemende gebruik van *Internet*, het die woord *web* 'n bykomende polisemiese waarde gekry, wat die struktuur van die betrokke semantiese netwerk uitbrei en verander.

3.2.2 Simboliese eenhede

Vanuit 'n kognitief-linguïstiese perspektief, noem Langacker (1988b:49) dat grammatikale struktuur simbolies van aard is, "i.e. it is fully describable by means of symbolic elements, each with both semantic and phonological content". Betekenisinhoud van 'n leksikale item (byvoorbeeld die konsep [BEES]) word gesimboliseer deur fonologiese strukture (met ander woorde as [be:s]). Tussen die semantiese en fonologiese strukture bestaan daar 'n simboliese verhouding (Langacker, 1995:105). Hierdie simboliese verhoudinge het wisselende grade van kompleksiteit en word bepaal deur onder andere simbolisering, kategorisering, verskansing, skematisering en komposisie (Langacker, 1999).

3.2.3 Prototipes

Aangesien simboliese eenhede in 'n semantiese netwerk meestal rondom 'n prototipe gegroep is, is dit belangrik om te definieer wat 'n prototipe is. Ten einde die konsep *prototipe* te kan verstaan, moet daar gekyk word na 'n breër raamwerk van kategorisering, en veral na die rol wat kategorisering speel by betekenis.

Studies wat binne die kognitiewe psigologie gedoen is, het aangetoon dat mense konsepte binne kategorieë en subkategorieë plaas (Cohen, 1983:22; Reed, 1988:52; Rosch & Lloyd, 1978). Op hierdie wyse word die volume inligting waarmee die mens elke dag gekonfronteer word, gehanteer en georganiseer.

Die kognitiewe linguistiek beskou taal as 'n sisteem waarbinne en waardeur kategorisering plaasvind:

Language, then, is seen as a repository of world knowledge, a structured collection of meaningful categories that help us deal with new experiences and store information about old ones.. The categorization function of the language imposes a structure on the world, rather than just a mirroring objective reality. Specifically, language is a way of organizing knowledge that reflects the needs, interests, and experiences of individuals and cultures. (Geeraerts, 1995:113.)

Kognitiewe kategorieë is die produk van die mens se klassifikasie en groepering van objekte en gebeure wat uit sy/haar oogpunt verwant is aan mekaar en bymekaar hoort (Dirven, 1996:30; Reed, 1988:152). Hierdie kategorieë kan nie duidelik van mekaar onderskei word nie. Dit bevat wel prototipes wat "goeie voorbeelde" uit die kategorie is en sentraal daarin staan (Swanepoel, 1990:53; Ungerer & Schmid, 1996:19).


Die prototipeteorie het in die sewentigerjare ontwikkel toe Eleanor Rosch die kognitiewe status van kleure by kinders ondersoek het (vergelyk o.a. Aitchison, 1994:52-56; Cohen, 1983:81-87; Rosch & Mervis, 1975). Volgens hierdie teorie het mense 'n basiese idee van 'n kategorie wanneer objekte geklassifiseer word. Hierdie basiese idee of "gemiddelde wete" (Reed, 1988:174; Van Jaarsveld, 1985:25) is die maatstaf waaraan objekte gemeet word wanneer dit gekategoriseer word. 'n Prototipe bevat baie van die eienskappe wat noodsaaklik is om die objek binne 'n kategorie te plaas, en dit het die meeste eienskappe in gemeen met ander lede van dieselfde kategorie (Cohen, 1983:82; Dirven, 1996:31). Dit is dus die eenheid wat verteenwoordigend is van die kategorie.

Hudson (1997:81) verduidelik hierdie konsep aan die hand van 'n voorbeeld: Tipiese kenmerke van 'n objek wat behoort tot die kategorie *wêl* sal byvoorbeeld insluit: [+ twee vierke] [+ twee bene] [+ snawel] [+ vere] [+ kan vlieg]

[+ maak nes in 'n boom] [+ lê eiers]. Wanneer hierdie kenmerke in ag geneem word, sal 'n *mossie* waarskynlik verteenwoordigend van die kategorie *voël* wees, omdat dit al bogenoemde kenmerke besit. Dit is ook (veral binne die Suid-Afrikaanse konteks) 'n voël wat algemeen voorkom, en daarom is baie mense bekend met hierdie tipe voël. 'n *Mossie* kan daarom gesien word as 'n prototipiese voël. 'n *Pikkewyn*, wat nie 'n nes in 'n boom maak nie, en 'n *volstruis*, wat nie kan vlieg nie, sal normaalweg nie as prototipes van hierdie kategorie gesien word nie. Hierdie voëls bevat minder van die kenmerke wat 'n prototipiese lid van die kategorie besit, en is daarom minder prototipiese lede van die kategorie *voël*. Die idee van prototipes kan verskil tussen individue, omdat mense se ervarings van die werklikheid verskil. So byvoorbeeld sal 'n *mossie* binne die Suid-Afrikaanse konteks waarskynlik 'n prototipiese *voël* wees, terwyl 'n ander spesie as prototipe sal dien in Europese lande of die V.S.A.

Rosch se prototipeteorie stem in 'n groot mate ooreen met Wittgenstein (1953) se "family resemblances" of familieverwantskappe (Cuyckens, 1995:183-184). Laasgenoemde behels dat lede van 'n bepaalde kategorie aan mekaar verwant is deur bepaalde ooreenkomste, sonder dat dit noodwendig dieselfde eienskappe besit (Lakoff, 1987:12). 'n *Volstruis* word byvoorbeeld nie gereken as 'n tipiese *voël* nie, maar dit word as 'n *voël* geklassifiseer omdat dit ooreenkomste toon met ander *voëls* soos die *flumink* (albei het lang nekke) (Ungerer & Schmid, 1996:26-27). Die familieverwantskap is dus die eienskap(pe) wat lede van 'n kategorie met mekaar in gemeen het, maar alle lede van die kategorie besit nie al hierdie eienskappe nie (vergeelyk ook Cohen, 1983:82; Pulman, 1983:113-122).

Daar word gereken dat die organisering van kategorieë op drie hiërargiese vlakke plaasvind, naamlik: superordinaat-, basis- en subordinaatvlak (vergeelyk Reed, 1988:158; Taylor, 1989:46-51). Hierdie onderskeid kan die beste geïllustreer word aan die hand van 'n voorbeeld:



Figuur 3.1 Hiërargiese vlakke van kategorisering

Die basisvlak word deur verskeie navorsers aangewys as die belangrikste vlak van kategorisering (Reed, 1988; Ungerer & Schmid, 1996). Volgens Lakoff (1988:183) is die basisvlak daardie vlak van kategorisering waarop mense effektief

inligting uit hul omgewing bewerk, stoor en kommunikeer. Dit is die vlak waarvan mense die meeste kategorielede ken en ook die vlak wat gebruik word om die meeste voorbeelde mee te kategoriseer. *Hond* kan byvoorbeeld gekategoriseer word as *dier*, *soogdier*, *troeteldier*, *omnivoor*, ensovoorts, terwyl *foksterriër* meestal slegs gekategoriseer word as *hond*.

Miller en Gildea (1987:87) verduidelik dat kinders woorde en die betekenis daarvan in twee fases aanleer. Die eerste fase behels dat die kind die woord binne 'n bepaalde semantiese kategorie plaas, byvoorbeeld *appel* sal saam met *piesang*, *lemoen* en *peer* in 'n kategorie geplaas word. Wanneer 'n kind byvoorbeeld gevra word om uit 'n verskeidenheid voorwerpe 'n appel te identifiseer, sal hy/sy dalk verkeerdelik na 'n ander vrug wys, maar gewoonlik nie na 'n lid van 'n totaal ander kategorie soos 'n motor of 'n boek nie. In die tweede fase, wat langer duur en moeiliker is as die eerste fase, bepaal die kind die verskille tussen lede van dieselfde kategorie.

Eleanor Rosch het die basisvlak geïdentifiseer as die vlak wat kinders eerste aanleer (Cohen, 1983:84; Reed, 1988:158). Swanepoel (1990:54-55) noem ook dat basisvlakke kategorieë eerste verwerf word, en dat die prototipe van elke kategorie eers verwerf word en later die grensgevalle binne die kategorie. Dit gebeur waarskynlik omdat die meeste inligting oor 'n konsep op hierdie vlak verkry word met die minste kognitiewe inspanning (Ungerer & Schmid, 1996:68).

Basisvlakke kategorisering is 'n belangrike aspek wat in gedagte gehou moet word by die oordrag van semantiese inligting in kinderwoordeboeke. Dit sal onder andere impliseer dat die leksikograaf van die kinderwoordeboek die semantiese inligting in die woordeboek op die basisvlak sal aanbied, aangesien dit die vlak is wat vir hulle die maklikste is om te begryp. Cohen (1983:91) sluit hierby aan: "The child must learn to select the level of categorization required to make unambiguous reference in a given context." So byvoorbeeld word *haai* in *My Eerste Woordeboek* soos volg gedefinieer:

haai 'n **Haai** is 'n baie gevaarlike vis. Hy het baie skerp tande.

In bogenoemde voorbeeld is *haai* die subordinaat en *vis* die basisvlak. 'n Prototipiese vis het byvoorbeeld die volgende eienskappe: [+ leef in water] [+ vinne] [+ swem] [+ skubbe]. Hoewel 'n haai nie skubbe het nie, en prototipiese visse nie tande het nie, word haaie wel geklassifiseer as visse, omdat dit baie eienskappe met visse in gemeen het. Aangesien *vis* vir die kind 'n bekende konsep sal wees (na aanleiding van Rosch se bevindinge; vergelyk ook Swanepoel, 1990:54-55), sal dit makliker wees om te begryp wat die konsep *haai* beteken, omdat hy/sy reeds 'n begrip het van sekere eienskappe wat 'n vis besit.

3.2.4 Leksikale en konseptuele verhoudinge

Ungerer en Schmid (1996:19) verduidelik dat kategorieë nie altyd duidelik van mekaar onderskei kan word nie: "The boundaries of cognitive categories are fuzzy, i.e. neighbouring categories are not separated by rigid boundaries, but merge into each other." (Vergelyk ook Swanepoel, 1991:246.) Verskillende kategorieë kan verskillende konsepte omvat wat verwant is aan mekaar, of een konsep kan binne verskillende kategorieë geplaas word. 'n Voorbeeld van so 'n konsep is *dolfin*, wat onder die kategorie *soogdiere* geplaas word, maar ook onder die kategorie *seediere* val, wat die meeste van die ander bekende soogdiere uitsluit. Op hierdie wyse word 'n komplekse semantiese netwerk gevorm (Saeed, 1997:38). Aangesien die verhouding tussen die fonologiese pool (die woord) en die semantiese pool (die konsep) simbolies is (vergelyk 3.2.2), word die woorde wat verwys na bepaalde entiteite in die begripswêreld (konsepte) ook in die kategorieë verbind (vergelyk Langacker, 1987:60). Verskillende leksikale en konseptuele verhoudinge ontstaan uit hierdie netwerk van betekenis.

Dirven en Verspoor (1999:31-57) onderskei tussen onomasiologiese en semasiologiese verhoudinge. Die onomasiologiese benadering beskou die konsep wat beskryf word as uitgangspunt, en ondersoek die woorde wat die bepaalde konsep kan benoem. Onomasiologiese verhoudinge sluit antonimie, sinonimie en hiponimie in. Semasiologiese verhoudinge sluit polisemie en homonimie in. Die uitgangspunt van hierdie benadering is die woord. Dit bestudeer die verskillende betekenis van die woord en die verband tussen hierdie betekenis, asook die verhouding tussen die betekenis en die konsep.

Vervolgens word hierdie verskillende verhoudinge bespreek aan die hand van voorbeelde.

3.2.4.1 Antonimie

Aitchison (1987:74-75) beskou teenoorgesteldes soos volg: "... they are co-ordinates in a group consisting of only two members..., or they are the two commonest members in a larger group." In eksperimente wat gedoen is om 'n beter begrip te vorm van semantiese netwerke, is woordassosiasietoetse gebruik (Aitchison, 1987:73-74). Daar is bevind dat die subjekte wat gebruik is in die studie meestal koördinate gebied het as reaksie op 'n woord, dit wil sê woorde wat op dieselfde vlak van kategorisering is (Aitchison, 1987:74). Ook kinders is van kleins af bewus van teenoorgesteldes, byvoorbeeld: *Ek is 'n dogtertjie en jy is 'n seuntjie*.

Tradisioneel word antonieme gesien as woorde met teenoorgestelde betekenis, byvoorbeeld *koud* en *warm*. Saeed (1997:66) verduidelik egter dat daar verskillende betekenisverwantskappe bestaan tussen teenoorgesteldes. So is daar byvoorbeeld woorde wat verwant is aan mekaar, maar tog in kontras met mekaar staan, soos *kat* en *hond*. Albei hierdie woorde verwys na diere, maar dit word dikwels teenoor mekaar gestel, byvoorbeeld in die uitdrukking *soos kat en hond baklei*. De Stadler (1989:81-87) en Saeed (1997:66-68) onderskei die volgende tipes antonieme:

- *Komplementêre antonieme*

Voorbeelde van komplementêre antonieme is:

slaag x *druip*
manlik x *vroulik*
dood x *lewendig*

Opvallend van hierdie tipe antonieme is dat dit wat gestel word oor die een noodwendig die ander sal uitsluit. So byvoorbeeld kan iets/iermand wat *dood* is nie *lewendig* wees nie, en iets/iermand wat *lewendig* is, kan nie *dood* wees nie.

- *Gradeerbare antonieme*

Voorbeelde van gradeerbare antonieme is:

koud x *warm*
jonk x *oud*
groot x *klein*

Gradeerbare antonieme verteenwoordig nie noodwendig twee ekstreme punte van 'n kontinuum nie, maar kan verskillende afstande van die middelpunt af lê. So byvoorbeeld kan *jonk* 'n antoniem wees van *middeljarig*, *stokoud*, of *bejaard*. Om as antonieme gereken te kan word, moet die lede van die antoniempaar egter aan weerskante van die middelpunt op die kontinuum lê. So byvoorbeeld kan *bejaard* en *oud* nie as antonieme gereken word nie, omdat dit aan dieselfde kant van die middelpunt van die kontinuum lê.

- *Omgekeerde antonieme*

Antonieme van hierdie aard word meestal aangetref by woordpare wat te make het met beweging en prosesse wat omkeerbaar is. Die verhouding tussen die woordpare is hier van belang, byvoorbeeld:

bo x *onder*
koop x *verkoop*

Omgekeerdheidsverhoudinge impliseer nie die ontkenning van die teenoorgestelde nie. Wanneer hierdie antonieme met mekaar vervang sou word in bepaalde kontekste, word die verhouding anders uitgedruk, byvoorbeeld wanneer iemand iets *koop*, impliseer dit outomaties dat iets *verkoop* word.

- *Kategorieverwante antonieme of kontras*

By hierdie vorm van antonimie is daar nie sprake van binêre kontras (woordpare, of twee woorde wat die teenoorgesteldes van mekaar is) nie. Binne 'n bepaalde kategorie kan lede van so 'n kategorie beskou word as antonieme van mekaar. Voorbeelde sluit in:

- a) *Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag, Saterdag, Sondag*
- b) *reghoek, vierkant, driehoek, sirkel*
- c) *rooi, oranje, geel, groen, blou, pers, swart*

Hierdie tipe antonieme het met mekaar iets in gemeen in dié sin dat dit almal lede is van 'n gemeenskaplike kategorie, byvoorbeeld dae van die week in eersgenoemde voorbeeld. Dit is egter teenoorgesteldes van mekaar in die opsig dat *Sondag* nie *Maandag* kan wees nie en *Maandag* nie *Woensdag* nie, ensovoorts. Die betekeniswaardes van die verskillende lede van die kategorie is in opposisie met mekaar en onvervangbaar.

- *Idiomatiese antonieme*

Daar is baie woordpare wat op dieselfde vlak van kategorisering is, wat tradisioneel beskou word as antonieme, alhoewel dit nie logies is nie, byvoorbeeld:

sout x *peper*

tee x *koffie*

mes x *vuur*

3.2.4.2 **Sinonimie**

Sinonimie is die semantiese verhouding waar woorde met min of meer dieselfde betekenis saam gegroepeer word (Akmajian *et al.*, 1995:225). Vanuit 'n kognitief-linguistiese raamwerk, word geredeneer dat dit selde gebeur dat twee woorde presies dieselfde kognitiewe en emotiewe betekenis in alle kontekste het (De Stadler, 1989:77; Givón, 1995:58). De Stadler (1989:77-80) noem dat sinonieme op verskillende vlakke van mekaar kan verskil:

- Sommige sinonieme verskil van mekaar ten opsigte van deskriptiewe (of kognitiewe) betekenis, byvoorbeeld:

vader x *pa*

- a) Jan is Sarie se *vader/pa*.
- b) Noam Chomsky is die *vader/*pa* van die Generatiewe Taalkunde.

- Sommige sinonieme verskil van mekaar ten opsigte van emotiewe waarde, al het dit dieselfde deskriptiewe betekenis.

Voorbeelde sluit in:

- a) *polisieman* x *poot*, waar daar dikwels 'n negatiewe konnotasie aan *poot* gekoppel word.
- b) *sparsaam* x *stunig*, waar eersgenoemde neutraal is teenoor die tweede woord wat 'n perofatiewe waarde het.

- Sinonieme wat van mekaar verskil ten opsigte van verskillende groeperinge waarin dit gebruik word, byvoorbeeld:

- a) dialektiese verskille: *eikeboom* x *akkerboom*
- b) verskille tussen leek en vakkenners: *dybeen* x *femur*
- c) verskille tussen sosiale groepe: *gevangenis* x *tjoekie*

Uit bogenoemde blyk dit dat volkome sinonimie selde voorkom. Wat wel duidelik na vore kom, is dat daar definitiewe semantiese ooreenkomste is tussen sinonieme. Hierdie ooreenkomste strek in die meeste gevalle nie tot alle betekenisfasette van die sinonieme nie, en as gevolg van die ooreenkomste en verskille ontstaan daar dan 'n woordveld (Van Jaarsveld, 1990:39). Op hul beurt vorm woordvelde deel van semantiese netwerke.

3.2.4.3 Hiponimie

Sekere woorde sluit outomaties ander in, of dit oorvleuel in 'n groot mate met mekaar (Langacker, 1987:377). Hiponimie is die semantiese verhouding tussen woorde wat hierdie insluiting en oorvleueling van betekenis hanteer (Botha, 1989:91; Saeed, 1997:68). Só is die terme *mossie*, *pikkewyn* en *volstruis* hiponieme van *voël(s)*, wat op sy beurt weer, saam met *vis* en *soogdier*, 'n hiponiem is van *dier*. Hiponimie hou ook verband met verskillende kategoriseringsvlakke (Swanepoel, 1990:139; vergelyk ook 3.2.3). In bogenoemde voorbeeld sal *voël* gereken kan

word as behorende tot die basisvlak van kategorisering, terwyl *dier(e)* die superordinaat is. De Stadler (1989:89) wys daarop dat daar 'n stel algemene woorde bestaan wat as superordinate dien, byvoorbeeld: *ding, persoon, plek, dier*, ensovoorts.

3.2.4.4 Polisemie

Binne prototipekategorieë speel polisemie 'n prominente rol. Dirven en Verspoor (1999:36) noem dat konseptuele én leksikale kategorieë uit prototipiese en minder prototipiese lede bestaan. Lede van 'n bepaalde leksikale kategorie het daarom verskillende, maar verbandhoudende betekenisse. Polisemie hou verband met hierdie leksikale items wat deur middel van onder andere metonimie en metafoer 'n netwerk van verwante betekenisse opbou (Carstens, 1992:116; De Stadler 1992: 132; Dirven & Verspoor, 1999:39-41).

'n Kenmerk van prototipekategorieë is dat daar nie 'n oorkoepelende definisie gegee kan word wat al die verskillende betekenisonderskeidinge ondervang nie (Swanepoel, 1991:246). As selfstandige naamwoord, ken *Basiswoordeboek van Afrikaans* (voortaan *BW*) byvoorbeeld die volgende polisemiese waardes aan *lig* toe:

- i) Lig is 'n straling wat van die son, 'n gloeilamp, vuur, ens. kom. Dit maak voorwerpe waarop dit skyn vir 'n mens sigbaar. Sonder lig sal 'n mens niks kan sien nie.
- ii) 'n Lig is 'n voorwerp wat lig versprei.
- iii) (*fig*) 'n Lig is die skielike insig wat 'n mens in 'n saak kry, die duidelikheid oor 'n aangeleentheid of die oplossing van 'n probleem.

Volgens Swanepoel (1991:254) is 'n verdere kenmerk van prototipekategorieë dat alle lede van die kategorie nie gelyke status het nie (vergelyk ook Dirven & Verspoor, 1999:36). Die mees prominente lid van die kategorie is die prototipe (vergelyk 3.2.3), of dominante betekenisonderskeiding. Die dominante betekenisonderskeiding is egter nie maklik om te bepaal nie, aangesien mense verskil en daarom ook verskillende waardes het vir die woorde wat hulle gebruik (De Stadler, 1989:66; Dirven & Verspoor, 1999:36-37; Swanepoel, 1991:254-260).

3.2.4.5 Homonimie

Homonimie word beskryf as die verskynsel dat twee woorde toevallig presies dieselfde fonologiese en ortografiese vorm het, maar betekenis verteenwoordig wat nie verwant is aan mekaar nie (De Stadler, 1989:63; Van Jaarsveld, 1990: 41).

Na aanleiding van die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (voortaan *HAT*³) en *BW* kan drie verskillende betekenis van die homoniem *lig* gegee word:

- i) Iets wat die donker wegneem (*selfstandige naamwoord*).
- ii) Nie swaar nie, met ander woorde 'n term wat te make het met gewig (*byvoeglike naamwoord*).
- iii) Om 'n voorwerp te beweeg na 'n hoër vlak (*werkwoord*).

Daar word verder onderskei tussen verskillende grade van homonimie, waaronder *homofone* en *homograwe* (De Stadler, 1989:63; Saeed, 1997:63). Twee vorme word as homofone geklassifiseer wanneer die fonologiese vorm eenders is, maar die spelling verskil, byvoorbeeld *rys* en *reis*. Wanneer die spelling dieselfde bly, maar die fonologiese vorme verskil, is die twee vorme homograwe, byvoorbeeld *pers* (media) en *pers* (kleur). Hoewel daar geen semantiese verhouding bestaan tussen die verskillende leksikale items nie, kan dit vanuit 'n kognitiewe perspektief geargumenteer word dat die verhouding tussen homonieme psilogies van aard is. Taalgebruikers, en veral aanleerders van die taal, kan moontlik die verskillende betekenis verwar as gevolg van die leksikale ooreenkoms.

3.2.4.6 Meronimie

De Stadler (1989:91, 100) en Saeed (1997:70-71) onderskei 'n verdere semantiese verhouding, naamlik meronimie. Dit dui op die deel-geheel-verhouding tussen woorde. Meronimie impliseer hiërargiese vlakke wat afhanklik is van die taalgebruiker se persepsie van die deel en die geheel. 'n Voorbeeld hiervan is *naels* wat deel is van die *vinger*, wat deel is van die *hand*.

Ander voorbeelde van 'n meronimiese verhouding tussen woorde is:

saal as deel van *fiets*

wiel as deel van *motor*

dak as deel van *huis/gebou*

Dit is byvoorbeeld deel van die konsep van *dak* dat dit in verband gebring kan word met die konsep *huis/gebou* (De Stadler, 1989:91). Dit is duidelik dat daar 'n oorvleueling is van konseptuele kategorieë.

3.2.4.7 Samevatting

Net soos verskillende konsepte in bepaalde verhoudinge tot mekaar staan, staan die woorde wat na hierdie konsepte verwys in verskillende semantiese verhoudinge tot mekaar. Dirven en Verspoor (1999:31-57) onderskei tussen onomasiologiese (antonimie, sinonimie en hiponimie) en semasiologiese (polisemie en homonimie) verhoudinge. Akmajian *et al.* (1995:227) noem dat semantiese verhoudinge die verskillende eenhede in die semantiese netwerk met mekaar verbind, en op hierdie wyse vorm die taalgebruiker 'n begrip van 'n bepaalde eenheid of woord.

In die geval van volwassenes is die knooppunte van semantiese netwerke grootliks gedefinieer, terwyl kinders meestal nog leer om verbande te lê tussen dinge wat volwassenes as verwant beskou (Aitchison, 1987:95). Clark (1995:309) sluit hierby aan:

Children often appear to assign some meaning right away to a word,... As soon as children identify a possible meaning, a word enters their repertoire and is available for use. But it may take them years to add to and adjust that initial meaning before it corresponds with the conventional use among adults.

Dit is vir die leksikograaf belangrik om bewus te wees van hierdie kognitiewe aspekte van betekenis, ten einde semantiese inligting met betrekking tot 'n leksikale eenheid doeltreffend in die woordeboek oor te dra. Vervolgens sal daar aandag geskenk word aan die wyse waarop hierdie semantiese inligting in woordeboeke oorgedra word.

3.3 IMPLIKASIES VIR KINDERWOORDEBOEKE

Die leksikograaf wat met 'n kinderwoordeboek besig is, word voor 'n uitdaging gestel deurdat die teikengebruiker se woordeskat nog nie baie uitgebreid is nie, en hy/sy nog besig is om sy/haar wêreld ondersoek en te verken. Die leksikograaf moet daarop fokus om die vorming van kategorieë by die kind te bevorder en te help om semantiese netwerke daar te stel wat die kind sal help om nie net die woorde nie, maar ook die wêreld om hom/haar te verstaan. Die kognitiewe ontwikkeling van die kind moet dien as riglyn vir die leksikograaf om inligting oor te dra.

Die volgende vrae ontstaan nou:

- Watter verklaringsmeganismes kan aangewend word in kinderwoordeboeke?
- Aan watter vereistes moet hierdie verklaringsmeganismes voldoen om effektief te wees?

Gouws (1989:113) onderskei tussen drie hoofgroepe semantiese inligting in woordeboeke, naamlik:

- verklaring van betekenis;
- aanduiding van betekenisbetrekkinge; en
- weergawe van vertaalekwivalente (in vertalende woordeboeke).

Svénen (1993:6) tref 'n duidelike onderskeid tussen semantiese, ensiklopediese en pragmatiese inligting in die woordeboek. Ensiklopediese inligting sluit illustrasies, saakbeskrywings en gebruiksbekrywings in. Pragmatiese inligting behels gebruiksheidsaanwysing van die lemma deur middel van verbale voorbeeldmateriaal, en beperkinge op die gebruik van die leksikale eenheid deur die voorsiening van etikette. Volgens Gouws (1989:186) is ensiklopediese inligting nie gerig op die betekenisbeskrywing van die lemma nie.

Volgens die uitgangspunte van die kognitiewe linguïstiek kan daar nie 'n definitiewe onderskeid getref word tussen taalkennis en ensiklopediese kennis nie (vergelyk Dirven, 1996:29; Langacker, 1988:57). Vanuit 'n kognitiewe perspektief is dit daarom belangrik dat pragmatiese en ensiklopediese inligting ook geïntegreer moet word met sogenaamde taalkundige inligting in die woordeboek, aangesien die mens se taalkennis nie onafhanklik staan van sy/haar belewing van die werklikheid nie.

Die verskillende tipes inligting wat daartoe bydra om die betekenis (konseptuele inhoud) van die woord duideliker te maak vir die gebruiker, word met behulp van verskillende meganismes oorgedra. Al hierdie meganismes kan onder die oorkoepelende term *verklarende meganismes* ingesluit word. Gevolglik kan die verklarende meganismes wat in woordeboeke aangetref word hoofsaaklik die volgende insluit:

- definisies (betekenisverklaring);
- vertaalekwivalente;
- aanduiding van leksikale en konseptuele verhoudinge;
- illustrasies;
- beskrywing van die saak;
- beskrywing van die gebruik;
- verbale voorbeeldmateriaal; en
- etikette.

Die leksikograaf van die kinderwoordeboek werk met 'n beperkte definisiewoordeskat, en daarom sal die definisie aangevul moet word. Dit kan gedoen word deur gebruik te maak van illustrasies in die woordeboekartikel. Gouws (1989:186) beweer dat illustrasies in 'n woordeboekartikel baie waardevol kan wees as dit reg aangewend word. Ook Svendsén (1993) moedig die gebruik van illustrasies in woordeboeke aan. 'n Verdere wyse waarop inligting in kinderwoordeboeke oorgedra kan word, is voorbeeldmateriaal wat die gebruikskonteks en betekenis van 'n bepaalde woord aandui en ondersteun (Geeraerts & Janssens, 1982:18). Die funksionaliteit van etikette in kinderwoordeboeke is egter te bevraagteken, aangesien dit gevorderde gebruiksinligting aan die gebruiker verskaf.

3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die verband tussen taal en konseptualisering bespreek deur te verwys na die kognitief-semantiese aspekte van kategorisering, prototipes, semantiese netwerke en leksikale en konseptuele verhoudinge. Dit blyk dat daar 'n netwerk van betekenis is wat geaktiveer word wanneer daar na 'n bepaalde leksikale eenheid se semantiese inhoud gekyk word.

Dit is die leksikograaf se taak om die leksikale eenheid of woord te verklaar op 'n wyse wat vir die woordeboekgebruiker maklik verstaanbaar is. Definisies, vertaalekwivalente, aanduiding van leksikale en konseptuele verhoudinge, illustrasies,

saakbeskrywings, gebruiksbeskrywings, verbale voorbeeldmateriaal en etikette is geïdentifiseer as moontlike verklaringsmeganismes in woordeboeke.

In die volgende hoofstukke sal daar klem gelê word op verskillende verklaringsmeganismes wat gebruik word om konseptuele inligting in kinderwoordeboeke oor te dra, naamlik:

- verbale definisies;
- illustrasies; en
- verbale kontekstuele voorbeeldmateriaal.

HOOFSTUK 4

Verbale definisies in kinderwoordeboeke - 'n kritiese beskouing

4.1 INLEIDING

Aangesien die oordrag van semantiese inligting in woordeboeke grootliks deur middel van definiëring geskied (vergelyk Gouws, 1989:39), kan die definisie as een van die sentrale inskrywings in die woordeboekartikel beskou word (Lombard, 1991:159). Uit die aard van kinderwoordeboeke kan dit egter ook wees dat voorbeeldmateriaal en illustrasies net so 'n belangrike rol speel by die betekenisoordrag van 'n bepaalde woord. Die vraag ontstaan egter nou: Watter deel van die woordeboekartikel word beskou as die definisie wanneer die voorbeeldmateriaal en illustrasies ook betekenisinligting oordra? In hierdie verband maak Bernard (1941:510) 'n stelling wat impliseer dat 'n definisie nie net 'n verbale omskrywing van 'n konsep hoef in te sluit nie, maar dat ander vorme van definiëring ook moontlik is:

...definition ranges all the way from the low level of accuracy of indicating (pointing out) an object or process, through naming and describing it in a literary manner, to the various stages of symbolic condensation and functional conditioning, and ending in the formulation of an ideal hypothetical norm...

Die ooreenkomste en verbande tussen die verskillende elemente as definiëeringsmeganismes moet sterk beklemtoon word, aangesien dit 'n geheel vorm in die woordeboekartikel en sáám bydra tot betekenisverklaring. So byvoorbeeld word 'n lemma in 'n kinderwoordeboek dikwels slegs van 'n illustrasie of voorbeeldsin voorsien om betekenis oor te dra. In hierdie hoofstuk word daar slegs gefokus op die verbale definisie van 'n woord. In hoofstukke 5 en 6 sal illustrasies en voorbeeldmateriaal onderskeidelik ook breedvoerig bespreek word.

Alvorens daar gekyk word na definiëring in kinderwoordeboeke, is dit belangrik om eers te bepaal wat onder die term *definiëring* verstaan word. Daar sal spesifiek gekyk word na die aard van definisies deur verskillende perspektiewe op definisies te gee. Daarna sal gepoog word om 'n werkdefinisie vir die konsep *leksikografiese definisie* daar te stel. Die struktuur en funksies van leksikografiese definisies sal ondersoek word, waarna verskillende tipes leksikografiese definisies aan die hand van voorbeelde uit kinderwoordeboeke (waar moontlik) geïllustreer sal word. Ten slotte sal definisies in drie verskillende kinderwoordeboeke geëvalueer word aan die hand van kriteria wat geïdentifiseer sal word vir effektiewe leksikografiese definisies in kinderwoordeboeke.

4.2 DIE LEKSIKOGRAFIESE DEFINISIE

Gouws (1989:38) noem dat die gebruik van die term *woordeboekdefinisie/definisie* nie eenduidig en bevredigend is binne die leksikografie nie. Die term *definisie* verwys in die breë sin na enige verbale beskrywing wat ten doel het om betekeniswaardes van terme te verduidelik, ongeag of so 'n beskrywing 'n "eensin-definisie, ...of uitgebreider konseptuele skets, ...of paragraafis" (Swanepoel, 1990:4).

Eksteen (1962:71) en Robinson (1972:1) noem dat die Griekse en Romeinse filosowe reeds geworstel het met 'n definisie vir *definisie*. So byvoorbeeld toon hulle dat Plato die definisie sien as: "Revealing one's thoughts by means of speech." Ook beklemtoon Plato die idee dat 'n definisie rekenskap moet gee van die elemente waaruit die saak bestaan (sogenaamde noodsaaklike en genoegsame elemente): "When someone asks you what a thing is, being able to answer him by means of elements of the thing" en "Being able to give some marks by which the thing asked about differs from all things". Vergelyk ook wat Aristoteles hieroor sê: "The account of the essence of the thing", asook Cicero se definisie: "A certain brief and circumscribed account of the properties of the thing we wish to define."

Ook in die hedendaagse literatuur heers daar onsekerheid en verwarring oor wat presies onder die term *definisie* verstaan word (vergeyk Eksteen, 1965; Gouws, 1989; Viskiel, 1996). Ten einde definisies in kinderwoordeboeke te kan beskryf, sou dit eers nodig wees om in die algemeen na definiering te kyk. Daarna sal daar meer spesifiek gefokus word op die leksikografiese definisie en die elemente daarvan, alvorens definiering in kinderwoordeboeke ondersoek word.

4.2.1 Verskillende perspektiewe op definisies

In 'n poging om *definisie* te definieer, onderskei Robinson (1972:16-19) tussen logiese (of reële) en nominale definisies. Hierdie onderskeid van Robinson (1972:16-19) is gemaak op grond van die doel van definisies (vergeyk ook Viskiel, 1996:53). Reële definisies gee 'n beskrywing van die saak in die reële wêreld, en het te make met die logika. Nominale definisies het ten doel om een woord gelyk te stel aan ander woorde (vergeyk Robinson, 1972:16-19). Woord-woord-definisies (ook genoem sinoniemdefinisies) is nominale definisies wat aandui dat een woord dieselfde betekenis as 'n ander woord het, byvoorbeeld *pediater* en *kinderarts*. Woord-saak-definisies is ook nominale definisies wat die woord met 'n bepaalde saak in verband bring, soos byvoorbeeld in tesourusse en tematies geordende woordeboeke. Volgens Robinson (1972:21) is die woord-saak-definisie enige verduideliking van 'n woord deur gebruik te maak van woorde wat die saak beskryf.

Ook Landau (1989:120) onderskei tussen logiese definisies en leksikale (of nominale) definisies. Die logiese definisie is 'n poging om dinge in die reële wêreld te analiseer, en volgens Landau (1989:120) verwys logiese definisie en die reële definisie na dieselfde konsep. Heyvaerts (1994:84) noem die voorbeeld van *oujongkêrel*: die logiese definisie poog om te bepaal wat die sogenaamde noodsaaklike en genoegsame eienskappe is wat 'n persoon moet besit om as 'n oujongkêrel geklassifiseer te word:

oujongkêrel [+menslik] [+manlik] [+volwasse] [+ongetroud] [+>35 jaar]

Die leksikale definisie word teenoor die logiese definisie geplaas. Eksteen (1965:1) omskryf 'n leksikale definisie as: "...'n definisie met woorde waarin verklaar word hoe 'n bepaalde woord deur bepaalde taalgebruikers gebruik is (of gebruik word)". So byvoorbeeld word 'n leksikale definisie van *oujongkêrel* in *HAT*³ aangetref:

oujongkêrel Ongetroude man ouer as die ouderdom waarop mans gewoonlik trou; vrygesel.

(*HAT*³)

Eksteen (1965:1) noem verder dat die leksikale definisie hoofsaaklik aangetref word in verklarende woordeboeke, hoewel dit ook in gesprekke en ander boeke aangetref kan word, byvoorbeeld definisies wat aan kinders gegee word in die biologiese klas of 'n handboek. 'n Leksikale definisie kan, volgens Eksteen (1965) se omskrywing, enige definisie wees wat 'n verbale beskrywing van 'n bepaalde saak gee.

'n Fyner onderskeid word deur Gouws (1989:114) getref, naamlik dat leksikografiese definisies dui op verskillende definisies wat spesifiek in woordeboeke aangetref word. Landau (1989:120) se omskrywing van 'n leksikale definisie as die tipe definisie wat woorde verklaar en in woordeboeke voorkom, stem dus ooreen met Gouws (1989) se omskrywing van die leksikografiese definisie.

Vir die doel van hierdie studie is Gouws (1989) se perspektief op definisies belangrik, aangesien hy fokus op leksikografiese definisies, wat hier ondersoek word. Volgens Gouws (1989:114) is die definisie die belangrikste leksikografiese middel om betekenisinligting oor te dra. Hierdie perspektief van Gouws (1989) bied 'n samevatting van die perspektiewe van Eksteen (1965), Landau (1989) en Robinson (1972).

4.2.2 Omskrywing van die term *leksikografiese definisie*

Na aanleiding van bogenoemde perspektiewe op die definisie kan daar nou 'n werkdefinisie vir die term *leksikografiese definisie* bepaal word. Vir die doel van hierdie studie verwys die term *leksikografiese definisie* na 'n tipe leksikale (verbale) omskrywing van 'n woord wat in woordeboeke gebruik word om semantiese inligting aan die woordeboekgebruiker oor te dra.

Vervolgens sal daar aandag geskenk word aan die struktuur van die leksikografiese definisie.

4.3 STRUKTUUR VAN DIE LEKSIKOGRAFIESE DEFINISIE

'n Leksikografiese definisie bestaan uit twee komponente, naamlik die definiendum en die definiens (vergelyk Gouws, 1989:38; Otto, 1989:184; Svensén, 1993:121). Die lemma of trefwoord van die woordeboekartikel is die *definiendum* en die betekenisverklaring daarvan staan as die *definiens* bekend, byvoorbeeld:

musiek 1 Kuns om aangename verbindings van vokale of instrumentale klanke te maak waardeur in skone vorm aan gevoelens uiting gegee word.

(HAT³)

In bogenoemde voorbeeld is die lemma, *musiek*, die definiendum en dit wat daarop volg is die betekenisverklaring of definiens. Soos dit ook uit die voorbeeld blyk, word die definiendum dikwels van die definiens onderskei deur gebruik te maak van tipografiese konvensies soos vetdruk en die vooropplasing van die definiendum as trefwoord van die woordeboekartikel (Swanepoel, 1990:8-9). Die betekenisverklaring sluit bepaalde betekenisaspekte van die lemma in, wat die verbale beskrywing is van die inhoud van 'n konsep (Swanepoel, 1990:8). In verklarende woordeboeke is die konsepbeskrywing die definiens en in vertalende woordeboeke is dit die vertaalekwivalente (Gouws, 1989:39).

Gouws (1989:39) verduidelik dat die leksikografiese definisie meer as een definiens vir elke definiendum kan hê. Dit word gevind by polisemiese lemmas waar dieselfde lemma optree as definiendum vir elke polisemiese betekenisonderskeiding, wat 'n ander definiens is. So byvoorbeeld het die lemma *musiek* in HAT³ ook verdere betekenisonderskeidings, naamlik:

- musiek** 2 Gedrukte, geskrewe voortbrengsel van die toonkuns.
 3 Geheel van saamklinkende geluid.
 4 Harmonium ...

(HAT³)

In kinderwoordeboeke wat in hierdie navorsing gebruik is, is gevind dat die lemma telkens duidelik onderskei word van die res van die woordeboekartikel, byvoorbeeld deur vetdruk en ook 'n groter lettertipe. In die betekenisverklaring van die woord word die lemma meestal herhaal, en word die definisie gevolglik in 'n volledige sin aangebied. Vergelyk die volgende voorbeelde:

muziek Muziek is een aangenaam geluid dat wordt gemaakt door mensen die een instrument bespelen of zingen.

(Sesamstraat Woordenboek)

music Different sounds made by instruments or a person's voice are music.

(Picture Dictionary)

Hierdie metode van aanbieding is funksioneel, omdat die woordeboek onder andere bydra tot die kind se grammatikale vermoëns (Ins, *et al.* 1988:238). Sodoende ontwikkel die kind nie net 'n begrip vir die betekenis van die bepaalde woord nie, maar word sy/haar kognitiewe en grammatikale vermoëns in die algemeen verbeter (vergelyk 2.2).

Wat belangrik is met betrekking tot die definiens, is dat dit betekenisinligting moet oordra (Gouws, 1989:39) en sodoende bydra tot die ontwikkeling van semantiese netwerke by die kind (vergelyk 3.2). Die inskrywing by die volgende woordeboekartikel kan nie gesien word as 'n definisie nie, omdat dit nie eksplisiete semantiese inligting oordra nie. Uit die verbale inskrywing alleen kan daar nie vasgestel word wat die woord beteken nie.

musiek Die kinders maak **musiek**. Hulle speel op **musiekinstrumente**.

(My Eerste Woordeboek)

Die rol van die illustrasie in hierdie woordeboekartikel speel egter 'n rol in betekenisoordrag en moet ook in ag geneem word. In hoofstuk 5 sal hierdie aspek van die woordeboekartikel ondersoek word.

4.4 FUNKSIES VAN DEFINISIES

4.4.1 Verskaffing van betekenisinligting

Woordbetekenis is belangrike inligting in die woordeboek, omdat gebruikers dikwels die betekenisverklaring van 'n bepaalde woord wil naslaan (vergeelyk Hartmann, 1983:9-11; Landau, 1989:5-6; Svensén, 1993:4). Hartmann (1992:151) stel dit eksplisiet: "The primary function of the dictionary has always been to define the meanings of words..." Hierdie inligting word verkry in die betekenisbeskrywing of definisie, wat beskou word as die belangrikste draer van semantiese inligting in die woordeboek (Eksteen, 1965:115; Lombard, 1991:159). Gouws (1989:112) en Lombard (1991:159) noem dat die definiens die omvangrykste komponent in die woordeboekartikel is, en ook beskou word as die sentrale inskrywing. Hierdie stelling is egter nie van toepassing op kinderveroordeboeke nie, aangesien die illustrasies gewoonlik ook omvangryk is en op 'n nieverbale wyse betekenisinligting oordra.

Volgens Eksteen (1965:115) is die doel van woordeboekdefinisies om die betekenis van woorde te beskryf soos dit in die taal van bepaalde sprekers gebruik word. Otto (1989:222) sluit hierby aan deur na die definisie te verwys as 'n "kontekstuele parafrase" wat die antwoord op 'n alledaagse vraag na die betekenis van die woord is. Die definisie verskaf dus die antwoord op die vraag "wat beteken dit?", en kan die bepaalde woord in bepaalde kontekste vervang, byvoorbeeld:

grap 'n **Grap** is 'n kort, snaakse storie.

(Eerste Tweetalige Woordeboek)

VRAAG: Wat beteken *grap*?

ANTWOORD: 'n Kort, snaakse storie.

GEBRUIK: Johan het ons laat lag met sy *grappe*.

Johan het ons laat lag met sy *kort, snaakse stories*.

McKeown (1993:17-18) en Jackson (1988:126) noem dat die vele betekenis en die omvang van 'n woord nie in 'n enkele definisie vasgevang kan word nie:

Interaction with a definition, a summary description of a word's meaning, can be an initiating event in learning a word. The term initiating event is used deliberately to stress that a definition is unlikely to promote complete understanding of a word; that must come through repeated exposures to information-rich contexts. (McKeown, 1993:17.)

Die definisie in die woordeboek poog om die betekenis van die bepaalde woord aan die woordeboekgebruiker oor te dra, en dien terselfdertyd as riglyn om die woord binne ander kontekste ook te gebruik.

4.4.2 Aanduiding van prototipiese gebruik

Uit laasgenoemde aanhaling is dit duidelik dat die definisie geensins in staat is om die hele omvang van die woord vir die leerder te ontsluit nie. McKeown (1993:21) noem verder dat die definisie in 'n kinderwoordeboek slegs die prototipiese gebruik van die woord moet beskryf, en nie moet poog om alle gebruike van die woord aan te dui nie: "... a reasonable goal for a definition might be to allow a learner to establish some initial representation of a word's meaning independent of context." (McKeown, 1993:18.)

Vergelyk die voorbeeld van die lemma *heart* in *Picture Dictionary* en *Dictionary of Contemporary English*.

heart Your heart is like a pump that sends the blood round your body.

(Picture Dictionary)

heart 1 the organ inside the chest which controls the flow of blood by pushing it round the body...
2 the heart when thought of as the centre of a person's feelings, esp. of kind or sincere feelings...
3 something in a shape supposed to be like the shape of the heart...
4 a heart-shaped figure printed in red on a playing card...
5 the central or most important part...
6 determination or strength of purpose...

(Dictionary of Contemporary English)

Die verklaring wat *Picture Dictionary* vir die woord bied, stem ooreen met die eerste betekenisonderskeiding in *Dictionary of Contemporary English*. Die kinderwoordeboek bied slegs die algemeenste betekenisassosiasie (prototipiese gebruik) van die woord, teenoor die uitgebreide betekenisverklaring in *Dictionary of Contemporary English*. Op hierdie wyse word verwarring by die kind beperk, terwyl 'n basis gevorm kan word waarop verdere betekenis van die woord makliker verstaanbaar sal wees vir die kind wanneer hy/sy dit later teëkom.

4.4.3 Bevordering van semantiese netwerkvorming

Die vorming van semantiese netwerke is baie belangrik vir die kind wat nog besig is om sy/haar wêreld te ontdek en verbande tussen konsepte te lê. Jackson (1988:126) noem in hierdie verband dat leksikografiese definisies die potensiele betekenis van 'n woord gee wat binne 'n bepaalde konteks geaktualiseer kan word. Dit is veral in die geval van alfabetiese woordeboeke moeiliker om semantiese netwerke te bevorder, omdat die verbandhoudende konsepte nie saam gedefinieer word nie. Ten einde uitgebreide semantiese netwerke daar te stel, moet daar van baie kruisverwysings gebruik gemaak word. In die geval van tematiese woordeboeke word semantiese netwerke daargestel deurdat die verbandhoudende konsepte almal onder een hoofkategorie behandel word, byvoorbeeld *skool, geboue, klere, beroepe*, ensovoorts.

Die definisie kan ook 'n belangrike bydrae lewer tot die bevordering van semantiese netwerkvorming. So word daar in verskillende soorte definisies onderskeidelik gebruik gemaak van kategorisering en semantiese verhoudinge soos sinonimie, antonimie en meronimie (vergelyk 3.2.4), ten einde die betrokke lemma te definieer, byvoorbeeld:

elumboog	Jou elumboog word soms jou gonnabeentjie genoem ... (sinonimie)	<i>(My Eerste Woordeboek)</i>
north	North is the opposite of south... (antonimie)	<i>(Picture Dictionary)</i>

4.4.4 Verskaffing van grammatiese leiding

'n Verdere funksie van definisies in aanleerderswoordeboeke spruit uit die formaat van die definisies. Feinauer (1992:76) toon aan dat definisies in aanleerderswoordeboeke in die vorm van volsinne aangebied word, byvoorbeeld:

troeteldier 'n **Troeteldier** is 'n dier wat ons by die huis aanhou.

(My Eerste Woordeboek)

Hoewel daar nie in sodanige definisies gebruik gemaak word van 'n verskeidenheid sinstipes nie, word daar tog in die volsin grammatiese leiding verskaf wat as voorbeeld dien vir die leerder om self sinne te formuleer. Op hierdie wyse word natuurlike taalgebruik bevorder (vergelyk Feinauer, 1992:76; Otto, 1993:275-276).

4.4.5 Samevatting

Bogenoemde funksies van definisies geld almal vir definisies in aanleederswoordeboeke en daarom ook vir definisies in kinderwoordeboeke. Alle definisies sal nie noodwendig al hierdie funksies kan vervul nie. Dit spreek egter vanself dat 'n definisie in 'n kinderwoordeboek ten minste die primêre funksie moet vervul, naamlik om die betekenis van die lemma aan die woordeboekgebruiker oor te dra.

Die funksies van leksikografiese definisies in kinderwoordeboeke kan soos volg opgesom word:


- verskaffing van betekenisinligting oor die lemma;
- aanduiding van prototipiese gebruik van die woord;
- bevordering van semantiese netwerkvorming; en
- verskaffing van grammatiese leiding.

4.5 Tipes LEKSIKOGRAFIESE DEFINISIES

Verskeie outeurs tref 'n onderskeid tussen die verskillende tipes leksikografiese definisies. So byvoorbeeld onderskei Gouws (1989:114-117) vier, en Benson *et al.* (1986:203-205) ses verskillende soorte leksikografiese definisies op grond van die metode van definiering. Geeraerts en Janssens (1992:20) onderskei slegs tussen sinoniemdefinisies en analitiese definisies. Swanepoel (1990) identifiseer ses verskillende soorte definisies wat berus op die inhoud, metode en vorm. Eksteen (1965:204-205) is van mening dat definisies volgens doel in verskillende soorte ingedeel kan word, en elk van hierdie soorte kan van verskillende metodes gebruik maak om die lemma te definieer.

Die doelwit van hierdie navorsing is om te bepaal hóé verklarende inligting in kinderwoordeboeke effektief oorgedra kan word. Met hierdie doelstelling in gedagte, sal dit daarom sinvol wees om definisietipes volgens metode van definiëring te ondersoek, met die oog op voorstelle vir effektiewe definisies in kinderwoordeboeke. Geeraerts en Janssens (1982), asook Gouws (1989) se klassifikasie van definisietipes sal daarom as vertrekpunt vir die bespreking gebruik word. Ten einde hierdie verdeling aan te vul, sal daar ook na definisietipes, soos deur ander outeurs genoem, onderskei word. Die diagram in figuur 4.1 kan as basis dien vir hierdie bespreking.

Die fokus van hierdie bespreking sal die leksikale definisie wees wat oor die algemeen in woordeboeke voorkom, met ander woorde die verbale leksikografiese definisie. Ander vorme van definiëring wat in die leksikografie gebruik word, naamlik ostensiewe en kontekstuele definiëring, sal in hoofstukke 4 en 5 onderskeidelik aandag geniet.



Figuur 4.1 Verskillende soorte definisies

4.5.1 Genus-differentia-definisie

Die genus-differentia-definisie is ook bekend as die klassieke analitiese definisie (vergelyk Ayto, 1983:89-90; Gouws, 1989:115-116; Otto, 1989:235-236) of die intensionele definisie (Swanepoel, 1990:166). Volgens Svensén (1993:122) verwys hierdie definisie na die inhoud van die konsep wat gedefinieer kan word as die *onderskeidende kenmerke* wat die konsep omsluit. Dit is die definisietipe wat volgens Otto (1989:235) die algemeenste in (veral verklarende) woordeboeke gebruik word, byvoorbeeld:

- vis** 'n **Vis** is 'n dier wat in water lewe en deur sy kiewe asemhaal.
(*My Eerste Woordeboek*)
- viool** Een **viool** is een muziekinstrument met vier snaren. Je hebt er een strijkstok bij nodig om hem te bespelen.
(*Sesamstraat Woordenboek*)
- greenhouse** A building made of glass where plants are grown.
(*Picture Dictionary*)

Hierdie definisietipe speel nie net 'n belangrike rol by die direkte oordrag van semantiese inligting nie, maar "plaas die lemma ook binne 'n breër semantiese veld" (Gouws, 1989:115). Die lemma (definiendum) word binne 'n bepaalde semantiese klas of genus geplaas (Feinauer, 1992:82; Gouws, 1989:115; Otto, 1989:235), wat ooreenstem met die superordinaatvlak van kategorisering (Ayto, 1983:89; vergelyk 3.2.3). In die voorbeeld *vis*, vorm die lemma self die basisvlak van kategorisering, terwyl *dier* in die definisie die superordinaat is. Verskille of onderskeidende kenmerke (*differentia*) tussen die lemma en ander lede van die bepaalde klas word dan tot die definisie gevoeg (Ayto, 1983:90; Gouws, 1989:115; Swanepoel, 1990:164), in hierdie geval: *lewe in water en haal deur kiewe asem*.

Gouws (1989:115) noem verder dat hierdie definisie ook 'n betekenisverhouding weergee, waar die lemma as die hiponiem optree en die genuswoord as superordinaat. Die konsep *dier* as superordinaat, sluit ook *vis* in.

In Swanepoel (1990) se bespreking van definisies, noem hy dat daar in sommige gevalle geen genuskonsep vir 'n bepaalde konsep bestaan nie. In so 'n geval word die breë, algemene kategoriëkonsep gebruik saam met die onderskeidende kenmerk, byvoorbeeld:

- wildtuin** 'n **Wildtuin** is 'n plek (*genus*) waar wild en plante beskerm word (*differentia*).
- woestyn** 'n **Woestyn** is 'n warm, droë (*differentia*) plek (*genus*) waar daar min diere en plante is (*differentia*).
(*My Eerste Woordeboek*)

Lombard (1991:160) voeg by dat die leksikograaf die *differentia* sorgvuldig moet kies, sodat die gebruiker nie probleme sal hê met enige aspek van die definisie nie: "Die genus-aanbieding moet volkome duidelik en verstaanbaar wees, sodat dit die lemma skerp afbaken en vir die gebruiker plaas." (Lombard, 1991:160.)

4.5.2 Ekstensionele definisie

'n Ekstensionele definisie verwys na die verskeidenheid binne die konsep wat op dieselfde kategoriseringsvlak lê, of die verskillende objekte behorende tot die bepaalde konsep wat gedefinieer word (vergeelyk Svensén, 1993:123; Swanepoel, 1990:172). Waar die genus-differentia-definisie (intensionele definisie) die genus en die onderskeidende kenmerke van 'n bepaalde konsep gee, bied die ekstensionele definisie die genuskonsep en voorbeelde van verskillende lede (op dieselfde kategoriseringsvlak) wat tot dieselfde betrokke genus behoort. In so 'n geval word die definiendum gesien as die genuskonsep. Voorbeelde sluit in:

wildsbok In Suid-Afrika is baie soorte **wildsbokke** (*genus*) soos die springbok, wildebees en die gemsbok (*voorbeelde*).

gebou 'n **Gebou** (*genus*) kan 'n huis, winkel, garage, hotel, skool of 'n fabriek wees (*voorbeelde*).

(My Eerste Woordeboek)

cereal Maize, barley, rice, wheat and oats (*voorbeelde*) are all cereals (*genus*).

stationery Writing paper, pens, pencils, erasers (*voorbeelde*) are all stationery (*genus*)...

(Picture Dictionary)

4.5.3 Deskriptiewe definisie

Gouws (1989:114) omskryf die deskriptiewe definisie soos volg: "In 'n deskriptiewe definisie word die betekenis van die definiendum deur die definiens verklaar sonder dat 'n aanduiding gegee hoef te word van betekenisverhoudinge waarin die definiendum tot ander leksikale items staan." Hierdie definiens is 'n onafhanklike eenheid wat nie op enigiets anders steun om die betekenisverklaring van die lemma te gee nie (Lombard, 1992:166).

'n Deskriptiewe definisie as analitiese definisie verklaar nie die lemma deur leksikale of semantiese verhoudinge soos hiponimie, sinonimie, of antonimie nie (vergeelyk Gouws, 1989:115). Hierdie tipe definisie verskaf net inligting wat verband hou met die betekenis van die lemma self.

Die volgende definisie is 'n voorbeeld van 'n deskriptiewe definisie in *HAT*³.

pad 1 Strook grond wat gelyk en hard gemaak is vir die verkeer tussen verskillende plekke.
(*HAT*³)

Voorbeelde van deskriptiewe definisies word ook in kinderwoordeboeke aangetref.

needle A thin pointed piece of metal with a slit at one end..
jigsaw A picture cut up in to pieces for you to fit together again.
(*Picture Dictionary*)

Bogenoemde definisies gee elk 'n beskrywing van die lemma, sonder dat daar enigsins betekenisverhoudinge gegee word, byvoorbeeld in die geval van *needle* word nie genoem dat dit deel vorm van die genuskonsep *naaldwerkgereedskap* nie. Aangesien *Picture Dictionary* alfabeties en nie tematies gerangskik is nie, kan geen afleidings met betrekking tot semantiese netwerke gemaak word nie.

In die geval van *Sesamstraat Woordenboek*, wat tematies gerangskik is, word die lemma geplaas binne 'n bepaalde kategorie, byvoorbeeld:

trekwagentjie Een bakje met wielen eronder dat je voort kunt trekken is een trekwagentjie.
(*Sesamstraat Woordenboek*)

Die lemma *trekwagentjie* is onder die kategorie *spelen* opgeneem. Deurdat die lemma in 'n bepaalde konsepkategorie geplaas word, kan die woordeboekgebruiker aflei dat *trekwagentjie* iets is waarmee 'n mens kan speel.

4.5.4 Sirkeldefinisie

Sirkeldefinisies kom voor wanneer die definiens 'n deel van die definiendum, of 'n afleiding of grondwoord daarvan bevat (Gouws, 1989:117; Lombard, 1991:166). Geeraerts en Janssens (1982:21) verwys na hierdie tipe definisie as 'n *morfosemantiëse definisie*, omdat dit inligting oor die morfologiese samestelling van die woord bevat; dit wil sê in die geval van 'n afleiding word die stam in die definisie aangedui, byvoorbeeld:

woning 'n Woning is die plek waar jy woon.

(My Eerste Woordboek)

farmer The person who lives and works on the farm.

(Picture Dictionary)

Gouws (1989:117) meen dat hierdie tipe definiering nie lei tot betekenisvolle woordverklaring van semantiese inligting nie, maar dat dit as ekonomiese aanbod van inligting aanvaarbaar is mits dié deel van die definiens wat 'n afleiding, stam of deel van die definiendum is, wel verklaar word. Dit impliseer dat in die genoemde voorbeelde die woorde *woon* en *farm* onderskeidelik as lemmas in die betrokke woordeboeke opgeneem en verklaar moet word.

Landau (1984:124-125) is van mening dat hierdie vorm van definiering in woordeboeke vermy moet word, en spreek hom soos volg daaroor uit:

Since the primary purpose of a dictionary is to inform the reader what words mean, anything that absolutely denies the reader the opportunity to find out the meaning of a word he has looked up is the most serious defect a dictionary can have. Mind you, circularity does not just make things difficult - it makes them impossible...

Uit die bespreking blyk dit dat sirkeldefiniering verkieslik nie in kinderswoordboeke gebruik moet word nie, aangesien so 'n definisie baie min waarde sal hê vir die kind wat 'n beperkte woordeskat het. Dit ontsluit nie die betekenis van die woord nie, en verskaf slegs 'n morfologies verwante woord wat waarskynlik ook vir die kind onverstaanbaar sal wees.

4.5.5 Deel-geheel-definisie

Iris *et al.* (1988:239) is van mening dat die meronimiese betekenisverhouding (deel-geheel-verhouding) 'n belangrike rol speel wanneer definisies ter sprake kom. So byvoorbeeld toon Iris *et al.* (1988:239) aan dat die woord *part* die tweede algemeenste woord is wat in definisies van selfstandige naamwoorde in *Webster's Seventh Collegiate Dictionary* voorkom. Dit wil daarom voorkom asof hierdie vorm van analitiese definiering 'n belangrike rol speel in woordeboeke, soos ook blyk uit die volgende voorbeelde:

been 'n **Been** is deel van 'n geraamte.
blaar 'n **Blaar** is deel van 'n plant.

(My Eerste Woordeboek)

schouder Je **schouder** is een deel van je lichaam...
vinger Je **vinger** is een deel van je hand...

(Sesamstraat Woordenboek)

muscle Muscles are parts of the body that produce movement...
head The top part of a person's or animal's body.

(Picture Dictionary)

Veral in kinderwoordeboeke kan hierdie definisietipe 'n belangrike rol speel om die kognitiewe ontwikkeling van die kind te bevorder, aangesien die semantiese relasies wat hierin vergestalt word, die vorming van konseptuele netwerke bevorder (vergelyk Iris *et al.*, 1988:239-252; 3.2.4.5).

4.5.6 Sinoniemdefinisie

Die sinoniemdefinisie is een van die bondigste maniere waarop lemmas gedefinieer word in woordeboeke (Lombard, 1991:162). Die definiers bestaan uit 'n sinoniem(e) van die definiendum (Gouws, 1989:116; Swanepoel, 1990:179). Hoewel die betekenisbetrekking tussen die definiers en die definiendum verskaf word, voeg Swanepoel (1990:180) by dat die lemma en die sinoniem nooit volkome identies is nie, aangesien volkome sinonimie selde voorkom (vergelyk 3.2.4.2.). Voorbeelde van sinoniemdefinisies sluit in:

centrum Het **centrum** is gewoon het midden.
repareren **Repareren** is herstellen,...

(Sesamstraat Woordenboek)

honest To be **honest** is to be truthful.
picture A **picture** is a drawing or a painting. It can also be a photograph.

(Picture Dictionary)

elumboog Jou **elumboog** word soms 'n gonnabeentjie genoem.

hitte **Hitte** is warmte.

(My Eerste Woordeboek)

Gouws (1989:116) en Swanepoel (1990:180) is dit eens dat die sinoniemdefinisie nie die betekenis van die definiendum verklaar nie. Die inhoud van die konsep wat met die betrokke terme geassosieer word, word dus nie uiteengesit of omskryf nie.

Gouws (1989:116) en Lombard (1991:165-166) is van mening dat sinoniemdefinisies aan die woordeboekgebruiker 'n kruisverwysing na 'n lemma behoort te gee waarvan die artikel 'n deskriptiewe definisie (vergelyk 3.5.4) bevat wat as betekenisverklaring vir die betrokke definiendum kan dien. Deur gebruik te maak van duidelike kruisverwysings behoort die woordeboekgebruiker geen probleme te hê om die sinonieme te verstaan nie.

Lombard (1991:162-165) noem enkele probleme wat mag voorkom by die gebruik van sinoniemdefinisies:

- Sommige gebruikers glo verkeerdelik dat sinonieme grootliks uitruilbaar is en wend die woorde dan aan in verkeerde kontekste, byvoorbeeld in die geval van *picture* is die sinoniem *drawing* nie korrek as daar gepraat word van foto's nie:

I had my *picture* taken by a professional photographer.

I had my *drawing* taken by a professional photographer.

- By sekere lemmas word sinoniemdefinisies gegee, maar die sinoniem waarna verwys word, word nêrens verklaar nie, byvoorbeeld in die voorbeeld hierbo van *honest* word die sinoniem *truthful* nie in die woordeboek verklaar nie; dieselfde is die geval met *hitte*, waar die sinoniem *warmte* nie verklaar word nie.

Hierdie metode van definiëring kom veral voor in kleiner tipes woordeboeke waar dit gebruik word ter wille van bondigheid (Benson *et al.*, 1986:204; Zgusta, 1971:261). Otto (1989:237) meen egter dat hierdie metode van definiëring nie geskik is vir aanleederswoordeboeke (en daarom ook kinderwoordeboeke) nie, omdat dit misleidend kan wees vir die gebruiker.

4.5.7 Pragmatiese definisies

4.5.7.1 Ostensiewe definisie

Ostensiewe definiering behels die gebruik van illustrasies om die verbale definisie aan te vul en te verhelder (vergelyk Gouws, 1989:186; Swanepoel, 1990:179). Die tipes illustrasies wat gebruik word sluit in: diagramme, foto's, tekeninge, ensovoorts. Gouws (1989:186) noem egter dat die illustrasie nie net 'n duplisering van die verbale inligting moet wees nie, maar dit moet funksioneel in die woordeboekartikel aangewend word. Dit kan nou reeds gestel word dat kinderverwoordeboeke in 'n groot mate van ostensiewe definiering gebruik maak, aangesien dit gekenmerk word deur kleurvolle illustrasies. Die rol van illustrasies in kinderverwoordeboeke sal egter in hoofstuk 5 meer aandag geniet.

4.5.7.2 Kontekstuele/implisiete definisie

Viskiel (1996:54) verwys na 'n kontekstuele definisie as 'n definisie waarin die definiendum in "een typerende zinscontext geplaats (word), die impliceert dat het woord een bepaalde betekenis heeft." In die definies word die definiendum dus in 'n linguistiese konteks geplaas, en dit word ook as voorbeeldmateriaal in die woordeboekartikel gebruik, waarin 'n egte definisie ingebed kan wees (Swanepoel, 1990:177-178). 'n Voorbeeld van so 'n definisie is:

reënboog

Die son skyn deur die reëndruppels en maak 'n pragtige **reënboog**.

(My Eerste Woordeboek)

Bogenoemde voorbeeldsin omvat in 'n mate ook die definisie van die lemma, naamlik: 'n boog wat gevorm word as die son deur reëndruppels skyn. In hoofstuk 6 word daar aandag gegee aan voorbeeldsinne as draers van semantiese inligting in woordeboeke.

4.6 MOONTLIKE KRITERIA VIR EFFEKTIEWE DEFINIËRING

Lombard (1991:166) noem dat definiese in die woordeboekartikel tot 'n belangrike mate die gehalte van 'n woordeboek bepaal. Dit is daarom belangrik dat die leksikograaf 'n weldeurdragte definisie moet bied wat toeganklik is vir die woordeboekgebruiker. 'n Definisie is dus nie net 'n lukrake omskrywing van 'n woord se betekenis nie. Daar is

sekere aspekte wat in gedagte gehou moet word ten einde 'n goeie woordeboekdefinisie te verskaf. Verskeie outeurs maak melding van kriteria vir definiëring. Hierdie kriteria sal vervolgens genoem en kortliks bespreek word, deur spesifiek te verwys na aanleerderswoordeboeke. Drie kinderwoordeboeke sal daarna gemeet word aan die genoemde kriteria.

4.6.1 Vermyding van sirkeldefiniëring

Soos reeds genoem, is sirkeldefinisies in woordeboeke aanvaarbaar, mits die afleiding of grondvorm van die woord wat in die definisie voorkom elders verklaar word (vergelyk 4.5.6). Wanneer dit egter nie gebeur nie, is dit vir die woordeboekgebruiker onmoontlik om die betekenis van die woord na te slaan (Landau, 1984:125). Dit is 'n groot swakheid binne die leksikografie (vergelyk ook Swanepoel, 1990:199-200). Landau (1984:125) gee dan ook die volgende reël in verband met hierdie swakheid in sommige woordeboeke: "No word can be defined by itself, and no word can be defined from its own family of words, unless the related word is separately defined independantly of it." Hierdie stelling sluit ook aan by Zgusta (1971:258) wat noem dat die woord wat gedefinieer word, en afleidings of kombinasies daarvan, nie in die definisie gebruik mag word nie, tensy dit afsonderlik gedefinieer word.

In die geval van aanleerderswoordeboeke is dit 'n baie belangrike kriterium, aangesien die leerder (in hierdie geval die kind) 'n klein woordeskat het (White & Easterbrook, 1993:161). Wanneer 'n sirkeldefinisie dan in 'n kinderwoordeboek aangebied word, sonder enige verdere verklarings van die woord, kan die kind steeds nie die betekenis daarvan begryp nie. Volgens Otto (1989:237) en Feinauer (1994:64) moet hierdie tipe definisie eerder nie in aanleerderswoordeboeke opgeneem word nie, omdat dit misleidend kan wees. Die leksikograaf moet daarom bedag wees daarop om nie op die taalgebruiker se intuïsie staat te maak nie (Feinauer, 1992:73), en daarom eerder uitgebreide definisietipes gebruik, soos *genus-differentia*- of deskriptiewe definisies.

4.6.2 Definiëring van woorde wat in die definiens gebruik word

Zgusta (1971:257) stel voor dat alle woorde wat in die definiens gebruik word ook elders in die woordeboek verklaar moet word (vergelyk 4.6.1). Swanepoel (1990:199) sluit hierby aan deur te noem dat alle konsepte wat in die definiens voorkom, self ook gedefinieer moet word, of van kruisverwysings voorsien moet word na publikasies waarin dit wel volledig gedefinieer word (vergelyk ook Landau, 1989:132). Hiermee word geïmpliseer dat die leksikograaf van 'n aanleerderswoordeboek met 'n beperkte woordeskat moet werk, ten einde die woordeboek nie te omslagtig te maak nie

(vergelyk Feinauer, 1994:63). Hierdie woordeskat waarmee daar gedefinieer word, moet so maklik en toeganklik as moontlik wees vir die woordeboekgebruiker. "Indien die gebruiker dus nie 'n woord in die definieers verstaan nie, moet hy hierdie woord kan naslaan." (Feinauer, 1992:74; vergelyk ook Cumming *et al.*, 1994:371; Hartmann, 1992:151). In die volgende voorbeelde word die woorde *insek* en *soogdier* onderskeidelik elders in die woordeboek verklaar:

skoelapper 'n **Skoelapper** is 'n insek met pragtige kleure op sy vlerke.

insek 'n **Insek** is 'n klein diertjie met ses pote.

olifant Die **olifant** is die grootste soogdier ter wêreld...

soogdier 'n **Soogdier** is 'n dier wat sy kleintjies melk gee...

(My Eerste Woordeboek)

4.6.3 Volledigheid

Soos aangetoon in 4.4.1, is die doel van die definieers om betekenis te verklaar. Die definieers moet daarom byvoorbeeld nie net bestaan uit die gebruik van die woord nie, maar dit moet die betekenis van daardie woord verklaar. Ten opsigte van volledigheid in die definisie, noem Lombard (1991:167) dat die definieers volledig is wanneer dit "werklik tersaaklike inligting volledig aanbied, sonder om noodsaaklike besonderhede te verswyg". 'n Volledige definisie moet dus dadelik die antwoord verskaf op die vraag: "Wat is dit?" (Lombard, 1991:168.) Die vraag is egter nie noodwendig "Wat is dit?" nie, aangesien dit in die woordeboek gaan oor die verklaring van die betekenis van die woord en nie 'n saakbeskrywing nie. Die vraag wat van toepassing is in 'n verklarende woordeboek moet daarom eerder wees: "Wat beteken dit?" Die kinderwoordeboek verskil egter in hierdie opsig van die verklarende woordeboek, aangesien betekenisverklaring in kinderwoordeboeke meestal afgelei is van kenmerke van die saak. Die vraag "Wat is dit?" kan daarom van toepassing gemaak word op kinderwoordeboeke, byvoorbeeld:

VRAAG: Wat is 'n *wortel*?

wortel De wortel is het deel van de plant dat onder de grond zit. Planten haal voedsel uit de grond met hun wortels. Sommige wortels kun je eten.

(Sesamstraat Woordenboek)

Met betrekking tot aanleerderswoordeboeke noem Feinauer (1992:81) dat dit voordeliger is as die definieers soms vollediger is om sodoende die definieendum uniek te onderskei van ander lede van die klas. Dit mag daarom beteken dat

definisies, soos in die voorbeeld van *wortel*, ensiklopediese inligting bevat. Volgens Lombard (1991:169) is hierdie tipe inligting nie gepas in 'n definisie nie, en lei dit tot sogenaamde oorvolledigheid. Hierdie siening van Lombard (1991:169) is egter in teenstelling met die kognitiewe linguïstiek wat geen onderskeid tref tussen linguïstiese en ensiklopediese inligting in woordeboeke nie (vergelyk 3.3). Vanuit 'n kognitiewe perspektief speel ensiklopediese inligting dan ook 'n belangrike rol by die definiëring van lemmas in woordeboeke.

Feinauer (1992:81) noem verder dat die definiens in 'n aanleederswoordeboek net dit moet noem wat tipies is, met ander woorde dat die prototipe in die definisie beskryf moet word. Vergelyk byvoorbeeld die volgende woordeboekdefinisies:

cartoon 1 a humourous drawing, often dealing in a clever and amusing way with something of interest in the news..
 2 a cinemafilm made by photographing a set of drawings
(Dictionary of Contemporary English)

cartoon A funny drawing or a short film made with comic characters.
(Picture Dictionary)

In die tweede voorbeeld word die algemeenste lede van die kategorie *cartoon* genoem, maar dit sluit nie die moontlikheid uit dat dit ook te make kan hê met gebeure in die nuus nie, soos in die eerste voorbeeld genoem. Daar word nie onderskei tussen byvoorbeeld *strokiesprente*, *animasiefilms* en *spotprente* nie.

Feinauer (1992:81) gaan voort deur te verwys na polisemiese waardes in aanleederswoordeboeke: slegs die mees tipiese betekenisonderskeiding(e) of grondbetekenis(se) (vergelyk 3.2.4.2.) word uitgesonder om opgeneem te word, byvoorbeeld:

skool 1 Inligting waar onderwys gegee word.
 2 Gebou waarin onderwys gegee word.
 3 Onderwys, lesse in skool gegee.
 4 Leerlinge en onderwysers.
 5 Plek, geleentheid waar 'n mens iets kan leer.
 6 Rigting aangedui deur 'n leier op die gebied van kuns, wetenskap...

(HAT³)

Die definisie wat in die tweede voorbeeld genoem word (in die kinderwoordeboek), bied die tipiese, algemeenste betekenisonderskeiding (grondbetekenis) en dit is waarskynlik die begrip wat 'n jong kind eerste van skool sal hê. Die ander betekenisonderskeidings word nie so baie gebruik op die kognitiewe vlak waar die jong kind hom/haar bevind nie. Daarom sal die prototipiese betekenisonderskeiding in die kinderwoordeboek opgeneem word, eerder as al die definisies wat in die eerste voorbeeld genoem is.

4.6.4 Helderheid en ondubbelsinnigheid

Helderheid ten opsigte van definiering behels ook eenvoud, sodat die definisie vir alle woordeboekgebruikers verstaanbaar is (Lombard, 1991:173). Helderheid impliseer ook dat die leksikograaf natuurlike en eenvoudige taal in die definies gebruik en dit in eenvoudige sinskonstruksies formuleer, ten einde ondubbelsinnigheid uit te skakel (vergelyk Otto, 1993:275). Feinauer (1992:84) noem dat definisies in aanleederswoordeboeke "gebruikervriendelik moontlik" moet wees, en dat dit ook taalkundige leiding moet verskaf. Lombard (1991:173) sluit hierby aan: "...alle lemmas, eenvoudig of ingewikkeld, moet vir die tekengebruiker so helder en eenvoudig as wat dit maar kan, gedefinieer word." Vergelyk die definisies van die volgende twee woorde waarvan die konsepte onderskeidelik as eenvoudig en ingewikkeld gereken kan word:

oog ① Oë is organe in die gesigte van mense, diere of voëls wat gebruik word om mee te sien.

intuisie Intuisie is die vermoë om iets te begryp sonder om daarvoor na te dink.

(Basiswoordeboek)

4.6.5 Eenvoud

Die ideaal in definiering is om presies en eenvoudig te werk te gaan (Lombard, 1991:174). Een van die beginsels wat Zgusta (1971:257-259) stel vir definiering is dan ook dat die woorde wat in die definies gebruik word om die betrokke definiendum te verklaar nie moeiliker verstaanbaar moet wees as die woord wat gedefinieer met word nie (vergelyk ook Feinauer, 1992:74), byvoorbeeld:

aarde Die **aarde** is die planeet waarop ons woon.

(My Eerste Woordeboek)

Die woord *planeet* sal waarskynlik vir 'n kleinerige kind moeiliker wees om te verstaan as *aarde*. *Planeet* word ook nie elders in hierdie woordeboek verklaar nie.

Dit is veral alledaagse woorde wat problematies is om te definieer, omdat "die gewoondheid van iets dikwels vereis dat ongewone terme gebruik moet word om dit deeglik en genoegsaam te definieer." (Lombard, 1991:173.) Byvoorbeeld:

father A **father** is the male parent of his children

(Picture Dictionary)

Father is waarskynlik 'n woord wat meer alledaags en makliker verstaanbaar is as *parent*, maar daar is nie werklik eenvoudiger terme waarin die woord beskryf kan word as die moeiliker term *parent* nie. Dit is daarom belangrik dat die woord *parent* elders gedefinieer moet word.

Die gevaar bestaan dat eenvoud kan lei tot semantiese onderspesifisering wat die ontsluiting van inligting benadeel. Benson *et al.* (1986:221) bied 'n oplossing vir die probleem wat veral van pas sal wees in aanleederswoordeboeke, naamlik om illustrasies te verskaf om die definisie aan te vul. In hoofstuk 5 word in detail aandag geskenk aan hierdie komponent van die woordeboekartikel.

4.6.6 Akkuraatheid

Dit is voor die hand liggend dat akkurate definisies van kardinale belang is in die woordeboek. Onakkurate definisies kan die woordeboekgebruiker mislei, byvoorbeeld:

olifant Die **olifant** is die grootste soogdier ter wêreld.

walvis Die **walvis** is die grootste dier ter wêreld.

(My Eerste Woordeboek)

Bogenoemde definisies is albei onakkuraat, omdat 'n *olifant* slegs die grootste soogdier is wat op land woon, en in die definisie van *walvis* word daar nie genoem dat dit ook 'n soogdier is nie.

In hierdie verband kom probleme veral voor by betekenisverhoudinge, waar die gebruikstoepassing van die woord in bepaalde kontekste nie geëkspliseer word nie. Polisemiese woorde word in die definies gebruik, maar is nie in alle gevalle geskik nie (vergelyk Lombard, 1991:176-177), byvoorbeeld:

veer 'n Veer is sag en lig.

(My Eerste Woordeboek)

Die woord *lig* is dubbelsinnig, omdat dit kan verwys na kleur of na gewig. In die woordeboekartikel word daar ook nie verdere toeligting gegee nie. In hierdie verband beweer Otto (1989:191) dat dit veral in aanleederswoordeboeke baie belangrik is dat die definies eenduidig geïnterpreteer moet word, aangesien die leerder nie oor die kundigheid en insig beskik om 'n dubbelsinnige definies eenduidig te interpreteer nie. Hoewel dit vir 'n ouer kind of volwassene heel logies sal wees dat daar in bogenoemde voorbeeld na gewig verwys word, kan die leksikograaf nie op die woordeboekgebruiker se taalintuisie staatmaak om dié onderskeid te tref nie.

As oplossing stel Lombard (1991:177) voor dat die leksikograaf moet probeer om beperkings van woorde met min of meer dieselfde betekenis te ondervang in die definies deur die nodige geleiding te verskaf. Alle dubbelsinnigheid in die definies moet uitgeskakel word, dit wil sê woorde met meer as een betekenisonderskeiding moet nie in die definies gebruik word nie, omdat dit woordeboekgebruikers kan mislei.

4.6.7 Konsekwentheid

Swanepoel (1995:74) wys daarop dat die onsistematiese beskrywing van die betekenis van lemmas wat tot dieselfde konseptuele domein hoort, 'n leemte binne die leksikografie is. Konsekwentheid as kriterium veronderstel dat die leksikograaf bestendig sal wees ten opsigte van die aanbieding van definies (Lombard, 1991:178). Benson *et al.* (1986:221) stel dit soos volg: "Similar words should be defined in similar ways, and related words in related ways." Die leksikograaf moet daarom poog om 'n patroon te hê waarvolgens sekere verwante terme gedefinieer word, sodat die verskil tussen lede van dieselfde kategorie duidelik blyk. So byvoorbeeld sal verskillende seisoene, verskillende soogdiere, verskillende beroepe of verskillende voertuie op dieselfde "patroon" gedefinieer moet word, terwyl die onderskeidende kenmerke van elke lid van die kategorie aangetoon word. In die volgende voorbeelde is die genus-differentia-definisie gebruik om bogenoemde te bewerkstellig:

motor	Een motor of motorfiets is een vervoermiddel op twee wielen met een sterke motor.
auto	Een auto is een vervoermiddel op vier wielen en met een sterke motor.
tractor	Een tractor is een voertuig waar je zwaar werk mee kunt doen.
vliegtuig	Een vliegtuig is een vervoermiddel waar je in kunt zitten. Een vliegtuig heeft vleugels en beweegt zich voort door de lucht.

(*Sesamstraat Woordenboek*)

Dit moet egter in gedagte gehou word dat leksikale items dikwels in verskillende semantiese netwerke kan opereer (vergelyk 3.2). Dit kan daartoe aanleiding gee dat lede van dieselfde kategorie op verskillende wyses gedefinieer sal word, aangesien prototipisiteit ook 'n rol speel in keuse van 'n definieringstipe vir 'n leksikale item.

4.6.8 Objektiviteit en neutraliteit

Objektiviteit en neutraliteit handel hoofsaaklik hier oor die houding van die leksikograaf en die invloed daarvan op die definisies. Die definiens mag nie emosioneel gekleur word nie, en daarom moet die leksikograaf te alle tye objektiviteit handhaaf (Benson *et al.*, 1986:222). Politieke, etniese en seksistiese vooroordele van die leksikograaf mag glad nie in die woordeboek weerspieël word nie, omdat hy/sy nie sy/haar siening op die woordeboekgebruiker moet probeer afdwing nie, en ook omdat sommige mense dit as beledigend kan ervaar (Benson *et al.*, 1986:223). Die leksikograaf moet ook versigtig wees om nie net werklik waargenome taal te gebruik in die aanbieding van die definisies nie, omdat dit kan lei tot sekere sensitiewe konnotasies in die definisies. So 'n voorbeeld is die woord *Jood* en die verwysing in die spreektaal na 'n geldgierige of suinige persoon as 'n *Jood*. Lombard (1991:179) reken dat dit nie wenslik is om hierdie tipe konnotasie in 'n woordeboek te probeer weergee nie, en die leksikograaf moet deurentyd neutraal teenoor die kwessie staan. Wanneer hierdie gebruik van die woord egter wel in die woordeboek aangedui word, sal dit van 'n stilistiese etiket voorsien moet word (vergelyk Gouws, 1989:204).

In kinderwoordeboeke speel hierdie kriterium 'n belangrike rol. Die kind is onbewus van die subjektiewe konnotasies wat aan woorde geheg word, en aanvaar dit dan as korrek en ook aanvaarbaar in gewone omgangstaal. Wanneer hierdie konnotasies in die woordeboek weergegee word, dien dit vir die leerder as 'n aanduiding van korrekte gebruik van die woord. Daar kan ook nie gebruik gemaak word van etikette in kinderwoordeboeke nie, aangesien kinders nog nie werklik 'n begrip het van leksikografiese konvensies nie, en hierdie tipe inligting moontlik kan lei tot verwarring.

4.6.9 Samevatting

Bogenoemde kriteria vir effektiewe woordeboekdefinisies geld vir alle woordeboeke, insluitende kinderwoordeboeke. Wanneer kinderwoordeboeke egter ter sprake kom, is dit belangrik om te onthou dat daar in hierdie tipe woordeboek nie net gebruik gemaak word van verbale definisies nie, maar dat illustrasies en voorbeeldmateriaal ook 'n belangrike rol speel ten opsigte van definiëring. Die verbale definisies is nie so omvattend nie, omdat die illustrasie 'n groot rol speel om die woord vir die kind te definieer (vergelyk Butterworth, 1994:137). Daar word tog in 'n mate van (eenvoudige) formele definisies gebruik gemaak in kinderwoordeboeke, soos reeds gesien kan word in voorbeelde wat gebruik is.

Dit spreek vanself dat alle kinderwoordeboeke nie die oordrag van semantiese inligting op dieselfde wyse hanteer as verklarende woordeboeke vir volwassenes nie. Vervolgens sal leksikografiese definisies in drie verskillende kinderwoordeboeke, naamlik *My Eerste Woordeboek*, *Picture Dictionary* en *Sesamstraat Woordenboek*, gemeet word aan die kriteria wat gestel is vir effektiewe definiëring.

4.7 EVALUERING VAN LEKSIKOGRAFIESE DEFINISIES IN KINDERWOORDEBOEKE

In die drie kinderwoordeboeke wat hier betrek is, naamlik *My Eerste Woordeboek*, *Picture Dictionary* en *Sesamstraat Woordenboek*, word daar sterk op definisies gesteun as verklaringsmeganisme. Hoewel kinderwoordeboeke minder omvattend is as ander verklarende woordeboeke, is dit steeds nie moontlik om alle definisies te ondersoek nie. Definisies binne die volgende kategorieë sal ondersoek word om te dien as 'n verteenwoordigende dataversameling te dien: *diere*, *die menslike liggaam*, *voertuie*, *geboue*, *plante* en *seisoene*. By elk van die kategorieë is enkele voorbeelde ondersoek, byvoorbeeld onder die kategorie *geboue* is definisies van *huis*, *kerk*, *skool*, ensovoorts ondersoek, terwyl verbandhoudende konsepte soos *bouer*, *baksteen*, *dak* en *kerktoring* buite rekening gelaat is.

4.7.1 *My Eerste Woordeboek: 1000 woorde vir Suid-Afrikaanse seuns en dogters*

Die lemmas in hierdie kinderwoordeboek is alfabeties gerangskik. Opvallend in hierdie woordeboek is dat daar nie veel gebruik gemaak word van definisies nie, maar dat voorbeeldsinne volop voorkom. Die volgende tabel toon die aantal lemmas wat gevind is onder elke kategorie, asook die aantal van hierdie lemmas wat van leksikografiese definisies voorsien is.

KATEGORIE	LEMMAS	DEFINISIES
Diere	72	43
Liggaam	11	4
Voertuie	17	5
Geboue	16	6
Aarde	9	3
Plante	13	5
Seisoene	4	2

Tabel 4.1 Lemmas en definisies in *My Eerste Woordeboek*

Vervolgens sal die definisies wat by hierdie studie betrek is, gemeet word aan die kriteria wat in 4.6 gestel is vir effektiewe definiëring.

4.7.1.1 Tipes leksikografiese definisies gebruik

Die definisies wat voorkom, word in volsinne aangebied, en die lemma word telkens in die definisie herhaal. Verskillende tipes definisies word ook gebruik om lemmas te definieer. Genus-differentia-definisies word dikwels gebruik, byvoorbeeld in die volgende gevalle:

moskee	'n Moskee is 'n plek waar Moslems gaan bid.
krokodil	'n Krokodil is 'n groot reptiel met baie skerp tande en 'n sterk stert.
atlas	'n Atlas is 'n boek met landkaarte.

'n Kombinasië van genus-differentia-definisies en ekstensionele definisies kom ook voor. Die ekstensionele definisie is soms ingebed in die illustrasie, waar verskillende lede van 'n bepaalde kategorie in die illustrasie uitgebeeld en van opskrifte voorsien word. Die deel van die definisie wat in hakies geplaas is, vorm deel van die illustrasie. Voorbeelde sluit in:

- reptiel** 'n **Reptiel** is 'n soort dier. Slange, krokodille, skilpaaie, akkedisse en verkleurmannelies is almal **reptiele**.
- groente** **Groente** is plante wat 'n mens kan eet... (pampoens, aartappel, uie, seldery, tamatie, blaarslaai, mielie, kool, komkommer)

Deskriptiewe definisies word ook ingespan, byvoorbeeld:

- enkel** Die **enkel** hou die voet en been aanmekaar.
- eiland** 'n Stuk land met water rondom is 'n **eiland**.
- geraamte** Al die bene in 'n liggaam vorm die **geraamte**.

Voorbeelde van deel-geheel-definisies is veral gevind onder die kategorieë *liggaam* en *plante*, byvoorbeeld:

- been** 'n **Been** is deel van 'n geraamte.
- blaar** 'n **Blaar** is deel van 'n plant.

Sinoniëdefinisies is skaars, maar kom wel voor, byvoorbeeld:

- elmoog** Jou **elmoog** word soms ook 'n gonnabeentjie genoem.

Sirkeldefinisies kom wel voor in hierdie woordeboek, maar dit is nie volop nie, byvoorbeeld:

- woning** 'n **Woning** is die plek waar jy woon.

'n Mate van sirkeldefiniëring word ook gevind in die volgende definisies:

- duikboot** 'n **Duikboot** is 'n boot wat ook onder die water kan vaar.
- straalvliegtuig** 'n **Straalvliegtuig** is 'n vliegtuig wat baie vinnig vlieg.

Hoewel die woorde *boot* en *vliegtuig* van laasgenoemde twee voorbeelde onderskeidelik as lemmas opgeneem is in hierdie woordeboek, is dit nie wenslik om sirkeldefiniëring in 'n kinderwoordeboek in te sluit nie, omdat die inligting dadelik vir die jong woordeboekgebruiker beskikbaar moet wees.

Hierdie woordeboek voldoen grootliks aan die kriterium wat gestel word ten opsigte van die vermyding van sirkeldefiniëring in kinderwoordeboeke.

4.7.1.2 Definiëring van woorde wat in die definiens gebruik word

Nie alle woorde wat in die definisies gebruik word, word elders in die woordeboek verklaar nie. So byvoorbeeld word die woord *feëverhale* gebruik in die definiens van *monster*, maar nie as aparte lemma opgeneem en gedefinieer nie. Dieselfde geld in die geval van *Moslem* en *planeet* (die woord in kursief is telkens die woord wat nie elders in die woordeboek verklaar word nie):

monster	'n Monster is 'n groot en lelike dier wat ons dikwels in <i>feëverhale</i> kry.
moskee	'n Moskee is 'n plek waar <i>Moslems</i> gaan bid.
aarde	Die aarde is die <i>planeet</i> waarop ons woon.

In 3.2.3 is aangetoon dat kinders die basisvlak van kategorisering eerste aanleer. Die basisvlak van *feëverhaal* is waarskynlik *storie* - 'n kind sal byvoorbeeld eerder vir iemand vra om vir hom/haar 'n storie te lees as 'n feëverhaal. Wanneer die kind nou 'n definisie sien wat die woord *feëverhale* bevat, sal hy/sy wil weet wat dit beteken. Hierdie woord is egter nie as lemma in die woordeboek opgeneem nie, en kan daarom nie die woordeboekgebruiker se vraag beantwoord nie. Ten opsigte van die oordrag van semantiese inligting misluk hierdie woordeboekartikel, omdat dit nie voldoen aan die kriterium wat gestel word vir effektiewe woordeboekdefinisies nie, naamlik: definieer elke woord wat in die definiens gebruik word.

4.7.1.3 Volledigheid

In aansluiting by laasgenoemde voorbeelde, voldoen die woordeboek ook nie altyd aan die vereiste van volledigheid in definisies nie. In die volgende voorbeelde word die definisie telkens as die "antwoord" gegee:

VRAAG: Wat is 'n *muskiet*?

muskiet 'n **Muskiet** is 'n klein insek.

VRAAG: Wat is 'n *mier*?

mier 'n **Mier** is 'n baie klein insek.

Bogenoemde definisies impliseer dat daar nie regtig 'n verskil is tussen 'n muskiet en 'n mier nie. Die lemmas *muskiet* en *mier* word dus nie duidelik onderskei van ander lede van die kategorie *insekte* waartoe dit behoort nie. Die definisie kan ook toegepas word om *by*, *kewer* en *vlieg* te verklaar. Ander voorbeelde van onvolledige definisies in hierdie woordeboek is ook gevind:

bobbejaan 'n **Bobbejaan** is 'n soort dier.

groente **Groente** is plante wat 'n mens kan eet.

huis 'n **Huis** is 'n gebou waarin mense woon.

4.7.1.4 Helderheid en ondubbelsinnigheid

Ten opsigte van helderheid en ondubbelsinnigheid skiet die definisies in hierdie woordeboek in die algemeen tekort. Vergelyk die volgende voorbeelde:

muis 'n **Muis** is 'n klein diertjie met 'n skerpe snoet en 'n snorbaard.

In die eerste plek is *klein* relatief tot die gemiddelde grootte van diere, en daarom kan 'n klein hondjie of katjie in terme van hierdie definisie ook aangesien word vir 'n muis. Tweedens kan hierdie definisie ook net so van toepassing wees op *rot*, wat die volgende verklaring het in hierdie woordeboek:

rot 'n **Rot** lyk baie soos 'n groot muis.

Vergelyk ook die definisie vir *ponie*:

ponie 'n **Ponie** is 'n klein perdjie.

Bogenoemde definisie is semanties ondergespesifiseerd, omdat dit impliseer dat enige klein perdjie 'n ponie is, terwyl 'n gewone klein (jong) perdjie as 'n *vul* bekend staan, en ponie slegs verwys na 'n tipe perd wat in die volwasse stadium steeds klein van bou is (vergelyk *HAT*³). Die definisie van *vul* wat in hierdie woordeboek aangebied word, is dieselfde as dié van *ponie*, wat daartoe lei dat geen effektiewe betekenisoordrag plaasvind nie:

vul 'n **Vul** is 'n klein perdjie.

4.7.1.5 Eenvoud

Die definisies wat in hierdie woordeboek aangetref word, is oor die algemeen baie eenvoudig, in dié sin dat relatief eenvoudige woorde in die definisies gebruik word, byvoorbeeld:

skool 'n **Skool** is die plek waar ons leer lees en skryf en somme maak.

huis 'n **Huis** is 'n gebou waarin mense woon.

renoster 'n **Renoster** is 'n groot dier met een of twee horings op sy neus.

haai 'n **Haai** is 'n baie gevaarlike vis.

Woorde wat in die definisies gebruik word, is maklik verstaanbaar vir die kind, omdat dit alledaagse woorde is wat die kind waarskynlik al teëgekrom het in sy/haar omgang met die taal. In hierdie opsig lewer die definisies 'n belangrike bydrae tot die oordrag van die semantiese inligting.

4.7.1.6 Akkuraatheid

As 'n uitloeiing uit onvolledigheid en dubbelsinnigheid is hierdie woordeboek ook nie altyd baie suksesvol wat akkuraatheid betref nie (vergelyk byvoorbeeld die definisies van *ponie* en *vul*). In 4.6.6 word daar verwys na die onakkurate definisies van *olifant* en walvis wat in hierdie woordeboek voorkom. Die volgende definisie lei ook tot onakkurate betekenisoordrag:

spinnepot 'n **Spinnepot** is 'n insek met agt pote.

Die eienskap wat insekte van ander klein diertjies onderskei is reeds die feit dat dit ses pote het, soos aangedui in die definisie van insek in hierdie woordeboek:

insek 'n **Insek** is 'n klein diertjie met ses pote.

'n Spinnekop is lid van die klas *Arachnida* of geleedpotiges. Dit is te verstane waarom die samesteller van die woordeboek nie hierdie inligting as deel van die definisie aangebied het nie, aangesien dit moeilike konsepte is vir die kind om te begryp. Daar is egter ander alternatiewe vir 'n definisie vir *spinnnekop* wat ook verstaanbaar sal wees vir die kind, byvoorbeeld: 'n Spinnekop is 'n klein diertjie met agt pote wat 'n web spin om kos te vang. (In die voorbeeldsin wat verskaf word by die definisie van *spinnnekop* in *My Eerste Woordeboek* word aangedui dat spinnekoppe 'n web spin om kos mee te vang.)

4.7.1.7 Konsekwentheid

Ten opsigte van konsekwentheid slaag hierdie woordeboek grootliks daarin om byvoorbeeld alle insekte en soogdiere op dieselfde wyse te definieer, naamlik deur die genus-differentia-definisie te gebruik. Vergelyk byvoorbeeld:

muis	'n Muis is 'n klein diertjie met 'n skerp snoetjie en 'n snorbaard.
renoster	'n Renoster is 'n groot dier met een of twee horings op sy neus.
otter	'n Otter is 'n dier wat baie tyd in die water deurbring.
by	'n By is 'n insek wat heuning maak.
sprinkaan	'n Sprinkaan is 'n insek wat kan spring.

By die definiering van die seisoene is daar egter glad nie 'n konsekwente wyse van definiering nie:

herfs	Wanneer die somer verby is, word dit herfs .
lente	Lente is die seisoen wat ná die winter kom.
somer	Somer is die warmste seisoen van die jaar.
winter	Die winter is die koudste van die vier seisoene.

In bogenoemde voorbeelde kan prototipisiteit 'n rol speel; 'n mens sal byvoorbeeld die winter met koue assosieer, terwyl 'n mens nie noodwendig in terme van temperatuur dink in die geval van herfs nie.

4.7.1.8 Objektiviteit en neutraliteit

Laastens is daar in hierdie woordeboek geen tekens van subjektiviteit nie. Dit is duidelik dat die leksikograaf sosio-politieke kwessies soos etnisiteit en geslagsrol neutraal hanteer. Dit blyk nie net uit die definisies nie, maar ook uit die karakters wat deurgaans in die woordeboek voorkom (dit verteenwoordig die verskillende etniese groepe in Suid-Afrika). Ten opsigte van objektiviteit en neutraliteit voldoen hierdie woordeboek dus aan die kriterium wat vir definiëring gestel is.

4.7.1.9 Samevatting

Samevattend kan sekere afleidings gemaak word ten opsigte van definiëring in *My Eerste Woordeboek*.

- Van die 139 lemmas wat by hierdie ondersoek betrek is, is net 68 voorsien van leksikografiese definisies, dit wil sê slegs ongeveer die helfte van die lemmas word verklaar met behulp van verbale definisies.
- Uit die agt kriteria wat gestel is vir effektiewe definiëring in kinderwoordeboeke voldoen hierdie woordeboek slegs aan twee, naamlik: eenvoud, objektiviteit en neutraliteit.
- Definisies in hierdie woordeboek voldoen soms, maar nie in alle gevalle nie, aan die kriteria van akkuraatheid, konsekwentheid en vermyding van sirkeldefiniëring.
- Aan vier van die kriteria wat gestel is vir effektiewe definiëring word daar in 'n groot mate nie aan voldoen nie, naamlik: verklaring van alle woorde in die definisie, volledigheid, helderheid en ondubbelsinnigheid.

Die oordrag van semantiese inligting deur middel van definisies is nie oral so effektief nie, omdat daar nie altyd voldoen word aan die genoemde kriteria wat die effektiwiteit van die oordrag van semantiese inligting verseker nie.

4.7.2 *Picture Dictionary for Children: 1500 words explained for the Young Reader*

In hierdie woordeboek is die lemmas alfabeties georden. Nie alle woordeboekartikels is voorsien van 'n illustrasie nie, wat impliseer dat hierdie woordeboek sterk steun op verbale definiëring van die lemmas. In tabel 4.2 word die verhouding tussen aantal lemmas wat in hierdie studie betrek is, en die aantal lemmas wat van leksikografiese definisies voorsien is, aangedui.

KATEGORIE	LEMMAS	DEFINISIES
Diere	18	16
Liggaam	8	6
Voertuie	19	16
Geboue	14	12
Aarde	23	23
Plante	15	10
Seisoene	5	5

Tabel 4.2 Lemmas en definisies in *Picture Dictionary*

Die definisies wat gevind is in onder die genoemde kategorieë sal nou gemeet word aan die kriteria wat gestel is vir effektiewe definiëring in kinderwoordeboeke.

4.7.2.1 Tipes leksikografiese definisies gebruik

Uit tabel 4.2 kom dit duidelik na vore dat die meeste van die lemmas wat in *Picture Dictionary* voorkom van leksikografiese definisies voorsien is. Hierdie definisies word in volsinne aangebied en neem die vorm van 'n verskeidenheid tipes definisies aan. Die definisies wat die algemeenste voorkom, sluit in:

Genus-differentia-definisies, byvoorbeeld:

pet	An animal kept at home in your house or garden.
cottage	A little house in the country.
bank	2. A Building where your money is safely locked away.
greenhouse	A building made of glass where plants are grown.

Veral die ekstensionele definisie word baie gebruik, waar lede uit dieselfde hiërargiese vlak van kategorisering in die definisie genoem word (meegaande illustrasies word meestal verskaf), byvoorbeeld:

aircraft	The name of different kinds of machines that fly. (747-Jumbo, Concorde, Helicopter, Fighter)
herbs	These plants are used for medicine and food. (Thyme, mint, parsley, bay leaves, basil, rosemary)
cereal	Maize, barley, rice, wheat and oats are all cereals.

Deskriptiewe definisies word ook gebruik om betekenis van lemmas te verklaar, byvoorbeeld:

map	A map is a plan of a continent, a country or just a small area.
equator	The imaginary line round the centre of the Earth.
castle	A home for kings and noblemen, with thick, stone towers to keep their enemies out.
branch	The branches are the arms of a tree; they spread out from the trunk.

Deel-geheel- en sinoniemdefinisies kom in enkele gevalle voor, byvoorbeeld:

muscle	Muscles are parts of the body that produces movement, ...(deel-geheel).
cycle	Another word for bicycle (sinoniem).

By die kategorieë wat by hierdie studie betrek is, is geen voorbeelde van sirkeldefinisies gevind nie.

4.7.2.2 Definiëring van woorde wat in die definiens gebruik word

Die woorde wat in die definiens gebruik word, word in die meeste gevalle elders in die woordeboek verklaar, byvoorbeeld:

map	A map is a plan of a continent...
continent	A large mass of land.
land	1. Land is the surface of the Earth that is not sea.
sea	Sea is salt water that covers a great part of the Earth.

cactus	A prickly desert plant.
desert	A land where there is very little water and nothing can grow.
plant	A plant is a living thing which usually grows in soil. It also needs water, air and sunlight.

Enkele uitsonderings is gevind waar moeilike woorde wat in die definisies gebruik is, nie elders verklaar word nie, byvoorbeeld *fog-spawn* in die volgende definisie:

tadpole	A tiny, black creature that wriggles out of frog-spawn, grows quickly and becomes a frog.
----------------	---

Met enkele uitsonderings, voldoen die definisies in hierdie woordeboek aan die vereiste wat gestel word ten opsigte van die verklaring van woorde wat in die definisies gebruik word.

4.7.2.3 Volledigheid

Wat volledigheid betref, voldoen die definisies wat ondersoek is ook aan die vereiste, veral as in ag geneem word dat hierdie woordeboek gerig is op kinders wat pas begin lees het (vergelyk 2.5). Die inligting wat verskaf word in die definisies is volledig en beantwoord die vraag "Wat is dit?", byvoorbeeld:

VRAAG:	Wat is 'n <i>mermaid</i> ?
mermaid	A legendary sea creature with a woman's body and fish's tail for legs.
VRAAG:	Wat is 'n <i>mountain</i> ?
mountain	A gigantic hill with steep rocky sides...

4.7.2.4 Helderheid en ondubbelsinnigheid

In aansluiting by die kriterium van volledigheid kan ook gesê word dat die definisies wat in hierdie woordeboek aangebied word, helder en ondubbelsinnig uiteengesit is vir die teikenbruiker. Lede van bepaalde kategorieë word duidelik van mekaar onderskei, wat meebring dat 'n bepaalde definisie net op een lemma van toepassing kan wees. Die betekenis van die lemma word volledig en verstaanbaar oorgedra, en die sinskonstruksie is eenvoudig en ondubbelsinnig. Vergelyk die volgende voorbeelde:

car	A motor vehicle with an engine and four wheels used to carry people.
aeroplane	A machine with wings that travels through the air, flown by a pilot.
train	An engine pulling carriages or wagons along a track.
canoe	A light, narrow boat, you sit inside and paddle.
ship	A large boat which can cross oceans.
submarine	A boat that can sail on top the water, then dive underneath and stay there.
fish	A fish is a swimming animal which lives in the water. They can breathe underwater through their gills.
octopus	A sea creature with eight arms or tentacles.
reptile	A cold blooded creature with a scaly skin.

4.7.2.5 Eenvoud

In die definisie wat ondersoek is, is dit duidelik dat eenvoud nagestreef word, maar nie ten koste van helderheid nie. Die woorde wat in die definisie gebruik word, is woorde wat ook in algemene omgangstaal gebruik word, en daarom sal dit bekend wees aan die jong taalkonbruiker. Vergelyk die volgende voorbeelde van eenvoudige, duidelike definisies:

knee	This is the joint that makes your leg bend, especially when you kneel.
lake	A large stretch of water with land all around.
stable	A building where horses are kept.

Uit bogenoemde voorbeelde blyk dit dat daar nie altyd gebruik gemaak word van volsinne nie, byvoorbeeld in die geval van *stable* en *lake*. Die definisies is wel duidelik en maklik verstaanbaar, maar vir 'n kind wat nog besig is om te leer lees sal dit waarskynlik beter wees om alle definisies in volledige sinne aan te bied, ten einde ook hul taalvermoë te verbeter.

4.7.2.6 Akkuraatheid

Die helder en eenvoudige definisies dra daartoe by dat die definisies ook akkuraat weergegee word. Geen feitefoute is gevind in die definisies nie, terwyl die verstaanbaarheid vir die jong woordeboekgebruiker behoue bly, ten spyte van relatief moeilike konsepte, byvoorbeeld:

reptile	A cold blooded creature with a scaly skin.
hovercraft	A hovercraft carries passengers just above the sea or land on a cushion of air.
submarine	A boat that can sail on top of the water, then dive underneath and stay there.
volcano	A mountain that throws out red-hot lava, ash and gases through a hole in the top.

4.7.2.7 Konsekwentheid

Om konsekwentheid in hierdie spesifieke woordeboek te illustreer, sal voorbeelde uit die volgende kategorieë gebruik word: *seisoene, geboue en voertuie*.

autumn	The season after summer and before winter when crops are harvested.
spring	The first season of the year. Winter has passed and things start to grow.
summer	The warmest season of the year.
winter	The coldest season of the year. Nights are long and dark and the days are short with frost and snow.
bank	2. A Building where your money is safely locked away.
barn	A farm building used for storage.
stable	A building where horses are kept.
greenhouse	A building made of glass where plants are grown.
aeroplane	A machine with wings that travels through the air, flown by a pilot.
ship	A large boat which can cross oceans.
submarine	A boat that can sail on top the water, then dive underneath and stay there.

Die eerste twee *seisoene* word gedefinieer in terme van hul posisie in die siklus, terwyl die laaste twee seisoene gedefinieer word in terme van eienskappe daarvan. Dit is ook onduidelik uit die woordeboek waarom *lente* gedefinieer word as die eerste seisoen van die jaar. Dis egter moontlik dat prototipisiteit 'n invloed kan hê op die keuse van definisietipes in hierdie geval.

In die kategorieë *geboue* en *voertuie* word die definisies grootliks op konsekwente wyse aangebied deur gebruik te maak van veral genus-differentia-definisies. Hierdie woordeboek hanteer dus in die meeste gevalle verwante woorde op konsekwente wyse.

4.7.2.8 Objektiviteit en neutraliteit

Ten opsigte van objektiviteit en neutraliteit wil dit voorkom asof hierdie woordeboek voldoen aan die vereiste wat gestel word vir effektiewe definiering. Die definisies wat betrek is, bied die inligting op neutrale wyse aan, soos gesien kan word uit die volgende voorbeeld:

church People pray and worship in a building called a church.

Hierdie definisie maak voorsiening daarvoor dat nie alle mense kerk toe gaan nie, maar noem dat dit die plek is waarheen mense gaan om te aanbid. Dit maak ook voorsiening daarvoor dat mense van verskillende gelowe kerk toe gaan, deur die kerk nie te verbind tot een geloofsgroep, byvoorbeeld Protestante, Katolieke of Jode nie.

4.7.2.9 Samevatting

Samevattend kan die volgende afleidings gemaak word ten opsigte van definiering in *Picture Dictionary*:

- Van 1500 lemmas in die woordeboek, is 102 lemmas betrek by hierdie ondersoek, en 88 daarvan word verklaar met behulp van leksikografiese definisies. Dit is dus duidelik dat hierdie woordeboek steun op definisies om semantiese inligting oor te dra.
- Die definisies wat in hierdie woordeboek aangebied word, voldoen in 'n hoë mate aan die kriteria wat gestel word vir effektiewe definiering - uit die agt kriteria wat gestel is, word daar aan sewe voldoen.

- Ten opsigte van konsekwentheid voldoen hierdie woordeboek nie in alle gevalle aan die vereistes vir definisies in kinderwoordeboeke nie.

Die definisies in *Picture Dictionary* wat betrek is in hierdie studie is grootliks geslaagd ten opsigte van oordrag van semantiese inligting, omdat daar in 'n hoë mate voldoen is aan die kriteria wat gestel is vir effektiewe definiering in 'n kinderwoordeboek.

4.7.3 *Sesamstraat Woordenboek*

Die Nederlandse kinderwoordeboek *Sesamstraat Woordenboek* bied die lemmas tematies aan, en die definisies word in volsinne gegee. Die lemmas wat saam gerangskik is, is almal verbandhoudende begrippe wat die betrokke woorde binne 'n bepaalde semantiese raamwerk plaas. Elke kategorie word duidelik van die volgende onderskei deurdat dit in groot letters regs bo aan die bladsy genoem word, byvoorbeeld: *oarde, lichaam, beroepen, muziek, tegengestelden, doe-woorden*, ensovoorts. Verder word daar slegs een kategorie se lemmas op 'n dubbelblad geplaas, wat verwarring uitskakel.

Die woorde wat in hierdie woordeboek as lemmas opgeneem is, is agter in die woordeboek in alfabetiese volgorde geïndekseer en van bladsyverwysings voorsien. Dit dra daartoe by dat die woordeboek meer toeganklik gemaak word, deurdat 'n woord maklik gevind kan word as die gebruiker nie weet onder watter kategorie om te soek nie.

Deurdat die lemmas tematies gerangskik word, is baie lemmas op implisiete wyse voorsien van 'n genus-differentia-definisie. So byvoorbeeld word *hut* voorsien van 'n genuskonsep *gebou* deurdat dit onder die kategorie *gebouwen* geplaas word:

hut Een hut is een ruimte die klein en eenvoudig is.

Dieselfde geld ook in die geval van byvoorbeeld liggaamsdele wat implisiet voorsien is van deel-geheel-definisies deurdat dit onder die kategorie *lichaam* opgeneem is. Die genuskonsep word egter nie in die definisie herhaal nie.

In hierdie studie is slegs die eksplisiete definisies betrek. Tabel 4.3 toon die aantal lemmas wat gevind is onder die bepaalde kategorieë, asook die aantal lemmas wat van leksikografiese definisies voorsien is. Dit is ook nodig om in ag te neem dat een lemma wel onder meer as een kategorie geklassifiseer kan word. Vir hierdie studie is alle lemmas wat moontlik onder die betrokke kategorieë geplaas kan word, in ag geneem.

KATEGORIE	LEMMAS	DEFINISIES
Diere	20	18
Liggaam	21	21
Voertuie	18	18
Geboue	14	11
Aarde	15	15
Plante	7	6
Seisoene	5	5

Tabel 4.3 Lemmas en definisies in *Sesamstraat Woordenboek*

4.7.3.1 Tipes leksikografiese definisies gebruik

'n Groot verskeidenheid definisies word in hierdie woordeboek gebruik, en dit sal vervolgens aan die hand van voorbeelde geïllustreer word.

Genus-differentia-definisies word dikwels gebruik, byvoorbeeld:

- varken** Een varken is een dik dier met korte poten en een krulstaart.
- brandweerauto** Een auto met slangen om brand te blussen is een brandweerauto.
- metro** De metro is een trein die onder de grond rijdt.
- huis** Een huis is een gebouw om in te wonen.
- eiland** Een eiland is een stuk land met aan alle kanten water eromheen.

In enkele gevalle word daar ook gebruik gemaak van ekstensionele definisies saam met 'n intensionele/deskriptiewe definisie, byvoorbeeld:

- vervoermiddel** Een vervoermiddel is iets waarmee mensen van de ene plaats naar de andere kunnen gaan.
Een auto, een slee en een vliegtuig zijn vervoermiddelen.

Dit is egter so dat ekstensionele definisies implisiet gegee word wanneer lemmas onder bepaalde kategorieë gerangskik en gedefinieer word, byvoorbeeld verskillende soorte geboue of voertuie.

Deskriptiewe definisies kom ook voor, byvoorbeeld:

berg	Een berg is een grote bobbel op de aarde.
rivier	Een rivier is een stroom water die uitkomt in een andere rivier, een meer of een zee.
meer	Een meer is een groot stuk water met land eromheen.

'n Kombinasie van die genus-differentia- en deskriptiewe definisies kom ook voor, byvoorbeeld:

vis	Een vis is een dier dat in het water leeft. Een vis haalt adem door speciale openingen. Dat zijn kieuwen. De meeste vissen hebben vinnen. Hun huid is bedekt met schubben.
------------	--

Deel-geheel-definisies word veral ingespan by die definiëring van liggaamsdele, byvoorbeeld:

vinger	Je vinger is een deel van je hand.
mond	Je mond hoort ook bij je gezicht. Met je mond eet je, drink je en spreek je .
tand	Een tand is een deel van je gebit. Je tanden staan op een rij in je mond. Je bijt en kauwd ermee.

Geen voorbeelde van sirkeldefinisies is gevind nie, en dit is daarom duidelik dat daar voldoen word aan die kriterium wat gestel word ten opsigte van sirkeldefiniëring in kinderverwoordeboeke.

4.7.3.2 Definiëring van woorde wat in die definiens gebruik word

Woorde wat in die definisies gebruik word, word grootliks elders in die woordeboek verklaar. Wat egter 'n probleem kan wees, is dat daar nie oral direkte kruisverwysings is na die kategorie waar die woord as lemma voorkom nie. Die woordeboekgebruiker moet dan eers die register (agter in die woordeboek) raadpleeg, voordat hy/sy die betekenisverklaring van 'n bepaalde woord sal kry, byvoorbeeld:

aarde	De aarde is die <i>wereld</i> waarop we leven. (Kategorie <i>luchtvacart, ruimtevacart</i>)
wereld	Een wereld is een planeet. Onze wereld is die planeet <i>aarde</i> . (Kategorie <i>aarde</i>)
land	Land is dat deel van die <i>aarde</i> waar geen water is. (Kategorie <i>aarde</i>)

In bogenoemde voorbeelde word die woord *planeet* nie in die woordeboek verklaar nie. Aangesien dit 'n redelike moeilike woord vir 'n kind kan wees, sou dit wenslik wees dat hierdie woord ook as lemma opgeneem en verklaar word. Daar is egter nie verdere voorbeelde gevind van woorde wat nie verklaar word nie. In die geheel gesien kan dus gesê word dat hierdie woordeboek grootliks voldoen aan die kriterium wat gestel word ten opsigte van die woorde wat in die definies gebruik word.

4.7.3.3 Volledigheid

Die definisies wat in hierdie woordeboek aangebied word, wissel ten opsigte van volledigheid van die inligting wat verskaf word. Vergelyk byvoorbeeld die volgende definisies onder die kategorie *gebouwen*.

VRAAG:	Wat is 'n <i>hotel</i> ?
hotel	Een hotel is een gebouw waar mensen betalen om de nacht door te brengen als ze op reis gaan.
VRAAG:	Wat is 'n <i>paleis</i> ?
paleis	Een paleis is een mooi, groot gebouw.

In die eerste voorbeeld bied die definisie 'n direkte, volledige antwoord op die vraag. Wanneer dieselfde vraag gevra word in die geval van *paleis* is die antwoord egter redelik vaag. Dit is wel so dat die meeste paleise gesien word as mooi, groot geboue, maar dieselfde kan gesê word van 'n pragtige huis of hotel. Ten einde die definisie vollediger te maak kon die leksikograaf bygevoeg het dat dit 'n paleis die huis van koninklikes is.

Ook in die geval van *duim* is die definisie nie volledig nie. Hierdie definisie toon nie duidelik aan watter spesifieke vinger die *duim* genoem word nie, terwyl die definisie van *vinger* nie ook lig daarop werp nie:

duim	Je duim zit aan je hand. Het is een van de vingers.
vinger	Je vinger is een deel van je hand. De meeste mensen hebben vijf vingers aan elke hand.

Deur by te voeg dat die duim die dikste en kortste van die vingers is, kan die definisie vollediger gemaak word. Sodoende kan onduidelikhede uit die weg geruim word. Hierdie voorbeelde is egter uitsonderlike gevalle in die woordeboek, terwyl die oorgrote meerderheid definisies volledig is, en daarom voldoen hierdie woordeboek wel grootliks aan hierdie kriterium vir definisies.

4.7.3.4 Helderheid en ondubbelsinnigheid

Die definisies wat aangebied word, is oor die algemeen duidelik geformuleer. Voorbeelde van vae en/of dubbelsinnige definisies is nie gevind nie. Die helder definisies in hierdie woordeboek dra by tot die suksesvolle oordrag van die betekenis van die lemma, byvoorbeeld:

insekt	Een insekt is een klein dier met zes poten.
garage	Een garage is een plaats om auto's op te bergen. Het is ook een plek waar auto's herstel word.
gezicht	Je gezicht is de voorkant van je hoofd.

4.7.3.5 Eenvoud

Die meeste definisies word in eenvoudige sinne weergegee, sonder om besonder moeilike woorde te gebruik om die betekenis van die woord oor te dra. Hierdie woordeboek is daarom ook suksesvol ten opsigte van eenvoud in die definiëeringsmetode. Vergelyk byvoorbeeld die volgende definisies van redelike moeilike begrippe:

De **noordpool** is het bovenste uiteinde van de aarde. De **zuidpool** is het onderste uiteinde van die aarde.

zaad Zaad is het allereerste begin van een plant. Het zaadje groeit uit tot een plant.

Dit blyk uit bogenoemde voorbeelde dat konsepte wat vir 'n kind redelik moeilik sal om te verstaan, op 'n eenvoudige wyse in die definisies verklaar word, sonder dat die betekenis van die woord verlore gaan.

4.7.3.6 Akkuraatheid

Hoewel die definisies eenvoudig is ten opsigte van sinskonstruksie en definisiewoordeskat, is die feitelike inligting wat oorgedra word korrek. Geen definisies wat feitelik foutiewe inligting bevat, is gevind nie. Definisies in hierdie woordeboek voldoen daarom ook aan die kriterium van akkuraatheid.

4.7.3.7 Konsekwentheid

'n Hoë mate van konsekwentheid word gehandhaaf ten opsigte van die definisies. As daar gekyk word na die voorbeeld van die *seisoene* kan gesien word dat die vier seisoene almal gedefinieer word in terme van hul posisie en die weersomstandighede waardeur dit gekenmerk word:

lente	Lente is de naam voor het jaargetij dat na winter komt. Het weer is zacht. Die dagen worden langer.
zomer	Zomer is de naam van het warme jaargetij dat na de lente komt... De dagen zijn lang en het is warm.
herfst	Herfst is de naam van het jaargetij dat na de zomer komt. Het is vaak guur weer en de dagen worden korter.
winter	Winter is de naam voor het koude jaargetij. Als de herfst voorbij is komt de winter. De dagen zijn kort.

So ook word byvoorbeeld verskillende liggaamsdele, vervoermiddels en geboue op min of meer dieselfde wyse gedefinieer.

4.7.3.8 Objektiviteit en neutraliteit

Soos in die geval van die vorige twee woordeboeke wat bespreek is, is die definisies in hierdie woordeboek op 'n objektiewe en neutrale wyse geformuleer. Deur in die woordeboek gebruik te maak van bekende televisiekarakters word dit wat in die woordeboek weergegee word, verbind aan die karakters se persoonlikhede en nie aan die leksikograaf nie. Geen voorbeelde van subjektiviteit is in die definisies gevind nie.

4.7.3.9 Samevatting

Uit die bespreking kan die volgende afleidings nou gemaak word:

- In hierdie woordeboek is 100 lemmas ondersoek, waarvan 94 voorsien is van leksikografiese definisies. Slegs in enkele gevalle word definisies nie gebruik om betekenisinligting in verband met die lemma oor te dra nie.
- Agt van die kriteria wat gestel word vir effektiewe definiëring in kinderwoordeboeke word toegepas, met uitsonderings van definisies van enkele lemmas.

Gemeet aan die kriteria wat gestel word vir effektiewe definiëring, blyk dit uit die bespreking dat die definisies in *Sesamstraat Woordenboek* grootliks suksesvol is in die oordrag van semantiese inligting aan die jong woordeboekgebruiker.

4.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is verskeie perspektiewe op die definisie bespreek, en 'n werkdefinisie is geformuleer vir die term *leksikografiese definisie*. Die struktuur en funksies van die leksikografiese definisie is ook ondersoek. Verskillende tipes definisies wat in kinderwoordeboeke aangetref word, is onderskei en bespreek. Daarna is agt kriteria vir effektiewe definiëring geïdentifiseer, en die leksikografiese definisies in drie verskillende woordeboeke is gemeet aan hierdie kriteria. Die bevindinge word samevattend in tabel 4.4 uiteengesit:

Nadat die woordeboeke aan die kriteria vir effektiewe definiëring gemeet is, is gevind dat *My Eerste Woordeboek* nie volkome daarin slaag om semantiese inligting deur middel van definisies oor te dra nie. *Picture Dictionary* en *Sesamstraat Woordenboek* pas in vele opsigte die kriteria vir effektiewe definiëring toe, en die definisies in hierdie woordeboeke is daarom grootliks geslaagd ten opsigte van die oordrag van semantiese inligting.

Uit hierdie hoofstuk het dit telkens geblyk dat leksikografiese definisies nie die enigste draers van semantiese inligting in kinderwoordeboeke is nie. Illustrasies en voorbeeldmateriaal beslaan 'n redelike groot deel van die woordeboekartikel in 'n kinderwoordeboek en kan moontlik ook 'n belangrike rol speel as verklaringsmeganismes. Illustrasies en voorbeeldmateriaal in die woordeboek kan daarom ook as eiessoortige definisietipes geklassifiseer word, naamlik ostensiewe en kontekstuele definisies, wat twee soorte pragmatiese definisies is. Vervolgens sal ostensiewe definisies, oftewel illustrasies, in hoofstuk 5 ondersoek word.

KRITERIUM	<i>My Eerste Woordeboek</i>	<i>Picture Dictionary</i>	<i>Sesamstraat Woordenboek</i>
Vermydning van sirkeldefiniëring	Gedeeltelik	Ja	Ja
Definiëring van woorde in definiens	Nee	Ja	Ja
Volledigheid	Nee	Ja	Ja
Helderheid en ondubbelsinnigheid	Nee	Ja	Ja
Eenvoud	Ja	Ja	Ja
Akkuraatheid	Gedeeltelik	Ja	Ja
Konsekwentheid	Gedeeltelik	Gedeeltelik	Ja
Objektiwiteit en neutraliteit	Ja	Ja	Ja

Tabel 4.4 Samevatting van evaluering van definisies in drie kinderwoordeboeke

HOOFSTUK 5

Illustrasies in kinderwoordeboeke - 'n kritiese beskouing

5.1 INLEIDING

Kinders leer hul eerste woorde deur assosiasies te maak tussen dit wat hulle in die wêreld om hulle waarneem en dit wat hulle hoor, soos byvoorbeeld wanneer 'n kind woorde soos *mamma*, *poppa*, *kat*, ensovoorts aanleer (Burling, 1992:33-34). Stein (1991:99) beweer daarom tereg dat sig die belangrikste sintuig is wat 'n rol speel by die kognitiewe en linguistiese ontwikkeling van die mens. Beheydt (1997:75) beweer ook dat woorde makliker onthou word wanneer meer inligting daarvoor voorsien word:

Een woord word namelijk in het geheugen opgeslagen met een aantal 'attributen'. Als 'attributen' van een woord kan mens zowel denken aan zijn geskreven vorm, zijn denkvorm, zijn betekenis, zijn afbeelding, zijn vertaling als aan zijn vaste context.

Dit wat in alledaagse taalgebruik plaasvind, word ook weergegee in boeke. Linguistiese kennis en norme word weergegee in onder andere woordeboeke (Stein, 1991:99), en illustrasies word dikwels ook hier ingespan om betekenis van woorde duideliker aan die woordeboekgebruiker oor te dra (vergelyk Landau, 1989:111; Svensén, 1993:167). Aangesien teoretiese aspekte van visuele waarneming en ontwikkeling baie omvangryk is, word hierdie studie gesetel in die teoretiese raamwerke van Rood (1995) en Al-Kasimi (1983).

Hierdie hoofstuk het ten doel om die rol van illustrasies, as ostensiewe definisies, in die oordrag van semantiese inligting in kinderwoordeboeke te ondersoek. Die aard en aanbieding van illustrasies in woordeboeke in die algemeen sal eers bespreek word. Daarna sal funksies van illustrasies in kinderwoordeboeke ondersoek word. Verskillende tipes illustrasies sal ook kortliks bespreek word, waarna daar gepoog sal word om kriteria daar te stel vir effektiewe illustrasies in kinderwoordeboeke. Laastens sal drie kinderwoordeboeke waarin illustrasies 'n prominente rol speel, gemeet word aan hierdie kriteria.

5.2 DIE AARD VAN ILLUSTRASIES IN WOORDEBOEKE

Verskeie outeurs is van mening dat illustrasies deel vorm van ensiklopediese inligting in die woordeboek (Bergenholtz & Tarp, 1995:159; Geeraerts & Janssens, 1982:19). Gouws (1989:186) redeneer dat illustrasies (indien dit funksioneel aangebied word) deel vorm van ostensiewe definiering waarvolgens betekenis van woorde verklaar word binne die konteks waarin die woord gebruik word (vergeelyk ook Burling, 1992:34). Daar word dus van die standpunt uitgegaan dat illustrasies 'n belangrike rol kan speel ten opsigte van die oordrag van semantiese inligting in woordeboeke. Die kognitief-linguistiese siening dat verskillende tipes inligting nie van mekaar geskei kan word nie (vergeelyk 1.2), word bevestig deur hierdie rol van illustrasies in woordeboeke. Dit impliseer egter nie dat die definisie in die woordeboek vervang kan word met slegs 'n illustrasie nie. Ten einde funksioneel en effektief te wees, moet die illustrasie eerder sáám met die definisie of ander taalkonstruksies aangebied word (vergeelyk Al-Kasimi, 1983:96; Gouws, 1989:186). Landau (1989:111-112) spreek hom soos volg hieroor uit:

It (illustrasies - AP) thus performs graphically what an illustrative phrase or sentence does verbally. To say that a picture obviates the need for definition makes the mistake of substituting an example representing a class of things... for the qualities that define the object.

Landau (1989:111-112) suggereer nie net die sterk verwantskap tussen illustrasie en definisie nie, maar ook die verwantskap tussen illustrasie en voorbeeldmateriaal. Die illustrasie kan daarom in die woordeboek aangewend word as deel van die definisie en/of die voorbeeldmateriaal.

5.3 VERSKILLENDE TIPES ILLUSTRASIES IN WOORDEBOEKE

Illustrasies word in 'n wye verskeidenheid woordeboeke aangetref, byvoorbeeld prentwoordeboeke, kinderwoordeboeke, aanleederswoordeboeke, tweetalige woordeboeke, omvattende woordeboeke, ensovoorts (vergeelyk Al-Kasimi, 1983:97; Stein, 1991:100). Svensén (1993:169) is van mening dat illustrasies veral belangrik is in kinderwoordeboeke en aanleederswoordeboeke (vergeelyk ook Landau, 1989:115). Die aanbieding van illustrasies moet egter altyd gerig wees op die tekengebruiker van die woordeboek.

Uit die literatuur blyk dit dat daar in woordeboeke gebruik gemaak kan word van foto-illustrasies of tekeninge as visuele voorstellings van die konsep (vergeelyk Bester, 1982:42-45; Landau, 1989:112-115). Volgens Svensén (1993:171) berus die klassifikasie van die tipes illustrasies egter op die aard van dit wat daardeur voorgestel word, en nie die wyse waarop

dit aangebied word nie (vergelyk ook Stein, 1991:107). Na aanleiding van hierdie verskillende perspektiewe sal die tipes illustrasies wat in woordeboeke voorkom bespreek en verduidelik word volgens die wyse waarop dit aangewend word, sowel as die aard van dit wat daardeur voorgestel word.

5.3.1 Tipering volgens wyse van voorstelling


5.3.1.1 Foto-illustrasies

Bester (1982:42) noem dat foto's by uitstek geskik is vir gebruik in kindertydskrifte, omdat dit die voorkoms van iets dadelik in sy totaliteit oordra, teenoor die meer omslagtige proses waardeur die begrip woordeliks verduidelik word. Om dieselfde rede kan aanvaar word dat foto's ook geskik sal wees in kinderwoordeboeke waar daar deurgaans informasie en beskrywings oor verskillende konsepte gegee word. Verder noem Bester (1983:43) dat die kind 'n foto makliker verstaan, omdat dit lewensgetroue weergawes gee van die dinge wat die kind om hom/haar waarneem (vergelyk ook Landau, 1989:112; Svensén, 1993:169).

Kujoth (1970:27) meen dat foto's 'n belangrike metode van illustrasie is en dat dit gewild is onder kinders. Verder word genoem dat daar verkieslik net een objek in die foto-illustrasie moet wees, aangesien te veel detail en aksie meer verwarrend as informatief kan wees. Landau (1989:113) sluit hierby aan:


...in a photograph everything is uniformly reduced, the important foreground as well as the unimportant background. Photographs are often too detailed, too 'busy', to highlight the very features that one wants to emphasize. (Landau, 1989:113.)

Dit gebeur nie altyd dat te veel detail in 'n foto verskaf word nie. Met behulp van sekere redigeringsstegnieke kan bepaalde voorwerpe in die foto geïsoleer word, soos wat gevind kan word in *Visuele Woordeboek vir Kinders* (vergelyk ook Cianciolo, 1970:38). In hierdie woordeboek word daar van baie foto-illustrasies gebruik gemaak. Die relevante afbeelding van 'n voorwerp is dikwels geïsoleer teen 'n wit agtergrond geplaas, soos in die geval van *spykerskoen*, *reddingsboei*, *duisendpoot* en vele meer.



Figuur 5.1

In sommige gevalle is die detail in die foto juis belangrik om die betekenis van 'n woord te kommunikeer, omdat dit die verhouding tussen die bepaalde voorwerp en die omgewing waarin dit voorkom, aandui. Voorbeelde uit *Visuele Woordeboek vir Kinders* sluit onder andere *waterval* en *huise op die platteland* in.



Figuur 5.2

Landau (1989:112-113) en Svensén (1993:170) maak melding van die feit dat foto-illustrasies gewoonlik meer plek in beslag neem as tekeninge, omdat 'n foto groter moet wees om al die nodige detail vir die duidelike verklaring van die konsep te in te sluit. In aansluiting hierby kan ook genoem word dat die gebruik van foto's die produksiekoste van 'n woordeboek aansienlik kan verhoog, wat inderdaad 'n oorweging is vir die gebruik van foto-illustrasies in kinderwoordeboeke

5.3.1.2 Tekeninge

Onder die term *tekeninge* word alle handuitgevoerde illustrasies soos sketse, geverfde illustrasies, ensovoorts ingesluit. Landau (1989:112) noem dat 'n goeie tekening met duidelike detail dikwels baie meer informatief is as 'n foto. In 'n tekening kan die kunstenaar sekere aspekte beklemtoon en ander uitlaat, sodat die skets duidelik en verklarend optree. Landau (1989:112) en Svensén (1993:169) is dit eens dat 'n tekening verskeie tipiese eienskappe van 'n bepaalde kategorie kan uitbeeld (met ander woorde die prototipe), terwyl die foto-illustrasie net byvoorbeeld een spesifieke koei van 'n spesifieke beesras (soos 'n Jersey-koei) uitbeeld onder die lemma *koei*.

Landau (1989:113) noem ook dat tekeninge meer effektief aangewend kan word in die woordeboek as foto-illustrasies. Hierdie moet egter nie as finale uitspraak oor illustrasies in kinderwoordeboeke beskou word nie, aangesien dit reeds duidelik blyk dat die kinderwoordeboek 'n besondere soort aanleerderswoordeboek is wat in die behoeftes van 'n unieke tekengebruiker moet voorsien.

5.3.2 Tipering volgens aard van voorstelling


5.3.2.1 Enkele voorwerpe

Hierdie tipe illustrasie bevat slegs 'n enkele voorwerp wat die betekenis van die lemma verklaar. Hierdie enkele voorwerp verteenwoordig gewoonlik die prototipe van 'n klas, byvoorbeeld die illustrasie van *king* in *Picture Dictionary*.



Figuur 53

Wanneer verskillende lede van 'n klas baie van mekaar verskil in voorkoms, word 'n opskrif by die illustrasie verskaf, byvoorbeeld in die geval van *snake* in *Dictionary of Contemporary English*, waar die illustrasie spesifiek 'n kobra voorstel.



Figuur 54


Illustrasies wat dele van 'n enkele voorwerp benoem, word ook onder hierdie tipe illustrasie gereken, byvoorbeeld *oog* in *Sesamstraat Woordenboek*.



Figuur 55

5.3.2.2 Verskillende lede van dieselfde klas

In sommige gevalle verteenwoordig die lemma die superordinaat, terwyl die illustrasie verskillende lede van die bepaalde klas voorstel, byvoorbeeld in geval van *gereedschap* in *Sesamstraat Woordenboek*. In die illustrasie word verskillende tipes gereedschap aangedui, wat die basisvlak van kategorisering verteenwoordig.




Figuur 5.6

5.3.2.3 Voorwerp en konteks

Wanneer 'n voorwerp binne 'n normale konteks geïllustreer word, moet dit baie duidelik herkenbaar wees in die illustrasie. Ten einde die voorwerp duidelik te identifiseer, kan daar gebruik gemaak word van byvoorbeeld 'n pyltjie wat na die betrokke voorwerp wys.

Voorbeelde van voorwerpe wat binne bepaalde kontekste geïllustreer word, is volop in kinderwoordeboeke, hoewel die hoeveelheid konteks wat verskaf word, verskil van woordeboek tot woordeboek. Vergelyk byvoorbeeld die tekening van *engine* in *Picture Dictionary* en *sandaal* in *My Eerste Woordeboek*.




Figuur 5.7

Wanneer bogenoemde tekeninge vergelyk word met *huise op die platteland* (figuur 5.2), is dit duidelik dat foto-illustrasies dikwels meer gedetailleerde konteks verskaf as tekeninge.

5.3.2.4 Funksie-illustrasie


In hierdie tipe illustrasie word die funksie van die voorwerp geïllustreer, ten einde die betekenis van die konsep makliker aan die woordeboekgebruiker oor te dra. Vergelyk byvoorbeeld die illustrasies van *tregter* in *My Eerste Woordeboek* en *magnet* in *Picture Dictionary*.



Figuur 5.8

5.3.2.5 Bepaalde konsep en verwante konsepte

Hierdie tipe illustrasie plaas die konsep wat geïllustreer moet word binne 'n semantiese netwerk. Volgens Svensén (1993:178) is hierdie tipe illustrasie baie geskik om in aanleerderswoordeboeke (en daarom ook kinderwoordeboeke) te gebruik, aangesien woorde makliker geleer word wanneer dit in verband gebring word met verwante konsepte. So 'n voorbeeld is gevind by die lemma *hawe* in *Visuele Woordeboek vir Kinders*, waar konsepte wat semanties aan mekaar verwant is, duidelik in die illustrasie aangetoon word.



Figuur 5.9

5.4 FUNKSIES VAN ILLUSTRASIES

Dit spreek vanself dat illustrasies in kinderwoordeboeke 'n noemenswaardige funksie moet vervul ten einde dit die moeite en koste daaraan verbonde werd te maak. Ten einde die funksies van illustrasies in kinderwoordeboeke te bepaal, sal daar vervolgens eers in die algemeen ondersoek ingestel word na die funksies van illustrasies in woordeboeke. Aangesien die kinderwoordeboek ook 'n tipe kinderboek is, sal daar ook gekyk word na die funksies van illustrasies in kinderlektuur. Na aanleiding van bogenoemde sal die funksies van illustrasies in kinderwoordeboeke dan omskryf word.

5.4.1 Funksies van illustrasies in woordeboeke

Volgens Al-Kasimi (1983:98) is die **ondersteuning van die verbale teks** 'n belangrike funksie van illustrasies, veral as die woordeboekgebruiker met die illustrasie kan identifiseer en daarop kan reageer. Ook Gouws (1993:45) en Svensén (1993:167) noem dat die visuele ondersteuning van die verbale beskrywing een van die belangrikste funksies van illustrasies in woordeboeke is. Illustrasies is in baie gevalle meer beskrywend as woorde, omdat tipiese eienskappe van dit wat beskryf word, dikwels beter weergegee kan word in een illustrasie as in woorde:

Ze (illustrasies - AP) maken het o.a. mogelijk gegevens die verbaal moeilijk of slechts op omslachtige wijze weer te geven zijn, op een eenvoudige manier voor te stellen (een foto van een kangeroe is duidelijker dan een beschrijving ervan). (Geeraerts & Janssens, 1982:19; vergelyk ook Svensén, 1993:167.)

Landau (1989:111) waarsku egter dat die illustrasie nie die definisie moet vervang nie, omdat dit slegs enkele voorbeelde in 'n bepaalde kategorie kan uitbeeld. Dit is byvoorbeeld nie prakties om illustrasies van alle verskillende tipes voëls in die kinderwoordeboek te plaas nie, omdat dit te veel plek in beslag sal neem, en dit ook nie regtig sal bydra tot 'n beter begrip van die konsep nie. 'n Duidelike definisie van *voël* en 'n illustrasie van 'n paar tipiese voëls om die definisie te ondersteun, behoort voldoende te wees om die begrip by die kind tuis te bring.

In aansluiting by bogenoemde stelling kan 'n tweede funksie van illustrasies onderskei word, naamlik dat illustrasies veralgemeende of **prototipiese voorbeelde** aanbied om die bepaalde konsep te verduidelik (Al-Kasimi, 1983:98). Hoewel die illustrasie 'n bepaalde lid verteenwoordig van die betrokke kategorie wat ter sprake is, meen Landau (1989:111) dat dit nie die volle betekenisfeer van die konsep kan omvat nie. In 'n sekere sin sluit hierdie funksie dus aan by die ondersteuning van die verbale omskrywing van die konsep. So byvoorbeeld kan daar by die lemma *blom* 'n illustrasie van 'n madeliefie verskaf word. Die madeliefie kan gereken word as 'n prototipiese blom met tipiese eienskappe (soos byvoorbeeld die ronde, geel kern met 'n enkellaag helderkleurige kroonblare wat daarom gerangskik is). Illustrasies van blomme soos proteas, aronskelke en leuebekkies ter verklaring van die lemma *blom* sal nie so effektief wees in 'n woordeboek nie, omdat dit nie beskou kan word as tipiese blomme nie.

Bartholomew en Schoenhals (1983:223-224) noem verder dat die gebruik van illustrasies in woordeboeke die woordeboekgebruiker help om **meer begrip** te kry van **sekere semantiese domeine**. Hier word veral gedink aan konsepte wat kultuurspesifiek en dus vreemd is vir die woordeboekgebruiker, soos byvoorbeeld *asxema*, *braaivleis* en *balkie* (voertuig), wat kenmerkend is van die Suid-Afrikaanse kultuur, en *igloes* wat hoort tot die Eskimo's se kultuur.

In sodanige gevalle word die betekenis van die betrokke woord beter gekommunikeer deur middel van 'n illustrasie, as wanneer slegs 'n verbale beskrywing van die saak gegee word.

'n Laaste belangrike funksie van illustrasies in woordeboeke is veral van toepassing op aanleerderswoordeboeke, naamlik dat illustrasies **leer bevorder** (Svensén, 1993:167-168). 'n Illustrasie kan volgens Svensén (1993:168) 'n herinnering oproep van die woordeboekgebruiker se vorige ervarings en hom/haar help om 'n nuwe of bykomende perspektief op 'n saak te kry. Sodoende word sy/haar nuuskierigheid geprikkel om meer te leer (vergelyk ook Bartholomew & Schoenhals, 1983:223).

5.4.2 Funksies van illustrasies in kinderlektuur

Die eerste funksie van illustrasies in kinderlektuur wat Lohann (1969:1) identifiseer, is die **dekoratiewe funksie** van die illustrasie in kinderboeke:

Voorkoms speel by die kind en jeugdige 'n groter rol as by die volwassene, omdat die kind by gebrek aan lewenservaring en insig hom meer laat lei deur wat hy met sy sintuie waarneem. Hulle hou daarom van boeke wat met die eerste oogopslag as mooi beskryf kan word. (Lohann, 1969:1.)

'n Boek met byvoorbeeld 'n kleurvolle, interessante buiteblad en mooi illustrasies, sal die kind se aandag trek en hom/haar nooi om die boek verder te verken. Dit maak die boek suksesvol ten opsigte van die dekoratiewe funksie van illustrasies.

Pienaar (1968:72) noem dat illustrasies egter nooit net as versiering dien in kinderboeke nie, maar dat dit ook 'n belangrike funksie by die **toeligting van die teks** vervul (vergelyk ook Linders-Nouwens *et al.*, 1986:41; Lohann, 1969:3; Ray, 1974:165; Rood, 1995:27). Die illustrasie vorm 'n eenheid met die teks en help die kind om die teks beter te verstaan. Veral vir jonger kinders is hierdie 'n belangrike aspek van illustrasies in boeke (Linders-Nouwens *et al.*, 1986:41; Ray, 1974:165). Sodoende ondersteun die illustrasie die teks en dra inligting oor wat nie verbaal oorgedra word nie. Wanneer die kind byvoorbeeld 'n boek lees met woorde en konsepte wat vir hom/haar vreemd is, sal die illustrasie help om die betekenis daarvan te kommunikeer. In aansluiting hierby noem Lohann (1968:4) dat die illustrasie help om die verhaal weer te gee (vergelyk ook Steenberg, 1986:44). Wanneer 'n mens 'n sprokie soos *Die drie varkies* as voorbeeld neem, kan die geskrewe teks aangevul word deur illustrasies wat wys hoe die drie varkies se huisies onderskeidelik lyk, met die baksteenhuisie wat oor die algemeen stewiger lyk as die ander twee huisies.

Illustrasies in 'n kinderboek het ook 'n belangrike rol te speel ten opsigte van die **kognitiewe ontwikkeling van die kind**. Die illustrasies in 'n kinderboek prikkel die nuuskierige aard van die kind, en help die kind om sy/haar omgewing te ontdek en dinge in sy/haar wêreld te orden (Linders-Nouwens *et al.*, 1986:31). Illustrasies dra nuwe idees aan die kind oor, en dit ondersteun en brei reeds bestaande kennis van konsepte uit (Cianciolo, 1970:5). Op hierdie wyse word die kind se kennis en begrip van die wêreld om hom/haar uitgebrei. Verder noem Linders-Nouwens *et al.*, 1986:31) dat illustrasies inligting verskaf aan die kind oor vorme, kleure of eienskappe van voorwerpe. Dit beeld die kind se eie ervarings, asook dié van ander uit:

*In kleuter boekjies met veel mooie illustraties worden kinderen vertrouwd gemaakt met de gang van zaken in een ziekenhuis of bij die tandarts. Ook de wonderen der techniek (auto's, vliegtuigen, treinen, e.d.) worden in informatieve prentenboeken uit de doeken gedaan op een voor kinderen begrijpelijke wijze. (Linders-Nouwens *et al.*, 1986:31.)*

Steenberg (1986:11) is ook van mening dat kinders vanaf die ouderdom van vyf jaar meer belangstel in dinge wat vir hom/haar minder bekend is, om sodoende sy/haar wêreld te vergroot en te verryk. Hierdie onbekende dinge kan "aangevul word deur prente en foto's" (Steenberg, 1986:11) wat die kind sal help om hierdie nuwe konsepte te onthou, deurdat hy/sy 'n visuele voorstelling daarvan gesien het.

5.4.3 Funksies van illustrasies in kinderwoordeboeke


Dit was reeds duidelik in hoofstuk 2 dat die kinderwoordeboek tweeledig van aard is, deurdat dit aan die een kant geklassifiseer kan word as informatiewe kinderboek, en aan die ander kant gesien kan word as 'n tipe aanleederswoordeboek. Die funksies van illustrasies in die kinderwoordeboek kan daarom ook beskou word as 'n kombinasie van die funksies van illustrasies in kinderboeke en in woordeboeke. Die funksies van illustrasies in kinderboeke en woordeboeke kan dus geïntegreer word om die funksies van illustrasies in kinderwoordeboeke te omskryf.

5.4.3.1 Visuele trefkrag


Illustrasies maak die woordeboek visueel treffend vir die kind en prikkel sodoende sy/haar belangstelling om die boek verder te ondersoek. 'n Kind sal byvoorbeeld die boek oopmaak en 'n mooi illustrasie sien van iets wat nie vir hom/haar bekend is nie, en hy/sy sal dan verder lees om meer te leer oor die betrokke onderwerp. Hierdie stelling is in 'n hoë mate subjektief, aangesien dit wat een persoon sien as treffend nie noodwendig vir 'n ander persoon treffend sal wees nie. Uit die verskillende illustrasies van *trein* uit verskillende kinderwoordeboeke kan daar moontlik 'n idee gekry word hoe 'n treffende illustrasie sal lyk. Die illustrasies uit *Sesamstraat Woordenboek* en *Visuele Woordeboek vir Kinders* kan myns insiens gereken word as meer treffende illustrasies in vergelyking met die illustrasies van dieselfde konsep in *My Eerste Woordeboek*, *Mijn Eerste Woordenboek* en *Picture Dictionary*. Wanneer die kriteria vir effektiewe illustrasies in kinderwoordeboeke bespreek word, sal daar meer aandag gegee word aan wat waarskynlik vir 'n kind 'n treffende illustrasie behoort te wees.




Figuur 5.10 (*Sesamstraat Woordenboek*)




Figuur 5.11 (*Visuele Woordeboek vir Kinders*)



Figuur 5.12 (*My Eerste Woordeboek*)




Figuur 5.13 (*Mijn Eerste Woordenboek*)



Figuur 5.14 (*Picture Dictionary*)

5.4.3.2 Ondersteuning van die teks

Die tweede funksie van illustrasies in kinderswoordeboeke is om die geskrewe teks, naamlik die definisie en/of voorbeeldmateriaal, te ondersteun. Sodoende kan die kind 'n beter begrip kry van die konsep(te), aangesien tipiese eienskappe van die konsep wat beskryf word dikwels in die illustrasie baie meer geslaagd weergegee word as die beskrywing van die eienskappe in die verbale definisie. So byvoorbeeld is die illustrasie van 'n valskerm by die lemma *parachute* in *Picture Dictionary* baie duidelik en ondersteun dit die gepaardgaande beskrywing:



Figuur 5.15

Die illustrasie toon duidelik die vorm van die valskerm en hoe die valskermpringer vas is aan die valskerm. Hierdie illustrasie vergelyk goed met die definisie van *parachute* in *Dictionary of Contemporary English*, wat gerig is op volwasse lesers:

parachute large usu. circular piece of cloth fastened by thin ropes to people or objects that are dropped from aircraft in order to make them fall slowly.


(Dictionary of Contemporary English)

In die geval van *Visuele Woordeboek vir Kinders* word die lemmas volgens konseptuele kategorieë (tematies) gerangskik. Onder elke kategorie word daar illustrasies gebied van verskillende lede wat tot daardie bepaalde kategorie behoort. Elke kategorie word van 'n duidelike opskrif voorsien wat as lemma hanteer word. Die lemma *voëls* word byvoorbeeld soos volg gedefinieer:

voëls Voëls kom voor in verskillende vorms en groottes. Alle voëls het vierke, maar nie almal kan vlieg nie. Voëls is die enigste diere wat vere het. Hulle het ook snawels en lê eiers.

(Visuele Woordeboek vir Kinders)

Die verskillende illustrasies beeld die unieke eienskappe van elke lid van die kategorie uit. 'n Voorbeeld is die *flamink* in *Visuele Woordeboek vir Kinders*:



Figuur 5.16

Die duidelike kleurillustrasie van 'n flamink word van byskrifte voorsien, naamlik: *lang nek*, *knie* en *gewebde voet*. Die verklaring van die lemma *flamink* bestaan dus uit 'n definisie van *voëls*, en dit word ondersteun deur die illustrasie van 'n flamink wat dit duidelik onderskei van ander lede van die kategorie.

5.4.3.3 Bevordering van kognitiewe ontwikkeling

'n Derde funksie van illustrasies in kinderwoordeboeke is die bevordering van die kind se kognitiewe ontwikkeling, wat ook die bevordering van leer behels. Linders-Nouwens *et al.* (1986:31) noem dat illustrasies in kinderboeke help om die kind se wêreld te orden. In kinderwoordeboeke word dit op verskillende wyses bewerkstellig. Sommige woordeboeke soos *Visuele Woordeboek vir Kinders*, *Mijn Eerste Woordenboek* en *Sesamstraat Woordenboek* rangskik die lemmas tematies, en verskaf dan illustrasies om die verskille en ooreenkomste tussen verskillende lede van bepaalde kategorieë te onderskei. So byvoorbeeld word verskillende diere in *Sesamstraat Woordenboek* op 'n dubbelbladsy in die woordeboek geplaas (figuur 5.17). Die onderskeidende kenmerke van die verskillende konsepte op hierdie bladsy word baie duidelik visueel voorgestel, byvoorbeeld in die illustrasie van *giraf* is die lang nek van die kameelperd prominent. Hierdie onderskeidende kenmerk word verder beklemtoon in die definisie van die konsep:

giraf De giraf heeft de langste nek van alle dieren. . .

Ook in die illustrasie van *olifant* word die slurp van die dier duidelik beklemtoon. Die verbale voorbeeldmateriaal wat deel vorm van hierdie woordeboekartikel ondersteun ook die feit dat 'n slurp 'n onderskeidende kenmerk van 'n olifant is:

olifant Aan de slurf van dit grote dier zie je meteen dat je met een olifant te doen hebt.

Deurdat die illustrasies die onderskeidende kenmerke van die konsepte beklemtoon en dit ook deur die verbale teks ondersteun word, word die vorming van semantiese netwerke (vergelyk 3.2) by die kind bevorder.


Baie illustrasies in kinderwoordeboeke is gebaseer op prototipes wat die noodsaaklike en funksionele aspekte van 'n lid van 'n bepaalde kategorie op basisvlak aanbied (vergelyk 3.2.3). Hierdie praktyk in kinderwoordeboeke bevorder ook kategorisering van konsepte by kinders. Die illustrasie wat byvoorbeeld vir *vis* verskaf word in *Sesamstraat Woordenboek* toon duidelik die tipiese eienskappe van 'n vis, naamlik: *vin*, *kieuw* en *schubben* (figuur 5.18).

Wanneer die kind byvoorbeeld nou 'n sardientjie op 'n blikkie ingemaakte vis sien, sal hy/sy makliker 'n assosiasie kan maak tussen hierdie illustrasie en bestaande kennis (die illustrasie wat hy/sy in die kinderwoordeboek gesien het). Sodoende word *sardientjie* nou geklassifiseer as 'n tipe vis.



Figuur 5.18

Deurdat semantiese verhoudinge in die illustrasie aangedui word, word die kognitiewe ontwikkeling van die kind ook bevorder, soos in die geval van *north* in *Picture Dictionary*.




Figuur 5.19

Hierdie woordeboekartikel word uitgebrei deur 'n eenvoudige, dog duidelike illustrasie wat die aarde voorstel waarop albei die pole aangetoon word. Hierdie illustrasie is ook op meer as een wyse effektief, want nie net ondersteun dit die definisie van die konsep *north* nie, maar dit illustreer ook die konsep *opposite* wat in die definisie voorkom.

5.4.3.4 Uitbreiding van die kind se ervaringswêreld

Verder brei illustrasies in die kinderwoordeboek die kind se ervaringswêreld uit deurdat hy/sy in die woordeboek illustrasies sien van dinge wat vir hom/haar vreemd is. In *Visuele Woordeboek vir Kinders* is daar byvoorbeeld onder die kategorie *musiek* illustrasies van musiekinstrumente waarmee baie kinders moontlik nog nie kennis gemaak het nie, soos *kastanjette*, 'n *guiro*, 'n *harp* en 'n *hobo*. Elk van hierdie instrumente is ook in 'n gepaste subkategorie geplaas, byvoorbeeld die *kastanjette* en *guiro* is onder *slaginstrumente* geplaas.



Figuur 5.20

Op dieselfde wyse word konsepte soos *kabouters* en *seerowers* deel van die kind se leefwêreld deur die leeservaring daarvan in kinderlektuur, sonder dat dit deel vorm van die kind se werklike ervaring.

5.4.3.5 Samevatting

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat die leksikograaf wat 'n kinderwoordeboek saamstel nie alleen moet poog om die boek visueel mooi te maak vir die teikengebruiker nie, maar dat die illustrasies in die kinderwoordeboek ook funksioneel moet wees. Dit sal verseker dat die oordrag van semantiese inligting in die kinderwoordeboek toeganklik en verstaanbaar sal wees vir die kind.

5.5 MOONTLIKE KRITERIA VIR ILLUSTRASIES IN KINDERWOORDEBOEKE

Vervolgens sal daar ondersoek ingestel word na kriteria wat gestel word vir illustrasies in woordeboeke. Hierdie kriteria sal dan geïntegreer word met vereistes wat gestel word vir illustrasies in kinderlektuur, ten einde moontlike kriteria daar te stel vir effektiewe illustrasies in kinderwoordeboeke.


5.5.1 Kriteria vir illustrasies in woordeboeke

Die funksionaliteit van illustrasies in woordeboeke word nie betwyfel nie (vergelyk 5.4.1). Daar is egter nog min navorsing gedoen oor die eienskappe wat 'n woordeboekillustrasie moet besit ten einde funksioneel en effektief te wees. Al-Kasimi (1983:100-102) onderskei verskillende kriteria vir illustrasies in tweetalige woordeboeke. Hierdie onderskeid sal as basis dien vir die bespreking van illustrasies in woordeboeke.

5.5.1.1 Bondigheid

Die eerste kriterium wat Al-Kasimi (1983:100) onderskei, is bondigheid. Slegs die belangrikste visuele inligting moet by die illustrasie ingesluit word, en alle irrelevante inligting moet tot die minimum beperk word. Oorbodige inligting (of die "visual noise") in die illustrasie sluit inligting in wat nie semanties verwant is aan die lemma nie en nie bydra tot die betekenisverklaring daarvan nie. Dit kan veroorsaak dat die woordeboekgebruiker die illustrasie verkeerd interpreteer en sodoende kan betekenisoorlog verlore gaan. Bondigheid impliseer ook eenvoud, wat dubbelsinnige interpretasies en betekenis wat aan die illustrasie geheg kan word, uitskakel. So byvoorbeeld is die potplante in die illustrasie van


gloeilamp in *My Eerste Woordeboek* irrelevant vir die betekenisoordrag van die lemma, terwyl die eiers en nes in die illustrasie van *hen* in dieselfde woordeboek verband hou met dit wat geïllustreer word:



Figuur 5.21

5.5.1.2 Duidelikheid en volledigheid

Duidelikheid en volledigheid behels dat die woordeboekgebruiker se aandag gevestig moet word op dié aspekte wat belangrik is om die konsep wat uitgebeeld word, te verstaan (Al-Kasimi, 1983:102). Waar die noodsaaklike kenmerke (vergelyk 3.2.3) wat die konsep binne 'n bepaalde kategorie plaas duidelik herkenbaar is, kan 'n illustrasie as volledig beskou word. Wanneer hierdie eienskappe nie duidelik uit die illustrasie blyk nie, stel Al Kasimi (1983:102) voor dat middele soos pyltjies of byskrifte wat die belangrike dele in die illustrasie benoem, ingespan kan word. *Visuele Woordeboek vir Kinders* maak baie gebruik van byskrifte, byvoorbeeld in die illustrasie van *passasiersvliegtuig*.




Figuur 5.22

5.5.1.3 Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker

'n Verdere kriterium is dat die illustrasie moet aansluit by die ervaring van die teikengebruiker. Dit beteken egter nie dat konsepte wat vir die woordeboekgebruiker vreemd is nie geïllustreer moet word nie, maar dat dit sover moontlik moet aansluit by die agtergrond en ervaring van die woordeboekgebruiker. Dit behels dat aspekte soos die kulturele agtergrond en ouderdom van die woordeboekgebruiker in ag geneem moet word (vergelyk Al-Kasimi, 1983:101). So byvoorbeeld sal daar in die illustrasie van *rivier* in 'n woordeboek vir Suid-Afrikaanse kinders nie 'n groot skip op die rivier wees nie, aangesien Suid-Afrikaanse riviere nie geskik is vir bevaring deur groot skepe nie.

5.5.1.4 Teksondersteunend

Stein (1991:100) noem dat dit belangrik is dat die illustrasie naby aan die lemma, definisie en/of voorbeeldmateriaal geplaas word. In aansluiting daarby moet die illustrasie die gegewe verbale inligting in die woordeboekartikel ondersteun en aanvul. Dit impliseer dat, hoewel die illustrasie dikwels meer inligting verskaf as wat in die definisie of verbale voorbeeldmateriaal uitgelig word, die inligting in die illustrasie ooreen moet stem met die inligting wat in die teks verskaf word. Vergelyk die voorbeelde van *ster* in *My Eerste Woordeboek* en *star* in *Picture Dictionary*.



Figuur 5.23

In die geval van *ster* kan die illustrasie 'n kind verwar. Die voorbeeldsin verwys na 'n son wat baie ver is en wat 'n mens in die nag sien. (Die gespesialiseerde inligting in hierdie sin kan moontlik ook verwarrend wees vir die kind.) Die illustrasie beeld ander polisemiese waardes van die woord uit: dit verwys na 'n kind wat goeie werk gedoen het in die klas as 'n "ster" en boonop 'n sterretjie (vorm) gekry het as beloning op die goeie werk. Die illustrasie is verder verwarrend in dié opsig dat daar ook 'n sonnetjie ingevoeg is. Daar word wel in die voorbeeldsin verwys na 'n tipe son wat 'n mens in die nag sien, maar die son wat in die illustrasie uitgebeeld word, is 'n tipiese illustrasie van 'n son wat 'n mens in die dag sien.

Die illustrasie van *star*, in teenstelling met bogenoemde, sluit aan by die res van die woordeboekartikel. In die teks word slegs een betekenisverklaring (die primêre betekenisverklaring) van die lemma gegee, naamlik dat dit objekte is wat ons snags in die lug sien. In die illustrasie word baie sterre teen 'n donker agtergrond (nag) geskets. Hierdie illustrasie ondersteun dus die res van die woordeboekartikel.

5.5.1.5 Effektiewe gebruik van kleur

Laastens moet daar ook aandag geskenk word aan kleur in die woordeboekillustrasie. In die algemeen word kleurplate nie baie in woordeboeke gebruik nie. So byvoorbeeld is geen kleur gebruik in die illustrasies wat in *Dictionary of Contemporary English* voorkom nie. In *Van Dale Junior Woordenboek Nederlands*, wat bedoel is vir kinders vanaf agtjarige ouderdom, word daar ook gebruik gemaak van swart-en-wit-illustrasies. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die gebruik van kleur die koste van die woordeboek baie sal verhoog. Wanneer kleurplate wel in woordeboeke gebruik word, moet dit daarom funksioneel aangewend word.

Hoewel geen uitsluitel gekry is oor die gebruik van kleur in woordeboekillustrasies in die algemeen nie, is dit egter te verwagte dat daar in kinderwoordeboeke wel gebruik gemaak sal word van kleur, aangesien kinders se aandag getrek word met behulp van kleur (vergelyk ook 5.5.2). Landau (1989:113-114; 260-261) is van mening dat kleur wel die woordeboek aantrekliker maak, maar noem ook dat dit die kind se aandag kan aftrek van dit wat geïllustreer word. Al-Kasimi (1983:101) reken verder dat illustrasies in realistiese kleure aangebied moet word.

5.5.1.6 Samevatting

Samevattend kan die volgende kriteria gestel word vir illustrasies in woordeboeke:

- bondigheid;
- duidelikheid;
- gepastheid ten opsigte van die tekengebruiker;
- teksondersteunend; en
- effektiewe gebruik van kleur.

5.5.2.2 Eenvoud

Colby (1976:98) is van mening dat illustrasies so eenvoudig moontlik gehou moet word, sodat die kind dit met die eerste oogopslag kan begryp. Met kinderwoordeboeke in gedagte sou 'n mens kon redeneer dat illustrasies so eenvoudig moontlik gehou moet word om verwarring by die kind uit te skakel, en om te sorg dat semantiese inligting effektief oorgedra word. Lohann (1967:21) waarsku egter dat illustrasies nie oorvereenvoudig moet word nie, want die kind kan dalk belangstelling verloor. In aansluiting hierby maak Cianciolo (1970:6) die volgende opmerking:

But a child's interests are infinite, and he has a fondness for a world that is filled with the tiniest of details, as well as one that is filled with the biggest of forms. Thus he must be given illustrated books that will cause him to look for and see many things.

Ten einde die kind se aandag te behou, maar ook verwarring as gevolg van te veel detail uit te skakel, sal 'n meer effektiewe illustrasie baie inligting bevat wat op 'n eenvoudige wyse uitgebeeld word (vergelyk Rood, 1995:80).

5.5.2.3 Kleurvol

Kleur speel ook 'n belangrike rol in kinderboekillustrasies (vergelyk Lohann, 1967:24). So kan kleur aangewend word om die illustrasie realisties te laat vertoon, wat dit dan weer vir die kind makliker maak om die bepaalde objek in die werklikheid te herken. Dit is ook so dat kinders se aandag maklik getrek word deur helder en/of kontrasterende kleure, byvoorbeeld rooi, blou, geel en groen (vergelyk Arbuthnot, 1969:73-75; Colby, 1976:98; Kujoth, 1970:27; Van Home, 1970:71). Arbuthnot (1969:73-75) en Sutherland (1977:113) is egter van mening dat swart-en-wit-illustrasies ook gebruik kan word sonder om die genot van die boek weg te neem.

5.5.2.4 Aksievol

Net soos wat daar aksie in 'n storie moet wees, moet daar oor aksie in die prente wees wat die storie uitbeeld (Sutherland, 1977:113; vergelyk ook De Bont, 1984:2), ten einde te help om die kind se aandag te behou (Arbuthnot, 1969:73-75). De Bont (1984:2) noem verder dat die aksie-uitbeeldings die bewegings van 'n kind sal weerspieël, en dit sal moontlik vir hom/haar beter en makliker verstaanbaar sal wees. Kujoth (1970:27) waarsku egter dat te veel aksie die kind kan verwar. Daar moet dus genoegsame aksie in die illustrasies uitgebeeld word, sonder dat dit die kind moontlik verwar.

5.5.2.5 Teksondersteunend

Laastens, ten einde funksioneel te wees, moet die illustrasie teksondersteunend wees (Linders-Nouwens *et al.*, 1986:40; Van Home, 1970:71). Lohann (1967:22-23) sluit hierby aan deur te sê dat die kinderboekillustrasie informatiewe waarde moet hê, aangesien die illustrasie 'n geheelbeeld gee van 'n situasie wat in die teks beskryf word en die teks so ondersteun. Dit wat dus in woorde aangebied word, moet weerspieël word in die illustrasie. So byvoorbeeld moet daar in 'n illustrasie 'n meisie met rooi hare wees as daar in die teks verwys word na 'n meisie met rooi hare (Arbuthnot, 1969:73; Sutherland, 1977:113). Linders-Nouwens *et al.* (1986:40) noem dat 'n foutiewe illustrasie die begrip moeilik maak deur 'n totaal ander sfeer op te roep. In 'n informatiewe boek soos 'n kinderwoordeboek is hierdie aspek veral belangrik, want as die illustrasie foutief is, misluk die hele doel van die boek, naamlik om die kind toe te rus met korrekte inligting.

Ten einde die teks te ondersteun, moet die illustrasie ook so naby as moontlik aan die relevante teksgedeelte geplaas word (Arbuthnot, 1969:73; Sutherland, 1977:113). De Bont (1984:2) gebruik die term *oewerwisselbaar* om te verduidelik dat 'n illustrasie presies moet aansluit by net een gedeelte van die teks.

5.5.2.6 Samevatting

Samevattend kan gesê word dat illustrasies in kinderboeke tot die kind moet spreek en moet pas by sy/haar ontwikkelingsvlak. Effektiewe illustrasies in kinderboeke moet daarom informatief én dekoratief van aard wees. Die belangrikste kriteria vir illustrasies in kinderlektuur kan soos volg saamgevat word:

- spreek tot die kind se verbeelding;
- genoegsame detail op eenvoudige wyse uitgebeeld;
- kleurvol;
- aksievol; en
- teksondersteunend.


5.5.3 Moontlike kriteria vir illustrasies in kinderwoordeboeke

Uit bogenoemde besprekings van illustrasies in woordeboeke (5.5.1) en kinderboeke (5.5.2) onderskeidelik, kan daar vervolgens kriteria benoem word vir effektiewe illustrasies in kinderwoordeboeke:

5.5.3.1 Bondigheid

Bondigheid in kinderwoordeboekillustrasies impliseer dat daar genoeg detail bykomend tot die illustrasie van die konsep gegee moet word, sonder dat oorbodige inligting verskaf word wat die kind sal verwar. Dit behels ook dat die illustrasies van konsepte eenvoudig genoeg sal wees dat die kind dit maklik kan begryp. Dit beteken hoegenaamd nie dat die illustrasie vervelig moet wees nie, maar wel dat die kind se aandag gevestig word op die konsep waarvan die betekenis verklaar moet word, en nie op bykomende, dekoratiewe inligting nie. Al die bykomende inligting moet verkieslik bydra tot die betekenisoordrag van die lemma, en gevolglik bydra tot die uitbreiding van semantiese netwerke by die kind.

Die illustrasie van *auto* in *Sesamstraat Woordenboek* is 'n voorbeeld van 'n illustrasie waarin oorbodige inligting verskaf word wat nie bydra tot die betekenisoordrag van die lemma nie. Die rommel wat geïllustreer is agter op die voertuig mag dalk ook die indruk by die kind skep dat 'n *auto* 'n voertuig is waarmee rommel verwyder word.




Figuur 5.24

5.5.3.2 Duidelikheid

Die illustrasies wat in die kinderwoordeboek aangebied word, moet die kind se aandag vestig op die aspekte wat belangrik is om die konsep wat uitgebeeld word te verstaan. Die illustrasie moet verklarend optree in dié sin dat die eienskappe wat die betrokke konsep binne 'n bepaalde kategorie plaas, duidelik gemaak word (vergelyk ook 3.2.3). Daar moet by die woordeboekgebruiker geen twyfel ontstaan oor watter konsep deur die spesifieke illustrasie voorgestel word nie.

Die volgende illustrasie van *motor* in *My Eerste Woordeboek* is nie duidelik en volledig nie.



Figuur 5.25

Die illustrasie toon nie 'n volledige motor nie, maar slegs die voorste gedeelte daarvan. Die woordeboekgebruiker kan nie self aflei hoe die res van die motor lyk nie, aangesien die res van die woordeboekartikel nie verdere lig op die betekenis van die woord werp nie.


5.5.3.3 Teksondersteunend

Illustrasies in kinderwoordeboeke moet woordeboekartikels ondersteun en aanvul. Dit is daarom belangrik dat die verbale definisie en voorbeeldmateriaal weerspieël en aangevul word met die meegaande illustrasie van die konsep, ten einde verwarring uit te skakel. Veral in die geval van homonieme of polisemiese waardes moet daarop gelet word dat die betekenissfeer wat in die illustrasie uitgebeeld word, ooreenstem met die res van die woordeboekartikel.

Die illustrasie moet verkieslik ook naby aan die lemma, definisie en/of voorbeeldsin geplaas word. Wanneer 'n illustrasie nie reg langs, reg bo of reg onder die betrokke lemma is nie, sal dit moontlik die kind verwar en dan moet hy/sy soek na

die regte illustrasie om by die lemma te pas. Die oordrag van betekenis kan daardeur belemmer word, aangesien die kind dikwels in die woordeboek kennis maak met dinge wat vir hom/haar vreemd is.

In die volgende illustrasie van *land* in *My Eerste Woordeboek* word daar nie in die res van die woordeboekartikel melding gemaak van 'n skip wat na die land toe vaar nie (soos in die illustrasie uitgebeeld word). In die voorbeeldsinne word daar onderskeidelik verwys na die volgende betekenis van die lemma: droë, vaste deel van die aarde (s.nw); op die grond neerdaal (ww); staatkundige gebied beheer deur een regering (s.nw). In die illustrasie word die eerste voorbeeldsin uitgebeeld, terwyl die ander twee heeltemal weggelaat is. In die tweede voorbeeldsin word daar ook verwys na 'n vliegtuig, terwyl daar 'n skip in die illustrasie voorkom. As alternatief kon 'n illustrasie van 'n vliegtuig wat land of 'n illustrasie wat Suid-Afrika op 'n wêreldkaart aandui eerder gebruik word in die woordeboekartikel om te pas by die voorbeeldsinne wat voorsien is.



Figuur 5.26

5.5.3.4 Aksievol

Die aksie wat in 'n kinderwoordeboek uitgebeeld word, moet nie net beperk word tot werkwoorde nie. Ten einde die kind te interesseer, moet daar ook aksie in die ander illustrasies van byvoorbeeld selfstandige en byvoeglike naamwoorde wees. Die aksie wat uitgebeeld word in die illustrasie moet aansluit by die betekenis en semantiese veld van die bepaalde lemma. Sodoende word die vorming van semantiese netwerke by die kind bevorder. Aksie in die illustrasie moet met diskresie aangewend word, sodat die kind ook kan identifiseer met bepaalde handeling wat vir hom/haar bekend is. So byvoorbeeld is daar by die lemma *pan* in *Sesamstraat Woordenboek* 'n illustrasie van Koekiemonster wat besig is om 'n eier te bak in 'n pan:




Figuur 5.27

Die aksie in die illustrasie dra by tot die betekenis van die lemma deurdat dit tipiese handeling uitbeeld wat verband hou met die saak. Hierdie handeling sal heel moontlik bekend wees vir die kind deurdat dit deel vorm van sy/haar ervaringswêreld.

5.5.3.5 Kleurvol


Ten einde die kind se aandag te trek, moet die illustrasies in kinderwoordeboeke kleurvol wees. Hoewel Cianciolo (1970:13) noem dat die keuse van kleur 'n subjektiewe saak is, is kinders veral lief vir helder en kontrasterende kleure. Vergelyk die volgende voorbeelde van dieselfde konsep: in *Sesamstraat Woordenboek* en *Van Dale Junior Woordenboek Nederlands* onderskeidelik, waar eersgenoemde kleurvolle illustrasie duidelik gerig is op 'n jonger tekengebruiker as in die tweede voorbeeld.



Figuur 5.28

5.5.3.6 Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker

Dit is baie belangrik dat die illustrasies in die kinderwoordeboek gerig sal wees op die kognitiewe ontwikkelingsvlak van die kind en sy/haar verwysingsraamwerk. In aansluiting hierby moet die illustrasies ook die kind se verbeelding prikkel. Dit wat in die illustrasies weergegee word, moet ook aansluit by sy/haar leef- en ervaringswêreld asook kultuur. So byvoorbeeld is die illustrasies wat in *My Eerste Woordeboek* verskaf word hoofsaaklik gerig op spesifiek die Suid-Afrikaanse kind, deurdat dit verwys na konsepte binne die Suid-Afrikaanse konteks, byvoorbeeld die illustrasie van Tafelberg by die verklaring van *berg*.



Figuur 5.29

5.6 EVALUERING VAN ILLUSTRASIES IN KINDERWOORDEBOEKE

In hoofstuk 4 is die leksikografiese definisies in verskillende kinderwoordeboeke geëvalueer (vergelyk paragraaf 4.7). Dit het duidelik geblyk dat die leksikografiese definisie nie in afsondering ondersoek kan word sonder om die meegaande illustrasie en voorbeeldmateriaal in ag te neem nie. Dieselfde geld dus ook vice versa wanneer die illustrasies in die kinderwoordeboeke bestudeer word. Die fokus sal egter hier val op die illustrasie as sodanig, en waar nodig sal daar na die definisie en/of voorbeeldmateriaal verwys word.

Die woordeboeke wat in hierdie evaluering betrek word, naamlik *My Eerste Woordeboek*, *Visuele Woordeboek vir Kinders* en *Mijn Eerste Woordenboek*, maak in 'n groot mate gebruik van illustrasies om semantiese inligting oor te dra. Aangesien elke illustrasie nie afsonderlik bespreek kan word nie, sal daar telkens in die algemeen gekyk word na die illustrasies, met verwysing na spesifieke voorbeelde.

Die verskillende kinderwoordeboeke hanteer uiteraard nie woordeboekartikels op dieselfde wyse nie, en daarom word elke boek ook op 'n eiesoortige wyse geïllustreer. Hierdie feit sal in gedagte gehou word wanneer die illustrasies vergelykend geëvalueer word.


5.6.1 *My Eerste Woordeboek: 1000 woorde vir Suid-Afrikaanse seuns en dogters*

In hoofstuk 4 is die definisies in hierdie kinderwoordeboek geëvalueer (paragraaf 4.7.1). Afgesien van die groot verskeidenheid definisies wat gebruik word om semantiese inligting oor te dra, word daar ook 'n illustrasie voorsien by elke lemma. Hierdie illustrasies word aangebied in die vorm van tekeninge (vergelyk 5.3.1.2). Vervolgens sal hierdie illustrasies ook gemeet word aan die kriteria wat gestel is vir effektiewe kinderwoordeboekillustrasies.

5.6.1.1 Bondigheid


In enkele gevalle in die woordeboek is gevind dat die illustrasie van 'n konsep in isolasie aangebied word, sonder enige ander visuele konteks, byvoorbeeld: *bok*, *buffel*, *horlosie*, *padla* en *skilpad*.

In sommige groter illustrasies vorm verskeie verbandhoudende konsepte ook deel van die illustrasie, en word dit benoem, byvoorbeeld *oseaan*. (Kritiek teen hierdie spesifieke illustrasie is egter dat die bloublasie, 'n relatiewe klein objek, in verhouding tot die skip enorm voorkom.)



Figuur 5.32

In enkele gevalle word daar te veel visuele inligting in die illustrasie verskaf wat glad nie verwant is aan die betekenis van die lemma nie, byvoorbeeld *tregter*.




Figuur 5.33

Die illustrasie van die portret met die skip hou nie verband met die betekenis van *tregter* nie. Daar is ook geen verdere verwysing na die portret in die res van die woordeboekartikel nie. Aangesien die portret 'n redelike groot deel van die illustrasie beslaan, bestaan daar 'n moontlikheid dat die kind verkeerdlik die portret en die tregter met mekaar assosieer.

Hoewel daar enkele uitsonderings is, kan daar egter gesien word dat daar in die algemeen nie oorbodige visuele inligting in die illustrasies aangebied word nie. Daar word daarom tot 'n groot mate voldoen aan hierdie kriterium.


5.6.1.2 Duidelikheid

Wanneer 'n mens ondersoekend deur die illustrasies in *My Eerste Woordeboek* blaai, val dit op dat daar 'n hele aantal onduidelike illustrasies voorkom. Daar word nie gebruik gemaak van hulpmiddele soos pyltjies of byskrifte om belangrike eienskappe van die bepaalde konsep te beklemtoon nie, terwyl sommige illustrasies baie vaag is. Vergelyk byvoorbeeld die illustrasies van *aarde* en *Afrika*.



Figuur 5.34

Die illustrasie van *aarde* toon slegs 'n gedeelte van die konsep, deurdat die ronding van die planeet op die illustrasie sigbaar is, tesame met die kontinent Afrika duidelik daarop sigbaar. Hierdie illustrasie toon nie die verband tussen byvoorbeeld die aarde en een van die ander planete, son of maan nie. Geen aanduiding word ook byvoorbeeld gegee dat die aarde in die ruimte deel van die sonnestelsel is nie. 'n Illustrasie waar die aarde as 'n ronde entiteit voorgestel word met groen dele wat land verteenwoordig en blou gedeeltes wat see verteenwoordig, teen 'n donker agtergrond wat as die buitenste ruim dien, sou byvoorbeeld die konsep duideliker geïllustreer het. Vergelyk ook die illustrasies van *wêreld* in dieselfde woordeboek en *wereld* in *Sesamstraat Woordenboek*.



Figuur 5.35

In aansluiting by die illustrasie van *aarde* is die illustrasie van *Afrika* totaal onduidelik, aangesien die illustrasie slegs drie mense van verskillende etniese groepe verteenwoordig. Hierdie illustrasie kan ook van toepassing wees op Noord-Amerika, terwyl die illustrasie by *aarde* voldoende sou wees om Afrika te illustreer.

Voorbeelde van onduidelike illustrasies is ook gevind by die volgende illustrasies:



Figuur 5.36

Hierdie illustrasie van *deur* kan moontlik verwarrend wees vir 'n kind, aangesien daar nie in hierdie woordeboekartikel gefokus word op 'n tipiese deur wat 'n mens byvoorbeeld in 'n huis sal vind nie. Dit moet ook in ag geneem word dat die meerderheid van die tekengebruikers van kinderwoordeboeke waarskynlik nie op plase woon nie, en daarom nie vertrouwd sal wees met perdestalle nie. Die woordeboekartikel in sy geheel sou meer suksesvol gewees het as 'n verklaring gebied sou word vir 'n tipiese deur.




Figuur 5.37

Die illustrasie van *geld* is ook nie baie duidelik nie. Hoewel die koopaksie goed uitgebeeld word, val die klem van die illustrasie nie op die geld as sodanig nie. Die voorbeeldsinne in die woordeboekartikel werp wel meer lig op die betekenis van die woord *geld*.

5.6.1.3 Teksondersteunend

Die illustrasies wat in hierdie woordeboek aangetref word, is slegs gedeeltelik geslaagd ten opsigte van teksondersteuning. Hoewel elke illustrasie baie duidelik tot 'n sekere lemma behoort, kom daar soms verskille voor tussen die illustrasie en die definisie en/of voorbeeldmateriaal. Dit wil voorkom asof die meeste verskille tussen teks en illustrasie voorkom in gevalle van homonieme en lemmas met polisemiese waardes, byvoorbeeld in die geval van *ster* wat reeds bespreek is in 5.5.1.4.

'n Ander geval van 'n illustrasie wat nie die teks ondersteun nie, is *tafel*. In die woordeboekartikel word twee voorbeeldsinne verskaf. In die eerste voorbeeldsin word die lemma self gebruik, en in die tweede voorbeeldsin is 'n samestelling met die lemma gebruik. Die illustrasie wat verskaf word, pas by die tweede voorbeeldsin, terwyl die illustrasie eerder veronderstel is om die konsep wat in die lemma verwoord is te ondersteun, en sodoende 'n prototipiese *tafel* uitbeeld.




Figuur 5.38

By *lig* word drie voorbeeldsinne verskaf, waarvan slegs twee in die illustrasie weergegee word. Die drie verskillende voorbeeldsinne verteenwoordig drie verskillende betekenisonderskeidings van die woord (vergeelyk *HAT*³). Dit is ook nie duidelik watter illustrasie by watter voorbeeldsin pas nie.



Figuur 5.39

Ander voorbeelde van illustrasies wat nie die teks ondersteun nie, is onder andere dié by *dun* en *boom*.




Figuur 5.40

5.6.1.4 Aksievol

Daar word genoegsame aksie uitgebeeld in die illustrasies wat aangebied word. Dit word bewerkstellig deur meestal een van die karakters in die illustrasie te voeg. In die illustrasie van *albaster* is Ampie en Abdul besig om met die albasters te speel; in die illustrasie van *ballon* is Mvula besig om 'n ballon op te blaas, terwyl Simon besig is om op 'n branderplank in die see te ry in *branderplank* en Tanya haar hare was in *sjampoe*.


Aangesien kinders met die aktiwiteite in die illustrasies kan assosieer, is die illustrasies in hierdie woordeboek verder ook baie geslaagd ten opsigte van die aksie wat uitgebeeld word.



Figuur 5.41


5.6.1.5 Kleurvol

In hierdie woordeboek word kleur doeltreffend in illustrasies gebruik om die kind se aandag te trek. Daar is baie gebruik gemaak van helder kleure soos rooi, geel, blou en groen. Hierdie kleure word veral gebruik vir die kleres wat die karakters dra, byvoorbeeld Mvula se groen hemp teenoor die helder rooi kleur van die *ballon* (vergelyk figuur 5.41) en Sally se groen en rooi voorskoot saam met haar blou hemp in *middeltyf*. Nomsa het ook altyd helder strikkies in haar hare.



Figuur 5.42

In sommige gevalle, soos dikwels in die geval van diere, word skakerings van bruin gebruik om die illustrasie meer realities te laat voorkom, soos in die geval *bobbejaan*, *gemsbok* en *kewer*. Die gebruik van hierdie kleure doen egter nie afbreuk aan die kleurvolheid van die illustrasies in die algemeen nie, aangesien dit funksioneel is in die oordrag van semantiese inligting.



Figuur 5.43

5.6.1.6 Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker


Alhoewel *My Eerste Woordeboek* 'n vertaling van 'n Engelse woordeboek is, slaag dit nogtans daarin om op treffende wyse aan te sluit by die leef- en ervaringswêreld van die Afrikaanssprekende kind. Eerstens word daar regdeur die woordeboek gebruik gemaak van karakters wat 'n verskeidenheid etniese groepe in Suid-Afrika verteenwoordig. Sodoende word die teikengroep nie net beperk tot kinders uit een gemeenskap nie, maar enige Afrikaanssprekende kind.

Tweedens word daar in die illustrasies elemente weergegee wat tipies is van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse kultuur in die breë, soos die verwysing na plekke in Suid-Afrika, byvoorbeeld die Karoo in *landstreek*.




Figuur 5.44

Daar is ook verwysings van dinge wat tipies met Suid-Afrika geassosieer word, soos *rugby* en die verhaal *Jock of the Bushveld* in *storie*.



Figuur 5.45

Twee illustrasies is geïdentifiseer wat verouderd is en daarom moeiliker sal wees vir die kind om te begryp. Die eerste is die illustrasie van die ou Suid-Afrikaanse vlag by die lemma *vlag*. Hierdie inligting was egter nog korrek in 1993 toe hierdie woordeboek uitgegee is. Die tweede verouderde illustrasie is dié van *plaat*. Viniekplate en platespelers word nie meer vandag algemeen gebruik nie. Die tekengebruikers van hierdie boek sal waarskynlik nie vertrou wees met die konsep *musiekplaat* nie en sal daarom sal ook nie die illustrasie begryp nie. 'n Alternatief sou wees om eerder die betekenis van *plaat* as deel van 'n stroof te illustreer.



Figuur 5.46

5.6.1.7 Samevatting

Ten slotte kan die mate waarin die illustrasies in *My Eerste Woordeboek* effektief gebruik word, soos volg saamgevat word:


- Die illustrasies in hierdie woordeboek is in die algemeen besonder geslaagd ten opsigte van bondigheid, aksie, kleur en die mate waarin dit aansluit by die verwysingsraamwerk van die tekengebruiker.
- Die illustrasies is slegs gedeeltelik geslaagd ten opsigte van die ondersteuning van die teks.
- 'n Leemte in hierdie woordeboek is die feit dat die illustrasies nie altyd duidelik genoeg is om die betekenis van die konsep te ondersteun nie.

5.6.2 *Visuele Woordeboek vir Kinders: 'n Geïllustreerde woordvinder*

Die titel van hierdie boek is 'n duidelike aanduiding dat die visuele, met ander woorde die illustrasies, hier 'n belangrike rol speel. Hierdie woordeboek is tematies gerangskik en elke kategorie word voorsien van subkategorieë. Sowel die hoofkategorieë as die subkategorieë is voorsien van kleurillustrasies. Aanbieding van illustrasies geskied deur kleurfoto-illustrasies en met enkele uitsonderings is daar van tekeninge gebruik gemaak. Die foto's is oor hoofsaaklik die algemeen baie duidelik en van goeie gehalte.

5.6.2.1 Bondigheid


Die illustrasies wat in hierdie woordeboek aangebied word, slaag tot 'n groot mate daarin om die relevante inligting bondig en eenvoudig uit te beeld. Die foto's wat gebruik is, is duidelik, en slegs die relevante deel van die foto is in die woordeboek opgeneem. In die geval van *klein diertjies* is die *tarantulaspinnekop*, *skilpadbesie*, *kewer* en *brommer* geïsoleer en teen 'n wit agtergrond geplaas. Soortgelyke illustrasies is volop in hierdie woordeboek.



Figuur 5.47


Die totale afwesigheid van 'n konteks waarin die konsep geïllustreer word, is egter storend in sommige gevalle, omdat die konteks 'n waardevolle bydrae kon lewer tot die betekenis van die konsep. So 'n voorbeeld is *motoronderdele*:

Deur die stuurwiel in die normale posisie, aangeheg aan die *paneelbord*, tesame met byvoorbeeld die voorruit en deel van die enjinkap te illustreer, sou die woordeboekgebruiker waarskynlik 'n beter begrip van die verskillende konsepte kon kry. Dieselfde geld in die geval van *masjien* en *battery*. Deurdat hierdie konsepte totaal in isolasie geplaas word, kan die woordeboekgebruiker nie presies bepaal hoe dit deel vorm van die motor nie.




Figuur 5.48

In sommige gevalle is daar wel op meer effektiewe wyse meer inligting in die illustrasie geplaas, wat bydra tot die oordrag van die betekenis van die lemma en die vorming van semantiese netwerke. So word daar byvoorbeeld in die illustrasie van *naaldboomplantasie* ook 'n aantal bome getoon wat afgesaag is, asook werkers wat besig is om die houtstompe te bewerk.



Figuur 5.49

Dieselfde geld ook in die geval van verskillende wonings: slegs die nodigste detail is in die illustrasie toegelaat, soos die water wat behou is by 'n *platboom-woonskuit* en *houthuise op pale*, en 'n klein gedeelte van die pad by die *voorstedelike houthuis*. Dit is funksioneel, omdat dit die bepaalde soort huis in 'n bepaalde milieu plaas.



Figuur 5.50

In enkele gevalle is die bykomende inligting in die illustrasie steurend en kan dit moontlik die woordeboekgebruiker se aandag van die betekenis van die konsep aflei, byvoorbeeld in die geval van *eekhorning*.



Figuur 5.51


Hoewel daar as deel van die lemma eksplisiet gestel word dat die nes deel vorm van die illustrasie, sou 'n mens verwag dat die klem op die eekhorning moet val, aangesien hierdie inskrywing gevind word onder die kategorie *soogdiere*. Die

fokus van die illustrasie is egter meer op die nes. Dit sal waarskynlik vir die woordeboekgebruiker redelik moeilik wees om die eekhoring in die nes met die eerste oogopslag op te merk, aangesien die kleur van die eekhoring saamsmelt met dié van die nes. Behalwe vir die opskrif is daar geen ander verbale hulpmiddels om aan te toon waar die eekhoring in die foto is nie. Die ander byskrifte wat gegee word is: *droë gras, vere en takke*. Hierdie inligting kan verwarrend wees vir 'n kind wat geen benuit het van wat 'n eekhoring is nie, want afgesien van die feit dat dit onder die kategorie *soogdiere* hanteer word, kan dit maklik verwar word met 'n voeltjie wat in sy nes sit. (Vergelyk ook die byskrif *vere* wat gewoonlik met voëls geassosieer word.)

In hierdie woordeboek is egter nie baie voorbeelde van werklik steurende en verwarrende inligting gevind nie. Daar kan selfs gesê word dat die illustrasies in hierdie woordeboek te min bykomende inligting bevat. Die illustrasies in hierdie woordeboek voldoen dus aan die kriterium wat gestel word ten opsigte van bondigheid.


5.6.2.2 Duidelikheid

Alle illustrasies in hierdie woordeboek is van byskrifte voorsien wat dikwels ook as lemmas van die woordeboekartikels dien. Die lemma word selfs dikwels effens uitgebrei om 'n presiese beskrywing van die illustrasie te gee, byvoorbeeld onder die kategorie *voëls* is daar *'n hen op haar nes*, *'n vink op 'n tak* en *'n pou pronk*.




Figuur 5.52

Met behulp van byskrifte word die deel-geheel-verhoudinge geëkspliseer. So byvoorbeeld word daar onder die kategorie *skepe en bote* verskeie illustrasies met byskrifte gegee om belangrike eienskappe duidelik te maak vir die woordeboekgebruiker. By die *duikboot* is daar byskrifte om die periskoop en uitkyktoornag aan te toon; by die *reddingsboot* word die aandag gevestig op die radar; en die mas, stuurhuis en net word benoem by die *vistreiler*.



Figuur 5.53

Daar is egter enkele gevalle waar daar te min inligting verskaf word om die betekenis van die konsep volledig en duidelik oor te dra. So 'n voorbeeld is dié van *moltrein* in die subkategorie *treine in die stad*.



Figuur 5.54

Die meerderheid Suid-Afrikaanse kinders is nie vertrou met die konsep *moltrein* nie, omdat hierdie vorm van vervoer nie in Suid-Afrika gebruik word nie. Die woordeboekartikel bevat egter net die lemma en 'n illustrasie van 'n moltrein

teen 'n wit agtergrond. Uit hierdie gegewens sal die woordeboekgebruiker nie kan aflei dat hierdie tipe trein ondergronds beweeg nie. Dit sou waarskynlik meer effektief gewees het om die illustrasie teen 'n donkerder agtergrond te plaas, en dit te laat lyk asof die trein se ligte aan is, sodat dit voorkom asof die trein onder grondvlak is.

Nog 'n voorbeeld van 'n onduidelike illustrasie word gevind by *polisiestasie*:



Figuur 5.55


Die illustrasie toon 'n gebou met 'n dak, vensters en skoorsteen. Aan die voorkant is 'n aantal motors geparkeer. Die byskrif by die illustrasie benoem wel 'n polisiemotor, maar dit is moeilik op die klein illustrasie om die woord *police* (onvertaald) op die motor raak te sien. Hierdie illustrasie kan baie maklik geïnterpreteer word as 'n gewone woonhuis. Daar is geen kenmerkende eienskappe in die illustrasie wat hierdie gebou, as polisiestasie, onderskei van ander geboue nie.

Bogenoemde twee voorbeelde van onduidelike illustrasies is egter uitsonderings. In die algemeen is die illustrasies baie duidelik en maklik interpreteerbaar.

5.6.2.3 Teksondersteunend


Die samestelling van *Visuele Woordeboek vir Kinders* is van só 'n aard dat daar telkens by die naam van 'n kategorie of tema 'n omskrywing verskaf word, byvoorbeeld:

Die lemma skep reeds die verwagting van iets wat te make het met rolprente. Die meegaande illustrasie sluit egter nie aan by die lemma nie. Die illustrasie bestaan uit 'n foto van 'n gebou waarvan die naam op die gebou nie duidelik uitgemaak kan word nie. In die straat voor die gebou is daar 'n man wat verbystap, 'n geparkeerde fiets en motorfiets. Hierdie illustrasie is onvolledig en sal daarom ook van toepassing kan wees op 'n vermaaklikheidsentrum of 'n dansklub. So 'n illustrasie is nie funksioneel in die kinderwoordeboek nie. Dieselfde argument geld ook vir die illustrasie van *biblioteek*:



Figuur 5.58

Nog 'n voorbeeld waar die illustrasie nie die teks ondersteun nie, is *brandweermanne blus 'n brand*.




Figuur 5.59

Die illustrasie toon slegs die syaansig van twee brandweermanne op 'n leer, en die voorste brandweerman wat 'n waterkanon vashou. Nêrens op die illustrasie is daar egter 'n vlam of enige teken van 'n brand nie.

Ook in die geval van *kyk rond in 'n klerewinkel* onder die kategorie *'n verskeidenheid winkels* is daar nie ooreenstemming tussen die teks en die illustrasie nie. Die illustrasie wat veronderstel is om 'n klerewinkel voor te stel, toon slegs een persoon wat na drie hemde op 'n klerereël kyk. Dit sal eerder aangesien word vir die persoon in die illustrasie se


klerekas as 'n klerewinkel waar die reting waarskynlik 'n groter verskeidenheid klere sal toon met byvoorbeeld etikette aan die kledingstukke of 'n bord wat 'n aanduiding van die prys van die klere gee.



Figuur 5.60


Alhoewel voorbeelde van illustrasies wat nie die teks ondersteun nie in die minderheid is, kan die aanname gemaak word dat sommige illustrasies die oordrag van semantiese inligting aan die woordeboekgebruiker belemmer, omdat dit nie die teks ondersteun nie.

5.6.2.4 Aksievol



Figuur 5.61

Die hoeveelheid aksie wat in die illustrasies gevind is, is bevredigend. In baie van die foto's is daar wel nie aksie nie, maar dit rem nie die oordrag van inligting nie (vergelyk 5.3.1.1). Aksie word egter nie heeltemal weggelaat nie. So is daar byvoorbeeld aksie by *liggaamsdele* waar twee kinders en 'n ma voorgestel word waar hulle in sand speel asof hulle op die strand is. Ander voorbeelde van aksie word ook aangetref by diere, soos die illustrasie van 'n *huiskang* wat besig is om sy prooi te wurg en 'n *bergskilpad* broei uit.



Figuur 5.62

Nie net behoort hierdie voorstelling van aksie in die illustrasie die kind se aandag te trek nie, maar dit is ook informatief, omdat dit meer inligting verskaf oor hierdie diere.

5.6.2.5 Kleurvol

Die illustrasies in *Visuele Woordeboek vir Kinders* voldoen grootliks aan die vereistes wat gestel word ten opsigte van kleur. Daar is sover moontlik gebruik gemaak van helder, dog realistiese kleure wat die kind se aandag sal trek. So is daar byvoorbeeld in die illustrasie van *liggaamsdele* (vergelyk 5.6.2.4; figuur 5.61) veral gebruik gemaak van helder kleure, soos die primêre kleure blou, rooi en geel en ook groen. In die kategorieë *reis per pad*, *reis per trein* en *reis per*

5.6.2.6 Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker

'n Groot leemte in hierdie woordeboek is die feit dat dit as Afrikaanse woordeboek nie by die waarskynlike teikengebruiker, naamlik die Afrikaanse of Suid-Afrikaanse kind, pas nie. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat dit 'n vertaalde werk is. Die blote invoeging van 'n lemma soos *Noord-Amerikaanse watersalamander* en *Suid-Amerikaanse horingpadda* is 'n aanduiding dat hierdie woordeboek glad nie gerig is op die Suid-Afrikaanse kind nie.

In baie gevalle word daar illustrasies verskaf van konsepte, maar binne die Suid-Afrikaanse konteks sien dit daar anders uit as wat in die woordeboek voorgestel word. So byvoorbeeld is die grootste illustrasie onder die kategorie *waarmense woon*, 'n *klipkasteel*, terwyl 'n kasteel nie in die Suid-Afrikaanse konteks 'n prototipiese woning is nie. Dit geld ook vir die subkategorie, *huise op water*, wat onder hierdie kategorie aangebied word (vergelyk figuur 5.50), asook *huise op die platteland* (vergelyk figuur 5.2). In laasgenoemde illustrasies is daar verwysings na Australië, Turkye, Mongolië, ensovoorts. Daar is egter geen verwysings na tipiese Suid-Afrikaanse plattelandse huise soos kleurvolle kleihuise, Zoeloe-hutte in die Natalse binneland, ensovoorts nie.

Nog 'n voorbeeld is die illustrasie van *taxi*, waar 'n geel motor met 'n lig op die dak getoon word (vergelyk figuur 5.63). Hierdie tipe huurmotor is meer tipies van New York, terwyl 'n minibus die konsep baie duideliker vir die Suid-Afrikaanse kind sou verklaar.

In aansluiting by bogenoemde is daar ook sekere illustrasies van konsepte weggelaat. Geen illustrasie van 'n bakkie as vervoermiddel word gegee nie. Dit is vreemd, aangesien bakkies redelik algemeen in Suid-Afrika voorkom. Dit toon ook die leemte in die vertaling van hierdie woordeboek na Afrikaans, want tipiese Suid-Afrikaanse konsepte word weggelaat.

5.6.2.7 Samevatting

Samevattend kan daar nou sekere afleidings gemaak word ten opsigte van die geslaagdheid van illustrasies in *Visuele Woordeboek vir Kinders*.

- Uit die ses kriteria wat gestel is vir effektiewe illustrasies in kinderwoordeboeke, voldoen hierdie woordeboek aan vier, naamlik: bondigheid, duidelikheid, aksievol en kleurvol.

- Ten opsigte van teksondersteuning is die illustrasies nie altyd bevredigend nie.
- Illustrasies is nie gerig op die Suid-Afrikaanse kind nie.


In die algemeen blyk dit duidelik uit die bespreking dat *Visuele Woordeboek vir Kinders* sy naam gestand doen deur effektiewe illustrasies aan te bied wat gerig is op die jong woordeboekgebruiker. Die oordrag van semantiese inligting in hierdie woordeboek word dus bevorder deur die illustrasies.

5.6.3 *Mijn Eerste Woordenboek*

Mijn Eerste Woordenboek is 'n Nederlandse kinderwoordeboek waarvan die lemmas ook tematies gerangskik is. In hierdie woordeboek word daar in die sentrale woordelys glad nie gebruik gemaak van definisies of voorbeeldmateriaal nie. Daar is slegs illustrasies en lemmas opgeneem. Die agterwerk bestaan wel uit 'n alfabetiese lys van al die lemmas wat in die woordeboek opgeneem is. Elkeen van hierdie lemmas het dan ook 'n vereenvoudigde swart-en-wit-illustrasie wat ooreenkom met die illustrasie in die sentrale woordelys. Hierdie is 'n effektiewe toegangstruktuur, omdat die woordeboekgebruiker nou 'n spesifieke woord kan naslaan om die betekenis daarvan te bepaal. Die vereenvoudigde skets kan hom/haar dan help om die voorwerp in die bepaalde kategorie tussen al die ander illustrasies op te spoor. Dit is dus baie duidelik dat hierdie woordeboek steun op die illustrasies om betekenisinligting oor te dra. Alle illustrasies is handuitgevoerde tekeninge.

5.6.3.1 Bondigheid

Die illustreerder slaag daarin om die tekeninge bondig en eenvoudig te hou, sonder om enige belangrike inligting met betrekking tot die konsep weg te laat. In baie gevalle word die konsep wat geïllustreer word, aangebied as 'n individuele illustrasie met min of geen ander visuele inligting nie, byvoorbeeld *vlinder*, *tractor* en *helikopter*:




Figuur 5.64

In sommige gevalle is die illustrasie wel voorsien van enkele ander visuele aspekte. Hierdie addisionele inligting is meestal funksioneel, omdat dit bydra tot die begripsverklaring van die lemma. So byvoorbeeld is daar in die illustrasie van *café* 'n figuur wat 'n kelnerin voorstel wat die bestellings van twee persone by 'n tafel neem. Hierdie inligting dra by tot die betekenis van die woord, deurdat dit semanties verwante konsepte insluit, soos *kelnerin*.




Figuur 5.65

Die feit dat sekere konsepte saam gegropeer is in die illustrasies dra ook by tot bondigheid in die woordeboek. So byvoorbeeld is *ijsbeer*, *pinguin* en *zeehond* saam gegropeer en dit lyk asof hulle op 'n stuk ys staan. Hierdie inligting is funksioneel en dra by om die habitat van hierdie diere uit te beeld.



Figuur 5.66


In die kategorie *op het platteland* word verskeie konsepte uitgebeeld wat verband hou met boerdery en die plaas. Die illustrasie van *boer* is in die middel van die illustrasies binne hierdie kategorie geplaas. Hierdie is 'n baie bondige, maar treffende wyse om die boer ook voor te stel as die middelpunt van die plaas, en alles waarvoor hy verantwoordelik is.



Figuur 5.67


5.6.3.2 Duidelikheid

In die algemeen is die illustrasies in hierdie woordeboek baie duidelik. Deurgaans word slegs die belangrikste aspekte van 'n bepaalde begrip geïllustreer. So byvoorbeeld is die maanhare van die *leeuw*, die tande en ore van die *olifant* en die strepe van die *tijger* baie prominent in die onderskeie illustrasies, tesame met die basiese bou van die bepaalde dier.




Figuur 5.68

In sommige gevalle word daar in hierdie woordeboek gebruik gemaak van byskrifte om bepaalde aspekte van die konsep uit te hef, byvoorbeeld in die geval van *huis* waar die volgende byskrifte voorkom: *schoorsteen*, *dak*, *raam*, *muur* en *deur*.




Figuur 5.69

Daar is ook uitsonderings in hierdie woordeboek waar die illustrasie onvolledig is en die leser nie die omvang van die konsep sal kan begryp nie, soos in die geval van *flatgebouwen*.



Figuur 5.71


Die illustrasie toon twee redelike hoë geboue langs mekaar, met drie bome en twee baie klein menslike figure onder aan die tekening. Daar is egter geen aanduiding in die illustrasie dat hierdie geboue woonplekke vir die mense is nie - dit kan net sowel dieselfde betekenis hê as *kantoorgebouw*. Laasgenoemde konsep se illustrasie is ook onvolledig: voor, by die vierverdieping-gebou, is daar duidelike deure en buite die gebou is drie geparkeerde motors. Weer eens is daar geen verdere aanduidings van die doel van die gebou nie, naamlik dat administratiewe werk daar verrig word. Hierdie probleem kon voorkom word deur byvoorbeeld 'n groter skets van 'n kantoorgebou en die menslike figure te maak. Deur een van die figure te teken met byvoorbeeld 'n aktetas kon na hom/haar verwys word as 'n *kantoorwerker* en 'n ander figuur kon benoem word as 'n *sekretaresse*.



Figuur 5.72

5.6.3.3 Teksondersteunend

Wat teksondersteuning betref, is die illustrasies in hierdie woordeboek slegs gedeeltelik geslaagd, omdat daar verwarring kan voorkom as gevolg van die plasing van die lemma teenoor die illustrasie. In die geval van byvoorbeeld *hemel*, *rivier* en *meer* kan die lemma *hemel* eerder verwys na die heuwel waarlangs dit geplaas is, aangesien daar nie 'n duidelike illustrasie is om die betekenis van hierdie konsep te verduidelik nie. Na aanleiding van die illustrasies wil dit voorkom asof die lemma *rivier* eerder betrekking het op die gras.



Figuur 5.73


Ook in die geval van *koe* (vergeelyk figuur 5.67) is die illustrasie en teks effens verwarrend. Die lemma *koe* is duidelik by 'n illustrasie van 'n koei wat water drink. Skuins bokant hierdie koei is daar nog drie koeie geteken en bo hierdie koeie is die lemma *varken* wat dan eintlik bedoel is om 'n eenheid te vorm met die illustrasie van 'n vark bo hierdie lemma. Die woordeboekgebruiker moet nou self vasstel watter lemma by watter illustrasie pas.

Hierdie verwarrings wat voorkom, kan moontlik toegeskryf word daaraan dat daar nie konsekwent gehandel is met die plasing van die lemma ten opsigte van die illustrasie nie. So is sommige lemmas onder aan die illustrasie aangebring, ander is aan die bokant van die illustrasie en ander is links of regs van die illustrasie. Waar daar konsekwent gehandel word, sal die woordeboekgebruiker onmiddellik weet waar om te kyk vir die lemma wat die betrokke illustrasie vergesel. Indien dit nie gedoen word nie, word daar weer eens staat gemaak op die taalintuisie van die jong woordeboekgebruiker. In so 'n geval moet die woordeboekgebruiker dan eers na die alfabetiese afdeling van die

woordeboek gaan, waar die vereenvoudigde illustrasie gegee word. Dit is egter 'n tydrowende proses en kan veroorsaak dat die kind belangstelling verloor.


5.6.3.4 Aksievol

Die hoeveelheid aksie in die illustrasies is bevredigend, aangesien die meeste illustrasies 'n tipe aksie behels. So is daar by *huisdieren* 'n dogtertjie wat haar kat streef terwyl die klein katjies met gare en wol speel, en daar is ook 'n illustrasie van 'n dogtertjie wat vir haar konyn kos gee.




Figuur 5.74

Onder die kategorie *minidieren* is daar 'n seuntjie met 'n skepnet wat by 'n poel water waarskynlik paddavissies en ander klein diertjies gaan vang.



Figuur 5.75


Vergelyk ook die illustrasies by *zwembadje*, *botsauto's*, *boekhandel* en *wasmachine*.



Figuur 5.76


5.6.3.5 Kleurvol

Helder kleure word doeltreffend ingespan om die kind se aandag te trek. Ook in hierdie woordeboek is rooi, geel, blou en groen prominent, byvoorbeeld in die illustrasies van *auto*, *bestelauto*, *minibus* en *dubbeldekker*.




Figuur 5.77

Selfs waar diere geïllustreer is, is die kleure effens verhelder deur veral geel tinte in te span, soos by die illustrasies van *leeuw* (vergeelyk figuur 5.68), *giraffe*, *luipaard* en *kip*,



Figuur 5.78

Die *nijlpaard* is meer bruin as grys, waarskynlik om dit in kontras te plaas met die blou-grys poel waarin die seekoei is.




Figuur 5.79

In die geval van *minidieren* is die oorheersende kleur op die bladsy groen, maar die illustreerder sorg vir afwisseling deur die helder blou, geel en rooi van die twee menslike figure se klere (vergeelyk figuur 5.75).


5.6.3.6 Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker

Die illustrasies in hierdie woordeboek is nie werklik gebonde tot spesifiek die Nederlandse kultuur nie, en kan van toepassing gemaak word op enige Westerse kultuur. So byvoorbeeld is daar onder die kategorie *Het is feest!* geen verwysings na spesifieke Nederlandse feeste (soos byvoorbeeld Koninginnedag) nie. Daar is selfs nie eens 'n verwysing na Kersfees nie. Die illustrasies is redelik neutraal en verbeeld konsepte soos *dansen*, *cadeaus*, *verjaardagskaarten*, ensovoorts. Die kulturele neutraliteit van die woordeboek maak dit daarom gepas vir onder andere die Nederlandse kind wat waarskynlik die teikengebruiker van die woordeboek sal wees.




Figuur 5.80

Die illustrasies is verder baie gepas in dié opsig dat dit konsepte uit die kind se leef- en ervaringswêreld omvat. So byvoorbeeld is daar illustrasies van kinders wat sandkastele bou op die strand, kinders wat vermaak word deur 'n kulkunstenaar, en kinders wat in 'n pretpark speel.



Figuur 5.81



Figuur 5.82

5.6.3.7 Samevatting

Dit blyk uit die bespreking dat *Mijn Eerste Woordenboek* besonder goed daarin slaag om illustrasies effektief aan te wend om sodoende betekenisoordrag van die lemmas te bewerkstellig. Die bevindinge kan soos volg uiteengesit word:

- Die illustrasies in hierdie woordeboek is effektief ten opsigte van vyf van die kriteria wat gestel is, naamlik bondigheid, duidelikheid, aksie, kleurgebruik en die gepastheid daarvan by die tekengebruiker.
- Die inkonsekwente wyse waarop die illustrasies en lemmas ten opsigte van mekaar geplaas word, veroorsaak dat die illustrasie nie altyd die teks ondersteun nie.

5.7 SAMEVATTING

Deurdat 'n kinderwoordeboek, as kinderboek, vir 'n kind visueel mooi gemaak word, sal die kind waarskynlik meer geïnteresseerd wees daarin. In hierdie hoofstuk is onder andere vasgestel dat foto's en handuitgevoerde tekeninge geskik is in kinderwoordeboeke. Verskillende tipes illustrasies wat gebruik kan word, is kortliks bespreek. Deur die funksies van illustrasies in onderskeidelik kinderlektuur en woordeboeke te ondersoek, is sekere belangrike funksies van illustrasies in kinderwoordeboeke geïdentifiseer. Ten einde kriteria daar te stel vir illustrasies in kinderwoordeboeke is kriteria vir illustrasies in kinderlektuur en kinderwoordeboeke bespreek. Daarna is ses moontlike kriteria geïdentifiseer vir effektiewe illustrasies en drie kinderwoordeboeke is gemeet aan hierdie kriteria.

Dit blyk dat die gebruik van illustrasies in hierdie kinderwoordeboeke oor die algemeen bevredigend is ten opsigte van effektiwiteit, alhoewel die aard van aanbieding verskillend is in elk van hierdie woordeboeke.

In die volgende tabel word 'n opsomming gegee van die mate waarin die illustrasies in die drie kinderwoordeboeke wat ondersoek is, voldoen aan die kriteria wat gestel is vir effektiewe illustrasies.

KRITERIUM	My Eerste Woordeboek	Visuele Woordeboek	Mijn Eerste Woordenboek
Bondigheid	Ja	Ja	Ja
Duidelikheid	Gedeeltelik	Ja	Ja
Teksondersteunend	Gedeeltelik	Gedeeltelik	Gedeeltelik
Aksievol	Ja	Ja	Ja
Kleurvol	Ja	Ja	Ja
Gepastheid ten opsigte van die tekengebruiker	Ja	Nee	Ja

Tabel 5.1 Samevatting van evaluering van illustrasies in drie kinderwoordeboeke

Dit is ook duidelik dat die illustrasies 'n belangrike rol vervul in die oordrag van semantiese inligting in kinderwoordeboeke. Soos reeds genoem, kan die komponente van die kinderwoordeboek nie afsonderlik funksioneer nie. Die illustrasie sal geen leksikografiese waarde hê as dit nie saam met 'n lemma, voorbeeldmateriaal en/of definisie aangebied word nie. Uit hoofstuk 4 en 5 blyk die samewerkingsverhouding tussen definisies en illustrasies duidelik. Vervolgens sal die bydrae van verbale voorbeeldmateriaal tot die oordrag van semantiese inligting in kinderwoordeboeke ondersoek word.

HOOFSTUK 6

Verbale voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke - 'n kritiese beskouing

6.1 INLEIDING

In die voorafgaande twee hoofstukke, wat onderskeidelik handel oor definisies en illustrasies in kinderwoordeboeke, is daar telkens verwysings na voorbeeldmateriaal, of die sin wat die definisie/illustrasie beskryf. Hoewel nie alle woordeboekartikels altyd van verbale voorbeeldmateriaal voorsien word nie, noem Gouws (1989:229) dat voorbeeldsinne 'n uiters belangrike mikrostruktuurelement in aanleederswoordeboeke is, omdat dit die woordeboekgebruiker in staat stel om onder andere die lemma in 'n sin van sy/haar eie te gebruik. Aangesien die kinderwoordeboek gereken word as 'n tipe aanleederswoordeboek, kan die stelling gemaak word dat verbale voorbeeldsinne ook hier 'n belangrike rol sal speel.

Hoewel Rademeyer (1993:209) dit stel dat voorbeeldmateriaal nooit sonder 'n definies kan optree nie, is Thorndike (1991:210) van mening dat dit beter is om slegs voorbeeldmateriaal aan te bied, as om 'n definisie te verskaf waarvan die taakengebruiker nie al die woorde verstaan nie. Hieruit blyk dit dat voorbeeldmateriaal onder andere ook 'n definierende rol (as kontekstuele definisie) kan speel in die woordeboekartikel.

Hierdie hoofstuk het ten doel om die rol van voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke te ondersoek. Eerstens sal daar aandag geskenk word aan die funksies van verbale voorbeeldmateriaal in spesifiek kinderwoordeboeke. Daarna sal die tipes voorbeeldmateriaal en komponente daarvan onder die loep kom. Die moontlike kriteria waaraan verbale voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke moet voldoen ten einde funksioneel en effektief te wees, sal ondersoek word. Laastens sal drie kinderwoordeboeke wat gereedelik gebruik maak van verbale voorbeeldmateriaal, bestudeer word om te bepaal of die voorbeeldmateriaal aan die genoemde kriteria voldoen. Die woordeboeke wat hier betrek word is, *My Eerste Woordeboek*, *Picture Dictionary* en *Sexamstraat Woordenboek*.

6.2 FUNKSIES VAN VERBALE VOORBEELDMATERIAAL

6.2.1 Ondersteuning van die definisie

Mostert (1988:150) beweer dat die geslaagdheid van betekenisverklaring in 'n groot mate afhang van die kwaliteit en gepastheid van die voorbeeldmateriaal. Dit beteken egter nie dat die voorbeeldmateriaal in die woordeboekartikel die leemtes van die definisie moet ondervang nie, maar wel dat die voorbeeldmateriaal die definisie moet aanvul en ondersteun (Rademeyer, 1993:207).

Die ondersteuning van die definisie kan beskou word as die primêre funksie van voorbeeldmateriaal in 'n woordeboek. Lombard (1992:150) verwys na die informatiewe funksie van voorbeeldmateriaal, omdat dit inligting bykomend tot die definies verskaf. In die meeste gevalle is hierdie inligting van ensiklopediese aard (Bergenholtz & Tarp, 1995:137). In die volgende voorbeelde is beperkte ensiklopediese inligting verskaf in die voorbeeldmateriaal:

slak	Tuiniers hou nie van slakke nie omdat hulle die plante vreet.
x-straal	Simon moes 'n x-straal laat neem van sy been sodat die dokter kan sien waar dit gebreek is.

(My Eerste Woordeboek)

In die eerste voorbeeldsin word daar ensiklopediese inligting gegee oor die aard van die voedsel wat slakke eet. In die tweede voorbeeld word inligting verskaf oor die gebruik van x-strale: wanneer en deur wie dit gebruik word.

6.2.2 Aanduiding van leksikale en konseptuele verhoudinge

In hoofstuk 3 is aangetoon dat woorde nie in isolasie hanteer en verstaan word nie, en dat semantiese netwerke 'n belangrike rol speel by die begryp van woorde (sien 3.2). In definisies word sekere leksikale en konseptuele verhoudinge, byvoorbeeld sinonimie, antonimie en hiponimie, dikwels gebruik om bepaalde konsepte te verduidelik (vergelyk 4.5). Volgens Rademeyer (1993:212-213) het voorbeeldmateriaal dikwels 'n soortgelyke funksie in die woordeboekartikel deurdat semanties verwante leksikale items in die voorbeeldsin optree (vergelyk ook Gouws, 1993:42). Op hierdie wyse word semanties verwante lemmas van mekaar onderskei, soos blyk uit die volgende voorbeeldsinne, waar daar veral van antonimie gebruik gemaak is:

droog Sally hang die *nat* wasgoed buite om **droog** te word.
dryf 'n Kurkprop sal **dryf** op water, maar 'n klip sal *sink*.

(My Eerste Woordeboek)

island Fiji is a *small* island, Australia is a *huge* one.
wide This river is wide, it is broad not *narrow*.

(Picture Dictionary)

In laasgenoemde voorbeeldsin word daar van beide antonimie (*narrow* as antoniem vir *wide*) en sinonimie (*broad* wat min of meer dieselfde betekenis as *wide* het) gebruik gemaak in die voorbeeldsin. Sodoende kan die kind 'n duideliker aanduiding kry van die semantiese netwerk waarin hierdie woord geplaas word.

In kinderwoordeboeke word homonimie en polisemie ook hanteer, hoewel daar nie altyd 'n eksplisiete onderskeid getref word nie. In die meeste gevalle word gebruik gemaak van meer as een voorbeeldsin om aan te toon dat die bepaalde lemma in meer as een betekenisfeer gebruik kan word. Vergelyk die volgende voorbeelde:

lig 'n Veertjie is **lig**. Dit is nie swaar nie.
Die son gee vir ons *lig* en warmte.
Simon *lig* die deksel van die koekblik op.

(My Eerste Woordeboek)

stamp 1. Stick a **stamp** on an envelope, then a rubber **stamp** will **stamp** the letter.
2. Do you **stamp** your foot in temper?

(Picture Dictionary)

6.2.3 Verteenwoordiging van prototipiese gebruik

Verbale voorbeeldmateriaal wat in woordeboeke verskaf word, kan eerder 'n geyskte uitdrukking in die taal wees as 'n totaal nuwe konstruksie, omdat daar gestrewe word na natuurlike taalgebruik (Lombard, 1992:151). Hierdie praktyk verseker dat prototipiese gebruiksevalle in die voorbeeldmateriaal verskaf word (Geeraerts & Janssens, 1982:18; Lombard, 1992:151). Rademeyer (1993:210) ondersteun hierdie siening deur te noem dat die voorbeeldmateriaal verteenwoordigend moet wees van dit wat tipies in die taal aangetref word. Dit spreek vanself dat die leksikograaf slegs

enkele voorbeelde in die woordeboekartikel kan verskaf. Tipiese gebruiksvoorbeelde sal die woordeboekgebruiker help om patroonmatigheid raak te sien en om soortgelyke grammatiese korrekte sinne te konstrueer (Rademeyer, 1993:210). In die volgende voorbeeldsinne word die lemma telkens gebruik in tipiese positiewe Afrikaanse stelsinne met SVO-volgorde, waar die werkwoord in die spilposisie is (vergelyk Carstens, 1994:40):

stoof	Ampie se ma kook kos op die stoof .
vakansie	Jan en Tanya hou vakansie by die see.

(My Eerste Woordeboek)

6.2.4 Verskaffing van grammatiese inligting

In aansluiting by bogenoemde kan 'n verdere funksie van voorbeeldmateriaal onderskei word, naamlik dat dit implisiete grammatiese inligting verskaf (Bartholomew & Schoenhals, 1983:59; Bergenholz & Tarp, 1995:138; Landau, 1989:166; Rademeyer, 1993:209). Die voorbeeldmateriaal illustreer hoe die woord in die taal gebruik word en waar die woord in die sinskonstruksie geplaas word - dit gee dus sintaktiese leiding (Bartholomew & Schoenhals, 1983:59). Verder word morfologiese inligting ook verskaf met betrekking tot verlede tydsvorme, samestellings wat met die woord gevorm kan word en ook afleidings (vergelyk Carstens, 1994:344-345). In die volgende voorbeeldsinne word implisiete grammatiese inligting verskaf:

tall	A giraffe is tall , but the trees are taller. (Dui trappe van vergelyking aan.)
cycle	I cycled through a puddle. (Dui verlede tydsvorm aan.)

(Picture Dictionary)

skakelaar	Jan skakel die lig aan by die skakelaar . (Dui die basis aan waaruit die lemma gevorm is.)
muskiet	Muskiet byte juk baie. (Dui 'n samestelling met die lemma aan.)

(My Eerste Woordeboek)

Rademeyer (1993:211) noem dat die voorbeeldsinne ook sintaktiese verbindingsmoontlikhede van die lemma illustreer. Die optrede van sommige woorde is beperk tot bepaalde sinstipes, byvoorbeeld die adjektief *allesbehalwe* wat slegs in positiewe stelsinne gebruik word.

6.2.5 Bewys van bestaan van leksikale items

'n Verdere funksie van voorbeeldmateriaal wat onderskei word, is die feit dat die voorbeeldmateriaal bewys lewer dat die bepaalde lemma en die besondere betekenis daarvan wel in die taal bestaan (vergelyk Al-Kasimi, 1983:92; Geeraerts & Janssens, 1982:18; Rademeyer, 1993:210). Volgens Geeraerts en Janssens (1982:18) is hierdie funksie van voorbeeldmateriaal veral van toepassing op sitate, en is daarom waarskynlik belangriker in omvattende woordeboeke as in kinderverwoordeboeke waar daar nie juis van sitate as voorbeeldmateriaal gebruik gemaak word nie.

6.2.6 Weerspieëling van kulturele konteks

Laastens speel verbale voorbeeldmateriaal 'n belangrike rol ten opsigte van die weerspieëling van die kultuur waarin die woord gebruik word (vergelyk Al-Kasimi, 1983:91; Bartholomew & Schoenhals, 1983:60). Die voorbeeldmateriaal kan implisiete inligting verskaf in verband met volksverhale, gebruike, gelowe, landbou, ekonomie en sosiale aangeleenthede (Bartholomew & Schoenhals, 1983:60). In die volgende voorbeelde uit *My Eerste Woordeboek* word kultuurspesifieke konsepte geïllustreer:

moskee Abdul en sy pa gaan Vrydae na die **moskee**.

Hierdie voorbeeld impliseer dat Abdul en sy pa Moslems is wat op Vrydae na die moskee gaan om te gaan bid.

Kersfees Met **Kersfees** onthou ons die geboorte van Jesus.

Die herdenking van die geboorte van Jesus is 'n gebruik binne die Christelike godsdiens en kultuur.

braai Ons hou daarvan om Sondae **braaivleis** te eet. Pa **braai** die vleis op 'n rooster.

Bogenoemde is 'n tipiese Suid-Afrikaanse gebruik, veral in bepaalde gemeenskappe.

6.2.7 Samevatting

Bogenoemde is alles moontlike funksies van voorbeeldmateriaal in woordeboeke. Hoewel alle voorbeeldmateriaal nie al hierdie funksies tegelyk vervul nie, blyk dit tog duidelik dat voorbeeldmateriaal nie in die woordeboekartikel geplaas word om die definisie te herhaal nie, maar om laasgenoemde grootliks te ondersteun deur bykomende inligting te verskaf. Dit kan ook aanvaar word dat die meeste van hierdie funksies ook van toepassing sal wees op kinderwoordeboeke, aangesien voorbeeldmateriaal 'n integrale deel van die woordeboekartikel uitmaak (vergelyk Rademeyer, 1993:207-208). Samevattend kan die funksies van voorbeeldsinne in kinderwoordeboeke soos volg opgesom word:

- dit ondersteun die definisie en verskaf bykomende inligting;
- gee 'n aanduiding van leksikale en konseptuele verhoudinge;
- verteenwoordig prototipiese gebruik van woorde;
- verskaffing van grammatiese inligting; en
- weerspieël die kulturele konteks waarin die woord gebruik word.

6.3 Tipes VERBALE VOORBEELDMATERIAAL

Leksikografiese voorbeeldmateriaal word deur Al-Kasimi (1983:88) gedefinieer as enige sin of frase wat die gebruik van die lemma illustreer. Die aard van hierdie voorbeeldmateriaal varieer, en daar word binne die leksikografie hoofsaaklik onderskei tussen twee tipes, naamlik sitate en poëme (vergelyk Bergenholtz & Tarp, 1995:137; Gouws, 1989:228; Lombard, 1992:228; Rademeyer, 1993:206; Zgusta, 1971:263-265). Hoewel Lombard (1992:149) en Rademeyer (1993:206) kollokasies ook as 'n tipe voorbeeldmateriaal klassifiseer, word dit egter nie deur Bergenholtz en Tarp (1995:138) gereken as voorbeeldmateriaal nie, omdat:

- kollokasies eksplisiete inligting verskaf, terwyl voorbeeldmateriaal implisiete ensiklopediese inligting verskaf; en
- kollokasies slegs gedeeltes van sinne is, terwyl voorbeeldmateriaal volsinne is.

In aansluiting by Bergenholtz en Tarp (1995:138), word in hierdie studie volstaan by die klassifikasie van slegs sitate en poëme as verbale voorbeeldmateriaal in woordeboeke.

Sitate en poëme sal vervolgens bespreek en verduidelik word aan die hand van voorbeelde uit *HAT³* en *Basiswoordeboek van Afrikaans (BW)*. Voorbeeldmateriaal uit *HAT³* word by hierdie bespreking betrek, omdat hierdie verklarende woordeboek reeds 'n gevestigde tradisie het met betrekking tot die aanbieding van voorbeeldmateriaal. *Basiswoordeboek van Afrikaans*, as aanleerderswoordeboek, bied ook baie voorbeeldsinne om die leerder te help met die gebruik van die woorde in sinne.

6.3.1 Sitate

Sitate is aanhalings wat verkry is uit bestaande tekste in die taal (Bergenholtz & Tarp, 1995:139; Gouws 1989:228; Lombard, 1992:149). Lombard (1992:149) sluit ook voorbeelde uit die spreektaal onder sitate in, maar Zgusta (1971:265) noem dat sitate meestal uit geskrewe tekste geneem word. Sitate wat in *HAT³* aangetref word, is hoofsaaklik verkry uit werke van Suid-Afrikaanse skrywers soos Totius, Opperman, Dalene Matthee en andere, asook aanhalings uit die ou en nuwe vertaling van die Bybel. In die voorwoord van *HAT³* noem die redakteur van die woordeboek dat hierdie sitate nie net as versiering moet dien nie, maar dat dit die gebruik van gewone en ongewone woorde in Afrikaans moet illustreer. 'n Simbool (V) word voor die voorbeeldsin geplaas in die woordeboekartikel om aan te toon dat dit 'n sitaat is, byvoorbeeld:

saffier 2 Blou kleur soos van 'n saffier, saffierblou ∇*Somer en son en saffier vir my* (C.L. Leipoldt).

Bergenholtz en Tarp (1995:139) noem dat die lengte van sitate en sitaatvoorbeelde 'n probleem kan wees vir die leksikograaf. Op grond hiervan word daar onderskeid getref tussen sitate en sitaatvoorbeelde (Bergenholtz & Tarp, 1995:139). Onder die term *sitate* word verstaan dat die bestaande teksgedeelte of aanhaling sonder enige veranderinge in die woordeboek geplaas word. Vergelyk die volgende voorbeelde (waar slegs die lemma en die sitaat in die volgende voorbeelde gegee word, aangesien die res van die woordeboekartikel nie nou ter sprake is nie):

kennis ∇ *Wie kennis versamel, versamel smart* (Pred. 1:18 NV).

kind ∇ *'n Kind se gestalte is soepel en teer* (Elisabeth Eybers).

klik ∇ *Hy't lankal gesê hy gaan Hendrik terugkry omdat hy geklik het* (Hans du Plessis).

klink ∇ *Ek kry 'n klein klein beitelkje, /ek tik hom en hy klink* (N.P. van Wyk Louw).

(*HAT³*)

Wanneer die sitaat egter te lank is om in die woordeboek te plaas, kan die leksikograaf dit verkort. Bergenholtz en Tarp (1995:139) verwys na hierdie voorbeeldmateriaal as sitaatvoorbeelde: "...encyclopedically and linguistically significant parts of the citation are singled out for incorporation in the dictionary, whereby the user is spared the irrelevant parts." Vergelyk die volgende voorbeelde in *HAT*³.

kennis	∇ <i>Al...besit ek al die kennis, en al die geloof... maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks</i> (1 Kor. 13:2 NV).
klim	∇ <i>Die voetpad... klim skuinsweg om hoogte te wen vir die nek daarbo</i> (John Miles).
kolskoot	∇ <i>Straklies... was die kolskoot maar 'n gelukskoot</i> (C.J. Langenhoven).

Zgusta (1971:266) noem ook dat dit soms noodsaaklik is om iets (byvoorbeeld 'n onderwerp of voegwoord) by die sitaat te voeg, ten einde die voorbeeldsin in die vorm van 'n volsin aan te bied.

6.3.2 Poëme

Poëme is voorbeeldsinne wat deur die leksikograaf self geskep is (Gouws 1989:228, vergelyk ook Bergenholtz & Tarp, 1985:139; Lombard, 1992:149). Hierdie voorbeeldmateriaal kan totaal nuwe taalkonstruksies wees of aanpassings van opgetekende taal (Gouws, 1989:22) en dit is só gemaak dat die lemma in die sin voorkom op só 'n wyse dat 'n kenmerkende kontekstuele gebruik daarvan geïllustreer word (Lombard, 1992:149). Die nadele verbonde aan poëme is egter dat die voorbeeldsinne dikwels stereotiep raak, en dit kan ook gebeur dat die leksikograaf se subjektiewe sienings van konsepte kan deurskemer (Bergenholtz & Tarp, 1995:139). Poëme word algemeen in sinchroniese woordeboeke gevind. Enkele voorbeelde is geneem uit *BW* en *HAT*³.

maermerrie	Sokkerspelers dra skutte om hul maermerries te beskerm. Hy het sy maermerrie blou gestamp teen 'n lae tafeltjie.
meubels	Hulle meubels moes alles verkoop word. Die hele vertrek staan vol meubels.
monster	Die bose koning wou die goeie dienskneg vir die monster voer. 'n Yslike monster van 'n hond het agter die heining gegrom. Los my uit, jou vieslike monster.

(*BW*)

maermerrie	Eina, hoe stamp ek nou my maermerrie. Iemand op sy maermerrie skop.
meubel	'n Mens het verskillende soorte meubels nodig om 'n huis behoorlik te meubileer. Pragtige ou meubels op 'n vendusie koop.
monster	Die monsters van die mitologie. Die monster van Loch Ness. Hy is 'n monster teenoor sy familie, skoolklas en ondergeskiktes. Die tiran is 'n monster van wreedheid.

(HAT³)

6.3.3 Voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke

Gouws (1989:228) voer aan dat daar in woordeboeke voorkeur gegee moet word aan sitate, aangesien 'n woordeboek verslag moet doen van werklike taalgebruik. Soms is dit egter nie moontlik om 'n gepaste sitaat te vind wat die betekenis van die bepaalde lemma binne die konteks ondersteun nie (vergelyk Gouws, 1989:228; Zgusta, 1989:267). In so 'n geval sal die leksikograaf noodgedwonge 'n poëem moet gebruik.

Poëme moet egter nie gesien word as voorbeeldmateriaal wat slegs in die afwesigheid van geskikte sitate gebruik moet word nie. Mostert (1988:154) noem dat sitate die woordeboekgebruiker eerder verwar as om die gebruiksmoontlikhede van die woord te illustreer. Die rede hiervoor is dat literêre taalgebruik dikwels gekenmerk word deur "metafore en ander vorme van (digte) beekspraak en selfs dubbelsinnighede wat die helderheid van die betekenisoms krywing in gedrang kan bring" (Mostert, 1988:154). Lombard (1992:159) is van mening dat die gebruik van poëme meer effektief kan funksioneer in handwoordeboeke, aangesien poëme al die funksies van sitate kan vervul. Dit kan boonop so aangepas word deur die leksikograaf dat daar geen onduidelikhede in die voorbeeldsin is nie en semantiese inligting suksesvol oorgedra kan word, om sodoende in die behoeftes van die teikengebruiker te voorsien.

Ook in die geval van 'n aanleederswoordeboek en 'n kinderwoordeboek, as 'n tipe aanleederswoordeboek, speel poëme 'n belangrike rol. 'n Moedertaalspreker van Afrikaans kan moontlik baat vind by die gebruik van sitate uit die Afrikaanse literatuur as gevolg van sy/haar taal- en kultuuragtergrond wat die sitate binne sy/haar verwysingsraamwerk sal plaas. 'n Niemoedertaalspreker en aanleerder van Afrikaans aan die ander kant, sal waarskynlik probleme ervaar met die interpretasie van sommige sitate uit die Afrikaanse literatuur, aangesien sekere konsepte en betekenisassosiasies dikwels kultuurgebonde is en daarom buite so 'n persoon se verwysingsraamwerk sal val. Die sitaat se funksie as

voorbeeld van taalgebruik sal dan verlore gaan. Aangesien kinders ook nie 'n uitgebreide taalkennis of baie leeservaring het in hul moedertaal nie, sal daar in 'n kinderwoordeboek daarom eerder gebruik gemaak word van poëme as sitate in die voorbeeldmateriaal (vergelyk Corcoran 1991:1988; Landau, 1989:165).

6.4 KOMPONENTE VAN VERBALE VOORBEELDMATERIAAL

Bartholomew en Schoenhals (1983:60-63) noem dat effektiewe, funksionele voorbeeldmateriaal een of meer assosiatiewe kategorieë sal bevat om die konteks van die sin te verduidelik. Hierdie kategorieë sluit hoofsaaklik aan by die verskillende semantiese verhoudinge waarin die lemma kan funksioneer (vergelyk 3.2). Vervolgens word hierdie kategorieë genoem en verduidelik aan die hand van voorbeelde:

- Kenmerkende *eienskappe* van die konsep word in die voorbeeldmateriaal weergegee, byvoorbeeld:

A **rainbow** is split up in seven colours.

(Picture Dictionary)

'n **Vuurtoring** het 'n helder flitsende lig om skepe teen gevaar te waarsku.

(My Eerste Woordeboek)

- Kenmerkende *gedrag of aksie* word in die voorbeeldmateriaal beskryf, byvoorbeeld:

'n **Verpleegster** versorg siek mense in die hospitaal.

(My Eerste Woordeboek)

Die **hane** kraai 'n mens soms vroeg op die plaas wakker.

(BW)

- Kenmerkende *gebruik* word beskryf, byvoorbeeld:

Father shaves with his **razor**.

(Picture Dictionary)

Mvula gebruik 'n fietspomp om sy fiets se wiel vol lug te **pomp**.

(My Eerste Woordeboek)

- Inligting met betrekking tot die *plek/posisie waar 'n voorwerp voorkom*, word verskaf in die voorbeeldmateriaal, byvoorbeeld:

Daar hang drie **kllokke** in die toring.

(BW)

Mvula en Nomsa sien 'n **trop** sebras in die natuurreservaat.

(My Eerste Woordeboek)

- Die *stowwe waaraan 'n voorwerp saamgestel is*, word dikwels aangedui in die voorbeeldmateriaal, byvoorbeeld:

A **kite** is made up of paper or cloth on a wooden frame.

(Picture Dictionary)

Die koning se **kroon** het goud en juwele in.

(My Eerste Woordeboek)

- *Kontras of aanduiding van grade* word geïllustreer, byvoorbeeld:

Party kinders is maer en ander is **vet**.

(My Eerste Woordeboek)

If today is Sunday, **yesterday** was Saturday.

(Picture Dictionary)

- *Oorsaak-gevolg-verhoudinge* word dikwels aangetoon, byvoorbeeld:

Grieta is **ongelukkig**, want niemand wil met haar speel nie.

As 'n mens te vinnig eet, kan jy **verstik**.

(My Eerste Woordeboek)

- *Voorbeelde* word soms verskaf in die geval van abstrakte konsepte of algemene kategorieë. Hierdie tipe verbale voorbeeldmateriaal stem dikwels ooreen met ekstensionele definisies (vergelyk 4.5.2), byvoorbeeld:

Gebakken lever, aardappelpuree en worteltjies, dat is pas een **fijne maaltijd!**

(Sesamstraat Woordenboek)

In Suid-Afrika is baie soorte **wildsbokke** soos die springbok, wildebees en gemsbok.

(My Eerste Woordeboek)

- *Deel-geheel-verhoudinge* word weergegee in voorbeeldmateriaal, byvoorbeeld:

Die boom se **wortels** versprei baie wyd op soek na water.

As jy mooi hande wil hê, moet jy nie jou **naels** byt nie.

(BW)

- *Sinonieme* word verskaf in die voorbeeldmateriaal, byvoorbeeld:

Als je blij bent en in een goed humeur, dan bent jy **opgewekt**.

(Sesamstraat Woordenboek)

If you **save** a person from danger, you rescue him.

(Picture Dictionary)

- *Semantiese kategoriseringsvlakke* word aangedui in die voorbeeldmateriaal, byvoorbeeld:

Tanya se geliefkoosde poeding is rooi **jellie** met vla.

(My Eerste Woordeboek)

People pray and worship in a building called a **church**.

(Picture Dictionary)

- *Vergelykings* kan ook deel vorm van voorbeeldmateriaal, byvoorbeeld:

'n **Dorp** is soos 'n stad, maar dit is nie so groot nie.

'n **Berg** is groter as 'n heuwel.

(My Eerste Woordeboek)

6.5 KRITERIA VIR VOORBEELDMATERIAAL IN KINDERWOORDEBOEKE

Wanneer voorbeeldmateriaal vir 'n woordeboekartikel oorweeg word, moet die leksikograaf versigtig wees om nie 'n niksseggende sin as voorbeeld te gee nie. Daar is letterlik duisende verskillende sinstruksties waarin 'n bepaalde lemma gebruik kan word, en wat moontlik kan dien as voorbeeldsinne in 'n woordeboek. Dit is die leksikograaf se taak om dié sin te selekteer wat vir die woordeboekgebruiker die meeste waarde sal hê met betrekking tot die betekenis en gebruik van die lemma. Dit is uit die aard van die saak moeilik om die waarde van die voorbeeldmateriaal te meet, maar daar is wel sekere riglyne of kriteria wat sal verseker dat die voorbeelde wat verskaf word, funksioneel is. Bartholomew en Schoenhals (1983:65) som hierdie kriteria kortliks soos volg op: "The ideal illustrative sentence is an independent, brief text focusing on the entry word of the individual dictionary article."

Vervolgens sal daar in meer detail gekyk word na die kriteria vir effektiewe, funksionele voorbeeldmateriaal. Daar sal spesifiek verwys word na die toepassing van hierdie kriteria in kinderwoordeboeke.

6.5.1 Volsinne

Mostert (1988:56) noem dat voorbeeldmateriaal so bondig as moontlik gehou moet word, aangesien die ruimte in woordeboeke oor die algemeen beperk is. In 'n kinderwoordeboek (as aanleederswoordeboek) moet bondigheid egter nie ten koste van volsinne nagestreef word nie (vergelyk Otto, 1989:411). Volgens Bartholomew en Schoenhals (1983:68-69) moet die voorbeeldmateriaal verkieslik 'n volsin wees, met 'n eenvoudige grammatikale konstruksie. 'n Volsin vorm 'n eenheid wat makliker verstaanbaar is vir 'n kind wat pas begin lees het as wat 'n sinsfragment sal wees. Daarteenoor kan onvolledige sinne, kort frases en ellipse die kind verwar, omdat daar nie 'n breër konteks gegee word om so 'n sinsnede te interpreteer nie (Bartholomew & Schoenhals, 1983:68-69). Vergelyk die volgende voorbeelde:

seël	Seëls op briewe plak.
	Seëls versamel.

(HAT³)

seël Die ontvanger van die brief moes 'n boete betaal want daar was nie genoeg seëls op die koevert nie.

(BW)

seël Mvula plak 'n seël op die koevert voordat hy dit pos.

(My Eerste Woordeboek)

Die voorbeeldmateriaal wat in *HAT*³ voorsien word by die lemma *seël* is kort, en hoewel dit gereken kan word as sinne, sal hierdie sinne nie geslaagd wees in 'n aanleederswoordeboek nie, omdat daar nie genoeg inligting in die sin verskaf word wat die betekenis van die lemma sal ondersteun nie. Die voorbeeldmateriaal in die aanleederswoordeboek en kinderwoordeboek is meer volledig in dié sin dat die konteks waarin die woord gebruik word, meer uitgebreid is.

6.5.2 Reflektering van die taalwerklikheid

Die kinderwoordeboek kan geklassifiseer word as 'n sinchroniese woordeboek (vergelyk 2.3), omdat dit toegespits is op kontemporêre, hedendaagse taalgebruik. Die voorbeeldmateriaal wat daarin gebruik word, moet daarom die sinchroniese taalwerklikheid reflekteer (Lombard, 1992:150; Otto, 1989:411). Mostert (1988:155) noem dat illustrasie materiaal op sigself nie baie oorspronklik of interessant hoef te wees nie, en dat 'n gekykte aanhaling of uitdrukking dikwels vir die woordeboekgebruiker van groot waarde kan wees. Clichés en gekykte uitdrukkings is bowendien nie 'n groot probleem in kinderwoordeboeke nie, aangesien kinders nog nie so baie ervaring het van die gebruik van 'n taal om te besef dat 'n uitdrukking in werklikheid 'n cliché is nie. Die belangrikste is dat die voorbeeldmateriaal wat aangebied word werklike en natuurlike taalgebruik sal reflekteer (Lombard, 1992:150), sodat dit aan die kind leiding sal gee in verband met die gebruik van die woord in alledaagse taalgebruik. Voorbeeldmateriaal waarin argaïese taalgebruik voorkom, moet om hierdie rede nie in 'n kinderwoordeboek gebruik word nie. In die volgende voorbeelde word tipiese sinne aangebied as voorbeeldmateriaal wat die taalwerklikheid reflekteer:

slaan Sally **slaan** die bal met haar tennisraket.

steel Dit is verkeerd om te **steel**.

(My Eerste Woordeboek)

burn	Be careful not to burn your fingers.
excited	I am very excited about this trip!

(Picture Dictionary)

6.5.3 Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker

Otto (1989:412) noem dat die voorbeeldmateriaal wat aangebied word, moet pas by die behoeftes en begripvlak van die teikengebruiker. Dit is daarom te verwagte dat die voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke eenvoudig genoeg sal wees sodat dit maklik is vir die kind om te verstaan. So is daar byvoorbeeld in sommige voorbeelde verwysings na kinderverhale of die verbeeldingswêreld van die kind, asook voorbeeldmateriaal wat situasies uit hul bekende leef- en verwysingswêreld skets. Vergelyk die volgende voorbeelde:

eet	Ramola en Abdul eet spookasem by die kernis.
driewiel	Tanya ry met 'n driewiel.

(My Eerste Woordeboek)

instant	In an instant, the wizard turned the frog into a prince.
obey	The Genie of the Lamp obeyed Aladdin. He did what Aladdin told him.
proud	Mother was very proud on sports day when Dad won the parents' race.

(Picture Dictionary)

Lombard (1992:159) beklemtoon dat die voorbeeldmateriaal die sosiale waardes en norme van die samelewing sal reflekteer, sodat die voorbeeldmateriaal iets sal wees waarmee die woordeboekgebruiker kan assosieer. Hierdie siening word ook gehandhaaf deur Bartholomew en Schoenhals (1983:69) wat verwys na kulturele relevansie ten opsigte van voorbeeldmateriaal. Dit blyk daarom dat die voorbeeldmateriaal in 'n kinderwoordeboek ook moet pas by die kind se kulturele en sosiale agtergrond, byvoorbeeld:

goingsak	Die kinders hardloop sakresies met goingsakke.
-----------------	--

(My Eerste Woordeboek)

Hierdie voorbeeldsin weerspieël iets wat tipies gevind word by kermisse en geleenthede waar daar aan boeresport deelgeneem word, en sal daarom baie gepas wees vir veral Afrikaanssprekende kinders binne die Suid-Afrikaanse kultuur.

Ook die volgende voorbeeld weerspieël iets van die Engelse kultuur en is daarom geskik om te verskyn in 'n Engelse woordeboek:

oak The oak is the traditional tree of England.

(Picture Dictionary)

6.5.4 Duidelikheid

Verbale voorbeeldmateriaal moet volledig en ondubbelsinnig wees, sonder enige teenstrydighede of irrelevante inligting (vergelyk Bartholomew & Schoenhals, 1983:69; Mostert, 1988:157-157). Dit impliseer verder dat die lemma wat geïllustreer word die fokus van die voorbeeldmateriaal sal wees (Bartholomew & Schoenhals, 1983:67), met ander woorde die aandag moet alleenlik gevestig word op die lemma onder bespreking. Vergelyk die volgende voorbeelde waar die lemma nie die fokus van die voorbeeldsin is nie:

lift In the gym class, they teach us to **lift** our feet without bending our knees.

In hierdie voorbeeld kan *bending* ook die fokus wees. Die voorbeeldmateriaal is onduidelik, omdat dit die klem nie op die lemma alleen val nie, en sodoende nie bydra tot 'n beter begrip van die lemma nie. Vergelyk ook die volgende voorbeeld:

egg The chick has broken out of the shell of the **egg**.

Hierdie voorbeeldsin sou beter gepas het by die lemma *shell*, omdat dit meer inligting bevat oor waar 'n *dop* voorkom, as wat dit bydra tot die verklaring van die lemma *egg*.

6.5.5 Weerspieëling van die primêre betekenis van die woord

'n Verdere kriterium wat deur Bartholomew en Schoenhals (1983:69) onderskei word, is dat die voorbeeldmateriaal die primêre betekenis van die lemma moet illustreer, wat daarop neerkom dat die algemeenste gebruik van die woord in die omgangstaal weerspieël moet word (vergelyk ook Gouws, 1989:136). Metaforiese taalgebruik en idiomatiese uitdrukking is nie van pas nie (veral nie in 'n kinderwoordeboek nie), aangesien die gebruikers van die kinderwoordeboek waarskynlik nie hierdie betekenis van die woord sal verstaan nie as gevolg van hul beperkte taalkennis. Rademeyer (1993:210) noem dat afwykende voorbeelde die gebruiker kan verwar en mislei. Vergelyk die volgende voorbeelde (Bartholomew & Schoenhals, 1983:69):

alphabet Today they gave us alphabet soup.

Sop is gewoonlik nie die algemene assosiasie wat met die alfabet gemaak word nie. 'n Kind wat byvoorbeeld nog nooit sop geëet het met alfabetletters van pasta daarin nie, sal glad nie verstaan wat met hierdie voorbeeldsin bedoel word nie. Daarenteen sal 'n kind eerder die assosiasie van opeenvolgende letters (die ABC) maak.

driehoek Sally speel die **driehoek** in die skoolorkes.

(My Eerste Woordeboek)

In bogenoemde voorbeeld word daar verwys na die driehoek as musiekinstrument, sonder enige verwysing na die vorm self, terwyl die algemeenste assosiasie waarskynlik meer te make sal hê met die vorm van 'n driehoek.

Wanneer die empiriese rangskikkingsmetode gebruik word om betekenisonderskeidings van 'n woord in 'n woordeboekartikel te hanteer, word die algemeenste betekenisonderskeiding eerste geplaas (Gouws, 1989:136). Dit is egter moeilik om te bepaal wat die primêre of algemeenste betekenis van 'n lemma is, veral wanneer leksikale en konseptuele verhoudings soos homonimie en polisemie ter sprake kom. Gouws (1989:136) noem dat hierdie besluit dikwels op die intuïsie van die leksikograaf berus. Die leksikograaf wat met kinderwoordeboeke werk, sal waarskynlik die eerste betekenis wat in 'n verklarende handwoordeboek aangedui word by die woordeboekartikel insluit. Afhangende van aspekte soos beskikbare ruimte in die woordeboek en die aard van die woordeboek self, kan die leksikograaf van die kinderwoordeboek dan verdere betekenisonderskeidings van 'n bepaalde lemma insluit in die woordeboekartikel.

6.5.6 Ondersteunende konteks

Die voorbeeldmateriaal verskaf die konteks waarin die bepaalde lemma gebruik word, en daarmee saam waardevolle pragmatiese inligting (vergelyk Gourws, 1989:199). Lombard (1992:158) stel dit dat kinders woorde se betekenis, betekenisonderskeidings en die omstandighede waarin die woord gebruik word makliker leer as dit binne 'n bepaalde konteks aangebied word, en daarom moet voorbeeldsinne in kinderverwoordeboeke ook genoegsame konteks verskaf vir die gebruik van die lemma. Bartholomew en Schoenhals (1983:69) stel voor dat daar ten minste een of twee semantiese elemente in die voorbeeldsin moet wees wat die konteks ondersteun, byvoorbeeld:

plow We have plowed the field with a yoke of oxen and plow before planting.

In bogenoemde voorbeeldsin word die lemma ondersteun deur *field*, *yoke of oxen*, en *planting*. Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

vlieër Die beste tyd om 'n vlieër te laat vlieg, is op 'n winderige dag.

(My Eerste Woordeboek)

In bogenoemde voorbeeldsin word 'n ondersteunende konteks verskaf deur *vlieg*, en *winderige dag* wat aandui wat met 'n vlieër gedoen word en wanneer dit die beste omstandighede is om 'n vlieër te vlieg.

balloon Balloons float when blown up, because they are filled with air.

(Picture Dictionary)

Die woorde *blown up* en *air* ondersteun die lemma deurdat dit 'n aanduiding gee van waarmee die ballon gevul word en hoe dit gevul word.

6.5.7 Onvervangbaarheid van die lemma

In die voorbeeldmateriaal moet die lemma nie vervang kan word deur 'n ander woord nie, aangesien die voorbeeldmateriaal dan niksseggend sal wees en gebruik kan word om ook verskeie ander lemmas te illustreer (Bartholomew & Schoenhals, 1983:67). Vergelyk die volgende voorbeelde:

mooi Nomsa lyk baie **mooi** in haar nuwe rok.

(My Eerste Woordeboek)

In hierdie voorbeeldsin kan die lemma net sowel vervang word met verskeie ander woorde wat totaal verskillende betekenis het, byvoorbeeld *lelik, oulik, volwasse* en vele ander. In die volgende voorbeeldsin kan die lemma vervang word met 'n verskeidenheid ander woorde, soos *angry, happy, sad, annoyed*, ensovoorts.

jealous I am jealous because she won the cup.

(Picture Dictionary)

In die volgende voorbeeldsin word daarin geslaag om betekenis van die lemma vas te lê deurdat dit onvervangbaar is in die voorbeeldsin:

kamera Tanya se pa neem 'n foto met 'n **kamera**.

(My Eerste Woordeboek)

6.5.8 Neutraliteit

Net soos in die geval van definisies mag die leksikograaf se persoonlike assosiasies met en konnotasies van woorde nie weerspieël word in die voorbeeldmateriaal nie (Mostert, 1988:156). Lombard (1992:153) sluit hierby aan deur te noem dat die voorbeeldmateriaal nie sterk emosionele reaksie by die woordeboekgebruiker moet uitlok nie, en dit mag glad nie op enige wyse aanstoot gee nie. Ook moet sensitiwiteit rondom ras, geslag en geloof in ag geneem word. Waar daar byvoorbeeld in 'n voorbeeldsin na *seun of dogter* verwys word, moet dit eerder vervang word met *kind* (Lombard, 1992:152). In die volgende voorbeeld het die leksikograaf byvoorbeeld net die woordeboekgebruikers wat die Christelike of Joodse geloof aanhang, in ag geneem.

bid As ons **bid**, praat ons met die Here.

(My Eerste Woordeboek)

Wanneer daar in 'n voorbeeldsin verwys word na "ons" word die woordeboekgebruiker as deelnemer ingesluit by daardie sin. 'n Kind wat nie die Christelike/Joodse geloof aanhang nie, kan egter nie ingesluit word by hierdie *ons* nie. Die leksikograaf moet daarom baie versigtig wees om nie onbewustelik sy/haar eie sieninge te laat deurskemer in die

voorbeeldsin nie en op hierdie wyse van die woordeboekgebruikers uitsluit nie. Deur meer spesifiek te wees in so 'n sin kan moontlike probleme uitgeskakel word, byvoorbeeld:

bid As mense **bid**, praat hulle met hul God.

6.5.9 Sistematiese gebruik

Die gebruik van voorbeeldmateriaal in 'n woordeboek moet sistematies toegepas word (Otto, 1989:411; vergelyk ook Bartholomew & Schoenhals, 1983:69). So byvoorbeeld moet daar by elke betekenisonderskeiding van elke lemma ten minste een voorbeeldsin verskaf word. Dit spreek vanself dat die voorbeeldsin sal aansluit by die definisie en (in die geval van kinderwoordeboeke) ook by die illustrasie. Om onduidelikhede uit te skakel, moet die plasing van die definisie en die voorbeeldmateriaal só wees dat die woordeboekgebruiker nie hoef te wonder by watter betekenisonderskeiding die voorbeeldmateriaal sal pas nie.

6.5.10 Samevatting

Uit die bespreking van moontlike kriteria vir effektiewe verbale definisies in kinderwoordeboeke blyk dit duidelik dat die leksikograaf baie oorweging moet skenk aan die voorbeeldsinne wat in 'n woordeboekartikel geplaas word. Die voorbeeldsin is veral belangrik, wanneer die leksikograaf besluit om nie 'n verbale definisie vir die lemma te verskaf nie, soos wat soms die geval is in kinderwoordeboeke wat by hierdie studie betrek is.

Die verbale voorbeeldmateriaal in drie kinderwoordeboeke, naamlik *My Eerste Woordeboek*, *Picture Dictionary* en *Sesamstraat Woordenboek* sal vervolgens gemeet word aan die nege kriteria wat gestel is vir effektiewe voorbeeldsinne.

lap	Tanya vee die gemors op met 'n lap .
lessenaar	Nomsa sit die boeke op haar juffrou se lessenaar neer.
kaas	Die muis knibbel aan die kaas .

Geen voorbeelde van frases of onvolledige sinne is gevind in die woordeboekartikels wat ondersoek is nie, en daar word deurgaans gebruik gemaak van eenvoudige, maar volledige sinne om die betekenis van die lemma aan die kind te illustreer. Hierdie woordeboek voldoen daarom aan die eerste kriterium wat gestel word vir effektiewe voorbeeldsinne in kinderwoordeboeke.

6.6.1.2 Reflektering van die taalwerklikheid

In 'n groot mate word die taalwerklikheid van Afrikaans soos dit vandag gebruik word, in hierdie woordeboek weerspieël. Die voorbeeldsinne is, vanuit 'n volwassene se perspektief, in die algemeen nie baie oorspronklik of interessant nie, maar dit is verteenwoordigend van dit wat alledaags in Afrikaans gebruik word en daarom funksioneel in die kinderwoordeboek. Die volgende voorbeelde illustreer hierdie stelling:

hamer	Simon slaan die spyker met 'n hamer .
lyn	Nomsa trek 'n reguit lyn met haar liniaal.
koerant	Pa lees die koerant om uit te vind wat in die wêreld gebeur.

Daar is egter voorbeeldmateriaal in die woordeboek gevind waarin verouderde woorde, of woorde wat nie so algemeen in die omgangstaal gebruik word nie, gebruik word:

handvatsel	Die handvatsel van die <i>koffer</i> het gebreek.
pak	Sally en Simon pak hulle klere in die <i>koffer</i> .

Hoewel die woord *koffer* nie as argaïese vorm aangedui word in *HAT*³ nie, word dit myns insiens nie baie algemeen in kontemporêre Afrikaans gebruik nie. Daar word eerder verwys na 'n *tas* of *reistas*, en kinders sal waarskynlik hierdie konsep makliker verstaan as *koffer*. Die woord *koffer* is ook nie as lemma in die woordeboek opgeneem nie. Vergelyk ook die volgende voorbeeld:

heuvel	Simon se <i>fort</i> staan op die heuvel .
---------------	---

Suid-Afrikaanse kinders wat in die 1990's leef, sal moontlik nie verstaan wat die woord *fort* beteken nie, aangesien dit nie iets is wat algemeen in die land voorkom nie. Hierdie woord word wel elders as lemma in die woordeboek aangebied, maar dit word slegs voorsien van 'n voorbeeldsin wat nie veel tot betekenisverklaring bydra nie:

fort Mvula en Simon speel dat hulle vyande hulle **fort** aanval.

Dit kan daarom gesê word dat die voorbeeldsin wat verskaf word by *heuwel*, nie bydra tot die kind se begrip van die konsep nie, omdat die woorde wat in die sin gebruik word nie aan die kind bekend is nie. Bogenoemde twee voorbeelde is egter uitsonderings op die reël, en in die meeste gevalle slaag *My Eerste Woordeboek* daarin om voorbeeldsinne aan die kind te verskaf wat die taalwerklikheid reflekteer.

6.6.1.3 Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker

Die inhoud van die voorbeeldsinne wat in hierdie woordeboek aangebied word, is sterk gerig op die leef- en verwysingswêreld van die kind. So is daar talle voorbeeldsinne wat situasies skets uit die alledaagse lewe waarin die kind hom/haar moontlik bevind, byvoorbeeld:

hard Die toffie is so **hard** dat Simon sy tande kan breek. Sy ma het **hard** gewerk om die lekkergoed te maak.

heelmaak Ampie se broek is geskeur. Sy ouma moet dit met naald en gare **heelmaak**.

luister As jy goed **luister**, sal jy soggens vroeg die voeltjies hoor sing.

geld Ons het **geld** nodig om dinge te koop. Simon gebruik sy **sakgeld** om lekkers te koop.

Sommige voorbeeldsinne spreek ook tot die kind se verbeeldingswêreld en sluit aan by kinderverhale, sprokies wat die kind moontlik al teëgekomp het en speletjies wat kinders speel, byvoorbeeld:

heks Die **heks** swaai haar towerstaf om iets te toor.

feetjie 'n **Feetjie** gebruik haar towerstaf om toorkunsies te doen.

glyplank Tanya en Jan gly by die **glyplank** af.

touspring Ramola en Tanya hou van **touspring**.

speelgoed Van al die **speelgoed** hou Tanya die meeste van haar pop. Simon speel met 'n klimtol.

video Simon kyk graag na die **video** van Asterix.

Ten opsigte van kulturele relevansie is hierdie voorbeeldmateriaal ook grootliks geslaagd. Sommige voorbeeldsinne verwys spesifiek na die Suid-Afrikaanse konteks, en die kind sal daarom baie dinge teekom in die sinne wat vir hom/haar bekend sal wees, omdat hy/sy waarskynlik al daarvan gehoor het of dit gesien het, byvoorbeeld:

- land** Suid-Afrika is die **land** waarin ons woon.
- lughawe** Jan Smuts is die grootste **lughawe** in ons land. (Hierdie inligting was korrek toe die woordeboek uitgegee is in 1993. Intussen het die lughawe se naam verander na Johannesburg Internasionale Lughawe.)
- wildbewaarder** Hierdie man is 'n **wildbewaarder** in die Nasionale Krugerwildtuin.
- reis** Dis 'n lang **reis** per motor vanaf Johannesburg na Durban.

Dit is duidelik uit die bespreking dat die voorbeeldmateriaal sal aanklank vind by die kind as tekengebruiker. Die voorbeeldmateriaal verwys telkens na dinge waarmee die kind bekend is, of wat pas by sy/haar kulturele konteks, en daarom by die tekengebruiker pas.

6.6.1.4 Duidelikheid

Die meeste van die voorbeeldmateriaal wat ondersoek is, voldoen aan die kriterium dat voorbeeldmateriaal duidelik moet wees. Geen voorbeelde van teenstrydighede of irrelevante inligting is gevind nie. Daar is egter enkele gevalle waar betekenis verlore gaan as gevolg van onduidelikheid, soos in gevalle waar die lemma nie die fokus van die voorbeeldsin is nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- langbroek** Abdul dra 'n **langbroek** en 'n trui.

In bogenoemde geval is die lemma wel in die voorbeeldsin in vet letters gedruk, maar in die sin moet die lemma die fokus deel met *trui*.

- heks** Die **heks** swaai haar towerstaf om iets te toor.

Dit is reeds genoem dat hierdie sin wel tot die kind se verbeelding spreek, maar ten opsigte van die semantiese inhoud is dit onduidelik. Hierdie sin is meer beskrywend van *towerstaf* as wat dit van die lemma is, omdat die funksie van

Die meeste kinders het al in hul lewens babas gesien, en weet hoekom doeke vir babas aangesit word. Aan die ander kant het alle kinders of hul gesinne nie 'n voël as troeteldier nie, en daarom sal baie kinders nie weet waarom daar 'n doek oor die papegaai se kou gegooi word nie.

In die geval van *liniaal* is die uitroepteken aan die einde van die voorbeeldsin 'n aanduiding dat die algemene gebruik van 'n liniaal nie is om rekkies mee te skiet nie.

liniaal Tanya gebruik haar **liniaal** om rekkies mee te skiet!

Geen voorbeelde van figuurlike taalgebruik is gevind nie. Dit blyk egter uit bogenoemde voorbeelde dat hierdie woordeboek nie altyd daarin slaag om die dominante betekenis of gebruik van die woord in die voorbeeldmateriaal te weerspieël nie.

6.6.1.6 Ondersteunende konteks

Nie alle voorbeeldsinne in hierdie woordeboek verskaf 'n ondersteunende konteks ten einde die lemma duideliker te verklaar nie. 'n Mens moet ook daarop let dat nie alle lemmas hulle daartoe leen om in 'n voorbeeldsin gebruik te word met 'n ondersteunende konteks nie, byvoorbeeld:

laag Die muurtjie is **laag**. Mvula spring oor die **lae** muur.

Die woord *laag* kan gebruik word om baie ander dinge te beskryf soos: 'n *lae* bed, *lae* prys, 'n vliegtuig wat *laag* vlieg, ensomeer. Dit is bykans onmoontlik om een spesifieke konteks daarvoor vas te lê. In so 'n geval sal die illustrasie ingespan moet word om meer inligting te verskaf. Die verbale voorbeeldmateriaal sal dan eerder 'n beskrywing van die illustrasie wees as 'n verklaring van die lemma.

Daar is egter ander woorde waarvan die betekenis effektief beskryf word deur 'n voorbeeldsin met ondersteunende konteks, byvoorbeeld:

laai Die trui is in die boonste **laai** van die kas.

In bogenoemde voorbeeld word die lemma ondersteun deur *trui* om aan te toon dat klere in 'n laai gebêre kan word, en *kas* wat 'n aanduiding gee van waar 'n laai aangetref sal word. Ander voorbeelde van lemmas wat in hierdie woordeboek van 'n ondersteunende konteks voorsien is, sluit die volgende in:

legkaart	Die stukke van 'n legkaart pas op 'n spesiale manier inmekaar om 'n prent te maak.
helm	Simon dra 'n helm om sy kop te beskerm.
horings	Die bees het groot horings op sy kop.
ploeg	Die boer ploeg sy grond met 'n ploeg sodat hy graan op die land kan saai.
seël	Mvula plak 'n seël op die koevert voordat hy dit pos.

Sommige lemmas se voorbeeldsinne skep geen konteks vir die gebruik van die woord nie, terwyl dit wel moontlik sal wees om so 'n voorbeeldsin te skep, byvoorbeeld in die volgende gevalle:

hemp	Jan se hemp is geskeur.
hond	Simon gaan stap met die hond .
langbroek	Abdul dra 'n langbroek en 'n trui.
lyf	Sally het oral op haar lyf kolletjies.
krieket	Simon speel krieket .
slaap	Die kat lê en slaap op die stoel.

Bogenoemde voorbeeldmateriaal word egter in die meeste gevalle aangevul deur 'n illustrasie wat help om die konteks waarin die woorde gebruik word aan die woordeboekgebruiker oor te dra. Om hierdie rede kan bogenoemde voorbeelde nie afgemaak word as oneffektief nie. Hierdie woordeboek slaag daarom grootliks daarin om 'n ondersteunende konteks te bied wat die oordrag van semantiese inligting bevorder.

6.6.1.7 Onvervangbaarheid van die lemma

In heelwat gevalle in hierdie woordeboek is gevind dat die lemmas in die voorbeeldsinne dikwels vervang kan word met woorde wat dieselfde of 'n ander betekenis het. In die volgende voorbeelde kan die lemma telkens met 'n ander woord(e) vervang word. Woorde wat die lemma moontlik kan vervang, word in hakies onder die voorbeeldsin aangedui:

handvatsel	Die handvatsel van die koffer het gebreek. (krip, draband)
hartseer	Die hond is hartseer , want niemand wil met hom gaan stap nie. (aggressief, geïmteerd, bly, onrustig)
lewe	Die vark lewe in die hok. (mors, slaap, eet)
eend	Die eend swem in die dammetjie. (vis, gans, swaan)
wandeling	Oupa neem die hond vir 'n wandeling . (besoek aan die veearts)
vorm	Elke blokkie het 'n ander vorm . (kleur, grootte, funksie)
vloer	Romola lê op die vloer en doen haar oefeninge. (mat, gras)
tou	Die kat speel met 'n bol tou . (wol, gare)
sop	Nomsa drink graag warm sop uit 'n koppie. (sjokolade, tee, koffie, kakao)
mooi	Nomsa lyk baie mooi in haar nuwe rok. (lelik, modern, groot)

Dit blyk uit die voorbeeldmateriaal dat baie van die lemmas in die voorbeeldsinne met ander woorde vervang kan word. Daar word dus nie voldoen aan hierdie kriterium wat gestel is vir kinderwoordeboeke nie.

6.6.1.8 Neutraliteit

Die samesteller van hierdie woordeboek slaag in 'n groot mate daarin om neutraliteit te bewerkstellig. Geen voorbeelde van sinne wat emosionele reaksie kan uitlok, is gevind nie. Wat die hantering van geslagsrolle betref, word die verwysings na seuns/mans en dogters/vroue regverdig deur spesifiek na 'n bepaalde karakter in die woordeboek te verwys deur sy/haar naam in die voorbeeldsin te gebruik, byvoorbeeld:

hand	Tanya steek haar hand op om 'n vraag te antwoord.
slaapsak	Simon hou daarvan om in 'n slaapsak te slaap as hy kampeer.
skrik	Sally maak vir Simon skrik .

In sommige gevalle skemer daar egter tog iets deur van die tradisionele stereotipe rol van die man en die vrou, byvoorbeeld:

homp	Sally knie 'n groot homp deeg. (Suggereer dat dit 'n vrou se plig is om in die kombuis te werk en kos te maak.)
hout	Simon maak hout bymekaar vir die vuur. (Suggereer dat dit die man se taak is om buite te werk.)

Hierdie voorbeeldsinne gee egter nie aanstoot nie, en is daarom aanvaarbaar om aan te bied vir kinders wat in daardie stadium van hulle lewens is waar hulle baie bewus is van die verskil tussen seuns en dogters.

In enkele gevalle word daar in die voorbeeldmateriaal nie neutrale verwysings na geloof gemaak nie, byvoorbeeld:

Kersfees Met **Kersfees** onthou ons die geboorte van Jesus.

Die woord *ons* in bogenoemde sin impliseer dat almal Christene is wat met Kersfees die geboorte van Jesus herdenk, terwyl kinders van die Joodse, Moslem en ander gelowe uitgesluit word. Die leksikograaf hanteer 'n soortgelyke konsep meer neutraal:

Paasfees Met **Paasfees** vier Christene Jesus se opstanding uit die dood.

Ten opsigte van neutraliteit voldoen die voorbeeldmateriaal wat in *My Eerste Woordeboek* aangetref word slegs gedeeltelik aan die kriterium wat gestel is.

6.6.1.9 Sistematiese gebruik

'n Groot leemte in hierdie kinderwoordeboek is dat voorbeeldsinne nie sistematies gebruik word nie. In die eerste plek is nie alle lemmas van voorbeeldmateriaal voorsien nie. Sommige lemmas word net van 'n definisie voorsien, byvoorbeeld in die geval van *insek*, *huis*, *muis* en *slang*.

Tweedens is daar baie gevalle waar twee voorbeeldsinne verskaf word, maar net een van dié sinne pas by die betekenisonderskeiding en/of meegaande illustrasie, byvoorbeeld:

helder Die water is so **helder** dat jy die bodem kan sien.
Die son skyn **helder** vandag.

Die illustrasie wat by bogenoemde woordeboekinskrywing gegee is, pas by die eerste voorbeeldsin, maar daar is nie 'n illustrasie wat by die tweede sin pas nie, en daar word ook nie 'n definisie verskaf om die betekenis van die lemma te verklaar nie.

veer 'n **Veer** is sag en lig
Alle voëls het **vere**.
Tanya gebruik 'n **verestoffer** om mee af te stof.

Ook in bogenoemde voorbeeld word daar nie 'n definisie verskaf nie, en die illustrasie sluit slegs aan by die derde voorbeeldsin.

Derdens word daar in die geval van homonieme en polisemiese waardes nie altyd sistematies gebruik gemaak van voorbeeldmateriaal om te onderskei tussen verskillende betekenis nie. So pas die voorbeeldsin dikwels nie by die definisie/illustrasie nie, byvoorbeeld:

lam 'n **Lam** is 'n jong skaap.
Die **lam** man in die rystoel kan nie loop nie.
(Die voorbeeldsin pas nie by die definisie nie.)

leer	Simon klim op die leer om die bal by te kom. Leer jy baie dinge in die skool? (Die illustrasie sluit slegs aan by die eerste voorbeeldsin.)
boog	Jan skiet met 'n pyl en boog na die teiken. Die bal trek met 'n boog deur die lug. (Die illustrasie sluit slegs aan by die eerste sin.)
kol	Ons skiet na die kol van 'n teiken. Daar is 'n vuil kol op die rok. (Die illustrasie sluit slegs aan by die eerste voorbeeldsin.)

In sodanige gevalle sal die voorbeeldmateriaal die woordeboekgebruiker eerder verwar as om semantiese inligting oor te dra.

In die geheel gesien word voorbeeldsinne in hierdie woordeboek nie sistematies gebruik nie.

6.6.1.10 Samevatting

Samevattend kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word met betrekking tot die gebruik van voorbeeldsinne in *My Eerste Woordeboek*.

- Daar word sterk gesteun op verbale voorbeeldmateriaal om betekenisinligting in hierdie woordeboek oor te dra.
- Uit die nege kriteria wat gestel is vir effektiewe voorbeeldsinne in kinderwoordeboeke, voldoen hierdie woordeboek aan vyf, naamlik: volsinne word gebruik, die sinne reflekteer die taalwerklikheid van Afrikaans, pas by die teikengebruikers, is duidelik en dit verskaf 'n ondersteunende konteks vir die lemma.
- Daar word, gedeeltelik, maar nie altyd nie, aan die volgende kriteria voldoen: die primêre betekenis van die woord word soms aangedui in die voorbeeldsinne en is in sommige gevalle neutraal.
- Aan twee kriteria word daar nie in 'n bevredigende mate voldoen nie, naamlik: die lemma is nie onvervangbaar in die voorbeeldsin nie, en voorbeeldmateriaal word nie sistematies gebruik nie.

6.6.2 *Picture Dictionary for Children: 1500 words explained for the Young Reader*

6.6.2.1 Volsinne

Alle verbale voorbeeldmateriaal wat in *Picture Dictionary* ondersoek is, is volsinne. Die sinne het in die algemeen 'n eenvoudige en verstaanbare grammatikale struktuur, bestaande uit 'n onderwerp, gesegde en 'n voorwerp en/of byvoeglike en bywoordelike bysinne, byvoorbeeld:

candle	The candle burns when you light it.
crime	This burglar has committed a crime.
escape	My beetles have escaped!
glove	Gloves cover your hands and keep them warm.

Geen voorbeelde van onvolledige sinne of frases is gevind nie, en dit is duidelik dat daar in hierdie woordeboek slegs gebruik gemaak word van volsinne in die voorbeeldmateriaal.

6.6.2.2 Reflektering van die taalwerklikheid

Die taalwerklikheid van Engels word gereflekteer deur die voorbeeldsinne wat aangebied word in *Picture Dictionary*, deurdat alledaagse sinne gebruik word om die gebruik van 'n lemma te illustreer. Hierdie sinne is tipies van die algemene omgangstaal wat gebruik word. Dit kan nie werklik beskou word as oorspronklik of interessant nie, aangesien baie van hierdie sinne geïkoneerde uitdrukkings is, byvoorbeeld:

call	Call out if you need me.
razor	Father shaves with a razor.
go	You go your way, I'll go mine.
see	I can see you! Can you see me?
stay	Stay where you are. Don't move from the spot!
whisper	Whisper in my ear!

Hierdie tipe sinne is egter baie geslaagd om aan die kind leiding te verskaf in verband met die gebruik van die woord. Die voorbeeldmateriaal wat bestudeer is, voldoen dus aan die vereiste wat gestel is ten opsigte van taalwerklikheid, omdat dit die Engelse taal in alledaagse taalsituasies reflekteer.

6.2.2.3 Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker

Talle voorbeeldsinne wat by hierdie studie betrek is, skets situasies uit die alledaagse lewe van kinders en sluit aan by hulle leef- en verwysingswêreld, byvoorbeeld:

cycle	I cycled through a puddle.
cry	When you cry, tears fall from your eyes.
garden	You can relax and play in the garden.
asleep	Grandad is asleep in his chair.
jealous	I am jealous because she won the cup.
proud	Mother was very proud on sports day when Dad won the parents' race.

Daar is in hierdie woordeboek ook talle voorbeelde wat spreek tot die kind se verbeeldingswêreld, en veral verwysings na kinderstories en sprokies bevat, byvoorbeeld:

giant	There are lots of giants in fairy tales.
reply	"Who are you?" asked Alice. "The White Rabbit," he replied. (Verwysing na <i>Alice in Wonderland</i> .)
chair	Baby Bear had a tiny chair. (Hierdie sin, asook die volgende een, verwys na die sprokie <i>Gouelokkies en die drie beertjies</i> .)
introduce	Baby Bear introduced the girl to his parents "This is Goldilocks!" he said.
ugly	Cinderella's sisters were not pretty, they were Ugly Sisters. (Verwysing na <i>Aspoesterjie</i> .)
unkind	The other birds were unkind to the Ugly Duckling. They were cruel and hurt his feelings. (Verwysing na <i>Die Lelike Eendjie</i> .)
obey	The Genie of the Lamp obeyed Aladdin. (Verwysing na die storie <i>Aladdin</i> .)

In hierdie woordeboek wil dit voorkom asof die voorbeeldsinne (en die woordeboek) gerig is op die Britse en Amerikaanse kultuur, aangesien daar heelwat verwysings na albei hierdie kulture is. Hierdie voorbeeldsinne sal daarom in sekere gevalle kultureel relevant wees vir Amerikaanse kinders en in ander gevalle relevant vir Britse kinders. Vergelyk die volgende voorbeeldsinne:

cab	You take a cab in America, a taxi in London. You pay the driver for a ride.
great	Abraham Lincoln was a great man. He became president of the United States of America.
gun	Cowboys carry guns. ("Cowboys" is tipies van Amerika.)
guard	The soldiers are on guard looking after the queen and keeping her safe. (Hierdie is 'n verwysing na die Koningin van Engeland.)

Dit is duidelik uit die bespreking dat die voorbeeldmateriaal in hierdie woordeboek só gekies is dat dit inskakel by die kind se verwysingsraamwerk.

6.2.2.4 Duidelikheid

In die algemeen is die voorbeeldmateriaal duidelik, ondubbelsinnig en sonder teenstrydighede. Daar is wel enkele gevalle waar die klem nie op die lemma alleen val nie. Die betekenisinligting wat verskaf word, kan dan vir die kind verwarrend wees, byvoorbeeld:

geese	A flock of geese is a lot of geese together. One bird on its own is a goose.
--------------	--

Bogenoemde voorbeeldsin is meer beskrywend van die woord *flock* as van *geese*. Die inligting wat verskaf word, dra nie by tot die betekenis van *geese* nie. Dit blyk wel uit die voorbeeldsin dat *flock* 'n versamelnaam is vir meer as een van 'n soort voël. Hierdie versamelnaam is egter nie net beperk tot ganse nie, maar kan gebruik word wanneer daar na byvoorbeeld skape verwys word.

accident	An accident happens by chance and is always unexpected.
-----------------	---

Bogenoemde voorbeeld is meer beskrywend van *unexpected* as wat dit van *accident* is. Dit word ondersteun deur *by chance* wat verband hou met *unexpected*. Hierdie konsepte verteenwoordig wel een element van *accident*, maar uit die

sin kan nie afgelei word dat daar negatiewe konnotasies aan *accident* geheg word nie, aangesien iets wat onverwags gebeur ook positief kan wees, byvoorbeeld 'n verrassingspartytjie.

Geen ander voorbeelde van onduidelike voorbeeldmateriaal is gevind nie. Bogenoemde voorbeelde kan daarom as uitsonderings beskou word. Aangesien daar slegs in enkele gevalle onduidelike voorbeeldsinne verskaf word, kan gesê word dat voorbeeldmateriaal in *Picture Dictionary* grootliks voldoen aan die kriterium van duidelikheid.

6.6.2.5 Weerspieëling van die primêre betekenis van die woord

In hierdie woordeboek word homonimie en polisemie in 'n beperkte mate hanteer deurdat verskillende sinne wat verskillende betekenisonderskeidings van een lemma illustreer, genoem word, byvoorbeeld:

- | | |
|---------------|---|
| close | 1. Close that window, I'm in a draught.
2. Sit close to me, I feel lonely. |
| cross | 1. Those lines are in the shape of a cross. (n Illustrasie word verskaf)
2. When we are cross we feel angry.
3. Cross the road with care. |
| save | 1. When you save money you keep it to use later.
2. If you are a lifeguard you are trained to save people. |
| paddle | 1. Oh dear! My paddle is floating away.
2. I took my baby sister for a paddle in the shallow water. |

Alhoewel daar nie altyd duidelik tussen homonieme en poliseme onderskei word nie, is die hantering van die semantiese verhoudings in *Picture Dictionary* tog meer suksesvol as byvoorbeeld die voorbeeldsinne in *My Eerste Woordeboek*, omdat dit die kind bewus maak van verskillende betekenisonderskeidings van 'n woord.

Dit kom ook voor asof die primêre betekenis van 'n woord voorkeur geniet in gevalle waar slegs een betekenisonderskeiding in die voorbeeldsin aangetoon word, byvoorbeeld:

- | | |
|-------------|---|
| game | In any game you play, you must keep to the rules. |
|-------------|---|

Bogenoemde lemma het ook 'n ander nieverwante betekenis, naamlik dat dit verwys na wilde diere. Binne 'n kind se verwysingsraamwerk sal hierdie betekenisonderskeiding van die woord waarskynlik nie dominant wees nie, aangesien spelletjies meer deel is van die kind se leefwêreld as wilde diere.

goal To score a goal is the purpose of some games.

Die woord *goal* het ook 'n polisemiese waarde wat kan verwys na 'n meer abstrakte konsep, naamlik doelstelling, byvoorbeeld om 'n doel in die lewe te bereik. Kinders dink egter in hierdie stadium nog nie baie op 'n abstrakte vlak nie (vergelyk 2.5), en daarom sal die eerste assosiasie met *goal* eerder verband hou met 'n sportsoort waar punte aangeteken word deur 'n doel aan te teken, byvoorbeeld sokker wat 'n gewilde sport binne die Britse kultuur is.

Die hantering van verskillende betekenisonderskeidings van lemmas in die voorbeeldmateriaal is bevredigend in hierdie woordeboek, aangesien die dominante betekenisfeer van die woord telkens geïllustreer word wanneer slegs een betekenis onderskei word.

6.6.2.6 Ondersteunende konteks

Baie lemmas word in voorbeeldsinne gebruik wat 'n konteks skep vir die gebruik van die woord, byvoorbeeld:

geography In geography we *learn* all about *Earth*, the *animals*, the *people* and the way they all live.
chimney A chimney takes the *smoke* away from the *fire*.
cobweb A *spider* spins a cobweb to *trap* insects.
guard The *soldiers* are on guard looking after the queen and *keeping* her *safe*.
soap A good *wash* with soap and *water* makes the *dirt* disappear

Daar is enkele gevalle waar geen ondersteunende konteks verskaf word nie, byvoorbeeld:

guns Cowboys carry guns.

Bogenoemde geval is egter eerder die uitsondering as die reël, en daarom kan die voorbeeldmateriaal beskou word as grootliks suksesvol ten opsigte van hierdie kriterium wat gestel is.

6.6.2.7 Onvervangbaarheid van die lemma

In sommige voorbeeldsinne is die lemma wel vervangbaar. Hierdie voorbeeldsinne is nie effektief nie, omdat dit nie op die lemma toegespits is en geen bydrae lewer tot die betekenis nie, byvoorbeeld:

back	I fell off the stool and hurt my back. (leg, arm, neck)
candle	The candle burns when you light it. (torch, lamp)
children	Fred and Freda are children. (friends, family, naughty, happy, friendly)
jog	People jog to keep fit. (swim, cycle, play tennis)
giant	There are lots of giants in fairy tales. (elves, dragons, witches, unicorns)

In ander gevalle is die lemma wel onvervangbaar, byvoorbeeld:

calender	A calender shows you the days and dates in each month of the year.
passport	You need your passport to travel from one country to another.
bone	Your skeleton is made up of all the bones inside your body.

Daar word dus gedeeltelik voldoen aan die kriterium van onvervangbaarheid van die lemma in die voorbeeldsin.

6.6.2.8 Neutraliteit

In enkele gevalle word die kwessie rondom geslagtelikheid nie met genoeg sorg in die voorbeeldsinne hanteer nie, byvoorbeeld:

construct	Boys love construction toys.
------------------	------------------------------

Hierdie voorbeeldsin weerspieël die tradisionele siening dat seuns met kreatiewe speelgoed soos boublokke speel, terwyl dogters met poppe speel. So 'n tipe voorbeeldsin is ongewens, omdat dit moontlik stereotipe rolverdelings by die kind bevestig.

Ook in hierdie woordeboek word daar nie altyd neutraliteit ten opsigte van geloof gehandhaaf nie, byvoorbeeld:

Christmas This is the time that people celebrate the birth of Jesus.

Hierdie sin impliseer dat alle mense tydens Kersfees die geboorte van Jesus vier. Vir mense wat nie Christene is nie, gaan dit egter nie hieroor nie. Sodoende word ander geloofsgroepe dus uit die woordeboek gesluit.

Die voorbeeldmateriaal wat nie neutraal staan teenoor ras, geslag en geloof nie, is egter minimaal. Daar kan daarom beweer word dat verbale voorbeeldmateriaal in *Picture Dictionary* grootliks neutraal is.

6.6.2.9 Sistematiese gebruik

Voorbeeldsinne word nie op 'n sistematiese wyse in hierdie woordeboek gebruik nie, aangesien daar nie by elke lemma 'n voorbeeldsin verskaf word nie. Sommige woordeboekartikels bevat slegs 'n definisie, ander slegs 'n voorbeeldsin en sommige woordeboekartikels bevat 'n definisie en 'n voorbeeldsin. Terwyl sommige woordeboekartikels geen voorbeeldmateriaal bevat nie, word daar tot drie sinne in ander woordeboekartikels verskaf. Verbale voorbeeldmateriaal word dus glad nie op 'n sistematiese wyse gebruik in *Picture Dictionary* nie.

6.6.2.10 Samevatting

Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word met betrekking tot die voorsiening van verbale voorbeeldmateriaal in *Picture Dictionary*:

- Daar word nie besonder sterk gesteun op voorbeeldsinne om bykomende inligting tot die lemma te verskaf nie.
- Uit die nege kriteria wat gestel is vir effektiewe voorbeeldsinne, word daar aan ses voldoen, naamlik: volsinne word gebruik, dit reflekteer die taalwerklikheid van Engels, pas by die teikengebruiker, is duidelik, weerspieël die primêre betekenis van die woord en verskaf 'n ondersteunende konteks vir die lemma.

- Aan twee kriteria word daar gedeeltelik voldoen, naamlik: onvervangbaarheid van die lemma in die voorbeeldsin en neutraliteit.
- Aan een criterium wat gestel is, word daar nie voldoen nie, naamlik: die sistematiese gebruik van voorbeeldsinne.

Hoewel verbale voorbeeldmateriaal nie so prominent in hierdie woordeboek gebruik word nie, voldoen dié voorbeelde wat wel verskaf word in 'n hoë mate aan die kriteria wat gestel word vir effektiewe voorbeeldmateriaal.

6.6.3 *Sesamstraat Woordenboek*

In die voorwoord van *Sesamstraat Woordenboek* word aangedui dat hierdie woordeboek saamgestel is vir die kykers van die televisieprogram *Sesamstraat*. In die voorbeeldmateriaal word daar van die karakters uit hierdie kinderprogram gebruik gemaak om die konsepte te verduidelik. Die redakteurs verduidelik ook dat die illustrasies en voorbeeldmateriaal gehou is in die styl van die televisieprogram. Hierdie inligting moet in ag geneem word wanneer die voorbeeldsinne in dié woordeboek ondersoek word.

6.6.3.1 Volsinne

Ook in hierdie kinderwoordeboek word eenvoudige, maklik verstaanbare volsinne verskaf in die voorbeeldmateriaal. Volgens die redakteurs behoort die voorbeeldmateriaal nie moeilik te wees vir kleuters en jong lesers nie: "De speelse, eenvoudige teksten leveren ook geen moeilijkheden op voor jonger lezertjes." Die volgende voorbeeldsinne bevestig hierdie stelling:

akkerland	Boer Grover heeft hier heel kleine stukjes akkerland.
graven	Blafkees graaft een gat in de tuin.
geiten	De geiten van boer Grover snoepen van de groente.
duiken	Dit meisje duikt van de hoge duikplank.

Geen voorbeelde van onvolledige sinne is gevind nie, en daarom is hierdie voorbeeldmateriaal geslaagd ten opsigte van volsinne.

6.6.3.2 Reflektering van die taalwerklikheid

In enkele gevalle is die voorbeeldmateriaal wat in *Sesamstraat Woordenboek* aangebied word nie alledaags nie, byvoorbeeld:

jas Deze man heeft een letter in zijn jas.

In die meegaande illustrasie staan een van die karakters van *Sesamstraat* met 'n lang jas aan waarop die letter "C" geskryf is. Hierdie is nie 'n tipiese voorbeeldsin nie, aangesien 'n mens nie normaalweg groot alfabetletters op jasse kry nie. Binne die konteks van *Sesamstraat* is dit egter aanvaarbaar, en die kind wat vertrouwd is met die televisieprogram en die karakters sal so 'n sin verstaan.

Die meerderheid voorbeeldsinne kan egter as alledaags beskou word in Nederlands, en daardeur word die taalwerklikheid gereflekteer, byvoorbeeld:

kaas Dit meisje eet crackers en kaas.
bad Ernie en zijn speelgoedeend zitten in het bad.
fotograaf De fotograaf neemt nog een foto van Bert en zijn lievelingsdier.
trommel Ernie slaat op de trommel.

6.6.3.3 Gepastheid ten opsigte van die teikengebruiker

Aangesien die hele kinderwoordeboek gebaseer is op 'n televisieprogram vir kinders, sal die voorbeeldsinne wat gebruik word ook tot die kind se verbeeldingswêreld spreek. So word bekende karakters uit die televisiereeks in die voorbeeldsinne gebruik, soos byvoorbeeld Grover, Koekiemonster, De Graaf ('n vampier), Bert en Ernie.

klimmen De Graaf klimt in de boom om zijn kat te pakken.
handschoen Koekiemonster draagt rubberen handschoenen als hij de afwas doet.
duif Bert gaat een hok maken voor zijn duiven.
hond Blafkees is een hond.
onderwijzers De onderwijzers leert Grover zijn naam schrijven.

In die volgende voorbeeld word daar tegelykertyd verwys na twee verskillende karakters in twee verskillende kinderprogramme/-boeke, naamlik: Grover die karakter in *Sesamstraat* en die strokiesprentheld wat kan vlieg, *Superman*. Die kind wat vertrou is met albei hierdie programme/boeke, sal hierdie verwysing verstaan:

eiland Supergrover vliegt over een eiland.

Verwysings na sprokies kom ook voor, byvoorbeeld:

sprookje De moeder van Grover lees het sprookje voor van Goudlokje en de drie beren.

links/rechts *Goudlokkies*: Zal ik links of rechts gaan?

Hasia: Als ik Goudlokje was dan zou ik rechtsomkeer maken.

snel De haas is snel. De schildpad is langzaam.

(Verwys na die fabel oor *Hasia en Skilpad*.)

Talle voorbeeldsinne skets ook situasies uit die alledaagse leefwêreld van die kind, byvoorbeeld:

sok Voordat je je skoene aandoet, trek je je sokke aan.

In die meegaande illustrasie word die vampier, De Graaf, uitgebeeld waar hy sit en na sy sokkie wys en sê: "Zie je dat? In mijn sok zit een gat!" In die volgende voorbeeldsin word daar verwys na die kinderspeletjie wegkruipertjie om die begrip *verbergen* aan die kind te verduidelik. Hierdie sin is baie gepas, aangesien die meeste kinders waarskynlik dié bepaalde speletjie ken.

verbergen Zullen we verstoppertje spelen? Ik verberg me en jij moet me zoeken.

Wat die kulturele relevansie van die voorbeeldsinne betref, skiet *Sesamstraat Woordenboek* tekort. Daar is geen verwysings na die Nederlandse kultuur nie. Dit blyk dat die Amerikaanse kultuur waarin die televisiereeks *Sesamstraat* sy wortels het, deurskemer in sommige van die voorbeeldsinne (en illustrasies), soos:

ruimtevaarder Grover, de ruimtevaarder, is op die maan.

Met hierdie sin op sigself is daar niks verkeerd nie, maar in die meegaande illustrasie is die betrokke karakter geskets waar hy met 'n Amerikaanse vlag op die maan stap. Daar is ook 'n spraakborrel waarin Grover se woorde dan weergegee

word: "Een stapje van Grover betekent een grote stap voorwaarts voor alle monsters!" Alhoewel die kinders wat die woordeboek gebruik dit nie noodwendig sal besef nie, sinspeel hierdie uitspraak van Grover op die Amerikaanse ruimtevaarder, Neil Armstrong, se eerste woorde toe hy op die maan geloop het: "One small step for man, one giant leap for mankind." Grover word dus uitgebeeld as 'n Amerikaanse ruimtevaarder. Hierdie voorbeeldsin en illustrasie is daarom meer gepas om in 'n Amerikaans-Engelse kinderwoordeboek te verskyn as in 'n Nederlandse kinderwoordeboek.

Ten spyte daarvan dat daar geen verwysings na die Nederlandse kultuur is nie, pas die voorbeeldmateriaal baie goed by die tekengebruiker, omdat dit inskakel by die leef- en ervaringswêreld van die kind en ook tot sy/haar verbeelding spreek.

6.6.3.4 Duidelikheid

Enkele onduidelike voorbeeldsinne kom in hierdie woordeboek voor, maar dit kan gesien word as die uitsondering eerder as die reël, byvoorbeeld:

land Ik reis over land, over zee en door de lucht.

Drie metodes van reis word in hierdie voorbeeldsin verskaf, waaronder die lemma *land*. Daar word gevolglik net soveel gefokus op *zee* en *lucht* as ruimtes waardeur gereis kan word. Hierdie voorbeeldsin illustreer daarom eerder die woord *reis* as wat dit inligting oor die lemma bevat.

grot Is deze grot bewoond?

Hierdie sin kan moontlik verwarring by die jong woordeboekgebruiker laat ontstaan, omdat *grot* as 'n woning uitgebeeld word. Die betekenis van die lemma in die voorbeeldsin wat verskaf is, is onduidelik.

Die voorbeeldmateriaal in hierdie woordeboek voldoen in die algemeen aan hierdie kriterium wat gestel is vir effektiewe voorbeeldsinne.

6.6.3.5 Weerspieëling van die primêre betekenis van die woord

In die geval van homonieme en poliseme word slegs die algemeenste gebruik van die woord in voorbeeldmateriaal aangedui, byvoorbeeld:

pen Ik skryf mijn naam met een pen.
(Assosiasies van die lemma met byvoorbeeld die vere van 'n voël word buite rekening gelaat.)

prijs Wat is de prijs van deze hoed?
(Die betekenis van *prijs* as iets wat 'n mens kan wen word nie betrek nie.)

In die geval van *ster* word twee verbandhoudende betekeniswaardes van die lemma in een woordeboekartikel gegee. Deurdát die twee sinne bymekaar aansluit, word verwarring uitgeskakel:

ster Grover, die ruimtevaarder ziet heel wat sterren.
Op het ruimtevaartuig van Grover is een ster geschilderd.

Verwarring met betrekking tot homonieme word in 'n groot mate uitgeskakel deur die plasing van lemmas volgens die bepaalde kategorieë waartoe dit behoort. Dit blyk dus dat die primêre betekenis van die woord telkens uit die voorbeeldsin blyk.

6.6.3.6 Ondersteunende konteks

In sommige voorbeeldsinne wat ondersoek is, word 'n ondersteunende konteks verskaf waarin die lemma gebruik word. Semanties verwante elemente word in die volgende voorbeeldsinne verskaf:

sok Voordat je je *schoenen* aandoet, trek je je sokken aan.

olifant Aan de *sturf* van dit *grote dier* zie je meteen dat je met een olifant te doen hebt.

giraf Heeft een giraf de *langste nek* van alle dieren? Ja dit is zo!

schip *Kaptein* Bert stuurt zijn schip de *haven* in.

In die meeste gevalle verskaf die verbale voorbeeldmateriaal egter nie 'n ondersteunende konteks waarin die lemma gebruik word nie. Daar word op die meegaande illustrasies staatgemaak om hierdie ondersteunende konteks by die lemmas te verskaf, byvoorbeeld:

trui	Emie heeft een trui aan.
varken	Boer Grover voert zijn varken.
helikopter	Oma bestuurt haar eigen helikopter.
trein	De trein heeft voorrang.
taxi	Bert en Emie nemen een taxi.

Die woordeboek voldoen dus in 'n groot mate nie aan hierdie kriterium wat gestel is vir effektiewe verbale voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke nie.

6.6.3.7 Onvervangbaarheid van die lemma

Voortspruitend uit die tekort aan ondersteunende konteks waarin lemmas in die voorbeeldmateriaal gebruik word, is hierdie lemmas in baie gevalle ook maklik met ander woorde vervangbaar. Vergelyk die volgende voorbeelde:

woestijn	Wat fijn! Ik geniet van de woestijn. (oerwoud, zee, school, theater)
jurk	Dit meisje trekt haar jurk aan. (schoenen, rok, trui)
raket	De raket stijgt op. (vliegtuig, helikopter, ballon)
repareren	Dit meisje repareert een stoel. (steelt, grijpt, breekt)

Sesamstraat Woordenboek voldoen in 'n groot mate nie aan die kriteria wat gestel word in verband met die onvervangbaarheid van die lemma in voorbeeldmateriaal nie.

6.6.3.8 Neutraliteit

Baie van die voorbeeldmateriaal wat verskaf word, word uitgebeeld as dialoog van die karakters in die kinderwoordeboek. Hierdie sinne word met behulp van 'n spraakborrel aangedui. Deur die karakters aan die woord te stel, word baie van hul opinies weerspieël wat kenmerkend is van hul karakter in die televisiereeks. Op hierdie wyse kan die leksikograaf neutraal bly. Vergelyk die volgende voorbeeldsinne wat deur verskillende karakters geuit word:

- woestijn** Wat fijn! Ik geniet van de woestijn.
(Dit is die vampier, De Graaf, se opinie dat die woestyn 'n aangename plek is.)
- kat** Ik hou van mijn katten.
(Weer eens is dit die vampier se persoonlike gevoel wat hier weerspieël word.)
- verscheuren** Ik hou van papier verscheuren.
(Die groen monster hou daarvan om papier te skeur.)

In enkele gevalle waar die voorbeeldsinne nie deur enige van die karakters gegee word nie, is daar verwysings na seuns en meisies wat dalk eerder met *kind* vervang kon word ter wille van neutraliteit ten opsigte van geslag. Hierdie voorbeeldsinne is egter aanvaarbaar, omdat dit nie een van die geslagte in 'n stereotipe rol plaas nie, byvoorbeeld:

- repareren** Dit meisje repareert een stoel.
- plafond** Dit meisje is het plafond aan het witten.
- garage** Die meisje werkt als monteur in een garage.

Geen verwysings na ras of geloof is in die voorbeeldsinne gevind nie, en dit is duidelik dat neutraliteit tot 'n groot mate gehandhaaf word.

6.6.3.9 Sistematiese gebruik

Die gebruik van voorbeeldmateriaal word, net soos in die ander twee kinderwoordeboeke wat by die studie betrek is, nie sistematies toegepas nie. Nie alle lemmas word van voorbeeldmateriaal voorsien nie. Sommige voorbeeldsinne word verskaf deur dit in spraakborrels te plaas as deel van die karakters se dialoog. Ander voorbeeldsinne word elders in die woordeboekartikel geplaas, maar nie altyd op dieselfde plek nie. So word sommige voorbeeldsinne direk onder die

definisie geplaas en ander word bo, onder of langs die illustrasie geplaas. Dit is duidelik dat daar geen sistematiek is in die verskaffing van verbale voorbeeldmateriaal nie.

6.6.3.10 Samevatting

Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word ten opsigte van die mate waarin verbale voorbeeldmateriaal effektief in *Sesamstraat Woordenboek* aangewend word:

- Genoegsame verbale voorbeeldmateriaal word verskaf om betekenisinligting oor te dra.
- Uit die nege kriteria wat gestel is vir effektiewe voorbeeldsinne in kinderwoordeboeke, voldoen hierdie woordeboek aan ses, naamlik: volsinne, die voorbeeldsinne reflekteer die Nederlandse taalwerklikheid, is gerig op die teikengebruiker, is duidelik, neutraal en dui die primêre betekenis van die lemma aan.
- Daar word slegs in sommige gevalle 'n ondersteunende konteks in die voorbeeldmateriaal verskaf.
- In die voorbeeldmateriaal is die lemma dikwels vervangbaar met 'n ander woord, en voorbeeldmateriaal word nie sistematies aangewend nie.

Die gebruik van verbale voorbeeldmateriaal in *Sesamstraat Woordenboek* is in die algemeen effektief en funksioneel.

6.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om aan te toon hoe die voorbeeldmateriaal as verklaringsmeganisme in die woordeboekartikel kan bydra tot die oordrag van semantiese inligting in kinderwoordeboeke. Die funksies van verbale voorbeeldmateriaal in woordeboeke is ondersoek, en daar is bevind dat voorbeeldmateriaal 'n belangrike rol speel in die woordeboekartikel, veral met betrekking tot ondersteuning van die definisie, leksikale en konseptuele verhoudinge, prototipiese gebruik van woorde, grammatiese inligting en die kulturele konteks.

Daar is onderskei tussen twee tipes verbale voorbeeldmateriaal, naamlik sitate en poëme, en verskillende komponente van voorbeeldmateriaal is onderskei. Dit blyk uit die bespreking dat sitate minder geskik is as voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke, aangesien kinders gewoonlik nog nie soveel leeservaring het dat hulle sal baat by sitate of dit sal verstaan nie.

Nege kriteria is gestel wat effektiewe en funksionele voorbeeldsinne in kinderwoordeboeke bevorder. Die voorbeeldsinne in drie kinderwoordeboeke is geëvalueer aan die hand van hierdie kriteria, en samevattend word die resultate in figuur 6.1 uiteengesit:

KRITERIUM	<i>My Eerste Woordeboek</i>	<i>Picture Dictionary</i>	<i>Sesamstraat Woordenboek</i>
Volsinne	Ja	Ja	Ja
Reflektering van taalwerklikheid	Ja	Ja	Ja
Gepastheid ten opsigte van die tekengebruiker	Ja	Ja	Ja
Duidelikheid	Ja	Ja	Ja
Primêre gebruik van woord	Gedeeltelik	Ja	Ja
Ondersteunende konteks	Ja	Ja	Gedeeltelik
Onvervangbaarheid van die lemma	Nee	Gedeeltelik	Nee
Neutraliteit	Gedeeltelik	Gedeeltelik	Ja
Sistematies	Nee	Nee	Nee

Figuur 6.1 Samevatting van evaluering van voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke

Hoewel die voorbeeldmateriaal in bogenoemde woordeboeke hoofsaaklik in isolasie van die res van die woordeboekartikel beskou is, kan die interaksie tussen voorbeeldmateriaal, illustrasie en definisie nie geïgnoreer word nie. In hoofstuk 7 word daar vervolgens samevattend na hierdie drie komponente van die kinderwoordeboek gekyk.

HOOFSTUK 7

Samevatting en gevolgtrekking

7.1 INLEIDING

Kinderwoordeboeke vervul 'n belangrike rol as deel van kinderlektuur en ook as lid van die woordeboekfamilie. Ten einde geslaagd te wees, moet die kinderwoordeboek daarom voldoen aan vereistes wat gestel word vir kinderlektuur, asook vereistes wat gestel word in die leksikografie.

In hierdie navorsing is daar gefokus op die leksikografiese aspekte van die kinderwoordeboek, ten einde die aard en aanbieding van verklarende inligting te ondersoek en kriteria te benoem vir die effektiewe oordrag daarvan aan die tekengebruiker. Reeds hier is die eerste probleem geïdentifiseer, naamlik dat die konsep *kinderwoordeboek* nog nie afgegrens is binne die leksikografie nie. Daar moes dus eers bepaal word wat die aard van die woordeboek is en wie die tekengebruiker is. Daarna is drie inligtingstipes wat gebruik kan word by die oordrag van verklarende inligting in kinderwoordeboeke, bespreek, naamlik:

- definisies;
- illustrasies; en
- voorbeeldmateriaal.

Na aanleiding van die bespreking is daar telkens moontlike kriteria benoem wat effektiewe oordrag van semantiese inligting in die kinderwoordeboek sal bevorder.

Vervolgens word gevolgtrekkings met betrekking tot hierdie navorsing gemaak.

7.2 SAMEVATTING

Dit blyk uit die studie dat 'n kinderwoordeboek 'n tipe aanleederswoordeboek is wat gerig is op kinders tussen die ouderdomme van vier en nege jaar. Hierdie kinders beskik gewoonlik al oor 'n redelik goeie, maar ontwikkelende taalvermoë. Op hierdie ouderdom begin die meeste kinders ook om self te leer lees en skryf.

In aansluiting by die ontwikkelende taalvermoë van die kind, is oogmerke van kinderwoordeboeke geïdentifiseer. Hierdie studie se fokus is gerig op enkele belangrike oogmerke van kinderwoordeboeke, naamlik dat dit:

- semantiese verhoudinge tussen woorde aandui;
- hulp verskaf met betrekking tot die assosiasies wat gemaak word tussen woorde, voorwerpe, aksies en emosies; en
- konseptuele raamwerke skep waarbinne woorde betekenis kry.

Ten einde meer insig te verwerf oor hóe bogenoemde oogmerke in 'n kinderwoordeboek bewerkstellig kan word, is die verband tussen taal en konseptualisering ondersoek. Die bevindinge kan kortliks soos volg saamgevat word:

In die mens se alledaagse omgang met die werklikheid en die taal, word daar betekenis aan woorde geheg. Gesien vanuit 'n kognitief-linguïstiese perspektief, vorm daar mettertyd 'n komplekse netwerk van betekenis (semantiese netwerk). Binne die semantiese netwerk staan prototipes sentraal. Die bepaling van prototipes berus op die proses van kategorisering, waar 'n prototipe verteenwoordigend is van 'n bepaalde kategorie. Verder staan bepaalde konsepte ook in verskillende leksikale en konseptuele verhoudinge teenoor mekaar, soos in die geval van antonimie, sinonimie, polisemie en homonimie.

Hoewel bogenoemde 'n baie vereenvoudigde beskrywing van die verhouding tussen taal en konseptualisering is, omvat dit 'n nimmereindigende proses wat gedurig aan verandering onderworpe is.

Die teikengroep van die kinderwoordeboek het 'n redelik beperkte ervaring van die taal en ook die werklikheid. Die belangrike rol wat die kinderwoordeboek dus hier kan speel, is baie duidelik, naamlik dat dit 'n belangrike grondslag kan lê vir die vorming en uitbreiding semantiese netwerke, en só bydra tot die kognitiewe en taalontwikkeling van die kind.

Vervolgens word 'n samevatting gegee van die kriteria wat benoem is vir elk van die verklarende meganismes wat aangewend word om semantiese inligting in kinderwoordeboeke oor te dra.

7.2.1 Definisies in kinderwoordeboeke

Definisies speel 'n prominente rol in die oordrag van semantiese inligting, aangesien dit primêr gemoeid is met betekenis. Ten einde effektief te wees in die kinderwoordeboek, is die volgende kriteria gestel:

- Sirkeldefiniëring moet in kinderwoordeboeke vermy word, aangesien sirkeldefinisies verwarrend kan wees vir die teikengebruiker wie se woordeskat nog redelik beperk is.
- Elke woord wat in die definisie gebruik word, moet in die woordeboek verklaar word. Dit impliseer dat daar deurgaans met 'n beperkte woordeskat gewerk moet word.
- Die definisie moet volledig wees. 'n Volledige definisie verskaf genoeg semantiese inligting om die kind se vraag, "Wat is dit?" sinvol te beantwoord.
- Definisies moet helder en ondubbelsinnig wees om 'n volledige en akkurate verklaring van die woord te verskaf.
- Definisies moet eenvoudig wees.
- Akkurate definisies is baie belangrik, aangesien die kinderwoordeboek ook 'n informatiewe boek is wat feite aan die gebruiker oordra.
- Die gebruik van definisies moet konsekwent toegepas word in die woordeboek.
- Definisies moet spreek van objektiwiteit en neutraliteit. Geen subjektiewe waardeoordele van die samesteller van die woordeboek mag in die definisies weerspieël word nie.

7.2.2 Illustrasies in kinderwoordeboeke

Illustrasies in die kinderwoordeboek het nie net 'n ondersteunende rol ten opsigte van die teks nie, maar is ook in 'n sekere mate 'n definieringsmeganisme. Die effektiwiteit van illustrasies in die kinderwoordeboek kan gemeet word aan die hand van die volgende kriteria:

- Illustrasies moet bondig wees in dié opsig dat inligting wat irrelevant is vir die betekenis van die lemma, nie by die illustrasie ingesluit sal word nie.
- Duidelikheid en verstaanbaarheid verseker dat die illustrasie verklarend optree en bydra tot die oordrag van betekenis.
- Die illustrasie moet die teks in die woordeboekartikel ondersteun.
- Ten einde die kind se aandag te behou, moet daar ook aksie in die illustrasie uitgebeeld word.
- Helder, kleurvolle illustrasies help ook om die kind se aandag te trek.
- Die illustrasies moet pas by die kognitiewe ontwikkelingsvlak en leef- en ervaringswêreld van die kind.

7.2.3 Verbale voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke

Voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke bestaan hoofsaaklik uit poëme. Ook hier is kriteria gestel vir effektiewe voorbeeldmateriaal:

- Voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke moet verkieslik in volsinne aangebied word.
- Hierdie sinne moet die taalwerklikheid van die bepaalde taal reflekteer, ten einde die kind in staat te stel om suksesvol te kommunikeer.
- Die voorbeeldsinne moet gerig wees op die teikengebruiker ten opsigte van leefwêreld, verbeeldingswêreld en kultuur.
- Duidelike, ondubbelsinnige voorbeeldsinne moet verskaf word, waarin daar gefokus word op die betekenis van die lemma.
- Die voorbeeldsin moet die primêre gebruik van die woord weerspieël.
- Die voorbeeldsin moet 'n ondersteunende konteks verskaf vir die betekenis van die lemma.
- Die lemma moet in die voorbeeldsin nie vervang kan word deur 'n ander woord nie.
- Neutraliteit ten opsigte van ras, geslag en geloof moet gehandhaaf word.
- Die gebruik van voorbeeldsinne in kinderwoordeboeke moet sistematies geskied.

7.3 GEVOLGTREKKING

Alhoewel definisies, illustrasies en voorbeeldmateriaal afsonderlik behandel is, blyk dit telkens uit die evaluering van verskillende woordeboeke dat hierdie drie metodes van betekenisoordrag nie individueel funksioneer in die kinderwoordeboek nie. Dit word bevestig deur die oorkruising van sommige kriteria, byvoorbeeld:

- duidelikheid;
- volledigheid;
- gerigtheid ten opsigte van die teikengebruiker;
- sistematiese toepassing daarvan in die woordeboek; en
- neutraliteit en objektiwiteit.

Die definisie, illustrasie en voorbeeldmateriaal is dus drie basiese komponente waaruit die definisies in die kinderwoordeboek bestaan. Hoewel die definisie normaalweg met die oordrag van semantiese inligting in

woordeboeke verbind word, speel die illustrasie en verbale voorbeeldmateriaal in die kinderwoordeboek 'n ewe belangrike rol. So kan die voorbeeldsin die definisie omvat, of voorbeelde van 'n bepaalde kategorie insluit. Die illustrasie kan ook dien as voorbeeld, terwyl dit self ook 'n metode van definiëring is. Nie net word dit as definiëeringsmeganisme gebruik nie, maar dit maak die woordeboek ook interessant vir die kind.

Hierdie siening van verklarende meganismes in kinderwoordeboeke sluit aan by die kognitief-linguistiese perspektief, deurdat daar nie 'n waterdige onderskeid gemaak kan word tussen semantiese, pragmatiese en ensiklopediese inligting nie. Só is die definisie en die verbale voorbeeldmateriaal tegelykertyd semanties en pragmaties van aard, en dit kan selfs ook ensiklopediese inligting bevat. Die illustrasie verskaf op nieverbale wyse semantiese en ensiklopediese inligting. Die taak van die leksikograaf is om hierdie drie inligtingstipes só te integreer dat die optimale oordrag van betekenis kan plaasvind.

In die woordeboeke wat by hierdie studie betrek is, is gevind dat die woordeboeke in die algemeen nie daarin slaag om al drie die inligtingstipes effektief te benut nie. So byvoorbeeld verskaf *Picture Dictionary* goeie definisies, terwyl daar nie veel aandag geskenk is aan die ander twee komponente nie. *Visuele Woordeboek vir Kinders* bevat effektiewe illustrasies, maar die lemmas word nie van definisies en voorbeeldmateriaal voorsien nie. *Mijn Eerste Woordenboek* verskaf ook effektiewe illustrasies, maar die definisies wat voorsien word, word apart verskaf saam met die alfabetiese woordelys wat ná die sentrale gedeelte van die woordeboek geplaas is. *My Eerste Woordeboek* voorsien in die meeste gevalle saam met die illustrasie ten minste 'n voorbeeldsin óf 'n definisie, maar dit is in baie gevalle nie effektief nie. Die enigste van hierdie woordeboeke wat in 'n groot mate effektief is ten opsigte van verklarende meganismes, is *Sesamstraat Woordenboek*. 'n Voorbeeld van 'n effektiewe woordeboekartikel in hierdie woordeboek is *wens*:




Figuur 7.1 Uit *Sesamstraat Woordenboek*

Die woordeboekartikel as geheel is eenvoudig, helder en akkuraat. Dit is veral ook baie gepas ten opsigte van die kind as tekengebruiker, aangesien 'n verjaarsdag vir 'n kind 'n belangrike gebeurtenis is.


In die definisie word 'n eenvoudige en duidelike verklaring van die lemma gegee. Die voorbeeldsin vorm deur middel van spraakborrels ook deel van die kleurvolle illustrasie. In die illustrasie en voorbeeldsinne word *wens* spesifiek met 'n verjaarsdag geassosieer - wanneer die persoon wat verjaar die kersies op sy/haar verjaarsdagkoek doodblaas, maak hy/sy gewoonlik 'n wens. Hierdie gebruik is vir die meeste kinders baie bekend. Die drie inligtingstipes word hier met sukses geïntegreer om méér as net die betekenis van die lemma oor te dra.

In figuur 7.2 word die woordeboekartikel vir die lemma *snel* in *Sesamstraat Woordenboek* verskaf. Hierdie woordeboekartikel is ook 'n goeie voorbeeld van die suksesvolle integrasie van die drie verklaringsmeganismes. Die definisie is eenvoudig en akkuraat aangebied. Die gebruik van die sinoniemdefinisie sou afsonderlik nie baie suksesvol gewees het in die kinderwoordeboek nie (vergelyk 4.5.6), maar in hierdie geval word dit ondersteun deur die voorbeeldsin en die illustrasie. Die voorbeeldsin is duidelik en ondubbelsinnig. Dit verskaf ook 'n ondersteunende semantiese konteks deurdat 'n antoniem verskaf word. Hoewel die woorde *snel* en *langzaam* in hierdie voorbeeldsinne met verskeie ander woorde vervang kan word, word dit ondersteun deur die illustrasie. Die illustrasie (tesame met die verbale voorbeeldmateriaal) sluit aan by die kind se ervaringswêreld in dié sin dat dit verwys na die bekende fabel *Hasie en Skilpad*. In hierdie duidelike en kleurvolle illustrasie word aksie ook duidelik uitgebeeld deur die voorstelling van die haas wat vinnig hardloop en terugkyk na die skilpad wat stadig beweeg.



Figuur 7.2 Uit *Sesamstraat Woordenboek*

Vervolgens sal enkele eksemplariëse woordeboekartikels uit bestaande kinderwoordeboeke aangepas word, ten einde meer effektief ten opsigte van betekenisoordrag te kan wees.



Figuur 7.3 Uit *My Eerste Woordeboek*




Figuur 7.4 Aangepas uit *My Eerste Woordeboek*.

Die oorspronklike woordeboekartikel van *kitaar* in *My Eerste Woordeboek* (figuur 7.3) se illustrasie voldoen grootliks aan die kriteria gestel vir effektiewe illustrasies. Dit is helder, kleurvol duidelik, daar word 'n bepaalde aksie uitgebeeld en dit sluit aan by die teks van die woordeboekartikel. 'n Definisie vir *kitaar* word implisiet verskaf in die voorbeeldmateriaal. Die lemma kan egter maklik vervang word in die teks met vele ander woorde, byvoorbeeld: *klavier, trompet, viool, bed*, ensovoorts. Daar kan ook onsekerheid bestaan oor die aantal snare wat 'n kitaar het, aangesien daar gespesifiseer word dat Sally se kitaar ses snare het, en daar nie in die algemeen verwys word na die aantal snare wat 'n tipiese kitaar het nie.

Die aangepaste woordeboekartikel (figuur 7.4) verskaf 'n aparte definisie en voorbeeldsin. Dit sluit aan by talle ander woordeboekartikels in *My Eerste Woordeboek* wat op dieselfde wyse aangebied word. Sodoende kan die sistematiese gebruik van die verklaringsmeganismes in die woordeboek bevorder word. Die definisie wat verskaf is toon aan dat 'n tipiese kitaar gewoonlik ses snare het en spesifiseer dat 'n *kitaar* 'n musiekinstrument is. Sodoende word 'n ondersteunende konteks verskaf vir die illustrasie wat aantoon dat Sally musiek maak. Ook die voorbeeldsin ondersteun hierdie gedagte. Die voorbeeldsin is verder ook gepas, omdat dit spesifiek verwys na 'n bepaalde kinderliedjie en sodoende sluit die voorbeeldsin ook aan by die ervaringswêreld van die moontlike tekengebruiker, naamlik die Afrikaanssprekende kind.

'n Groot leemte in *Visuele Woordeboek vir Kinders* is dat daar nie definisies en voorbeeldsinne by die lemmas en illustrasies verskaf word nie, en dat dit nie gerig is op die Suid-Afrikaanse kind nie. So 'n voorbeeld is *lughawe*. Verskillende verwante konsepte word wel aangetoon, maar geen verbale verklaring vir die lemma word verskaf nie.




Figuur 7.5 Uit *Visuele Woordeboek vir kinders*

Deur slegs 'n eenvoudige definisie en voorbeeldsin te verskaf kan die woordeboekartikel baie meer effektief gemaak word om betekenis oor te dra.



Figuur 7.6 Aangepas uit *Visuele Woordeboek vir Kinders*


Vergelyk ook die volgende twee woordeboekartikels waarin gepoog word om dieselfde konsep te verklaar (figuur 7.7 en 7.8):



Figuur 7.7 Uit *My Eerste Woordeboek*

Die illustrasie by die lemma *soen* in *My Eerste Woordeboek* (figuur 7.7) voldoen grootliks aan die kriteria wat gestel is vir illustrasies in kinderwoordeboeke. Die aksie wat in die illustrasie uitgebeeld word, ondersteun die betekenis van die lemma wat verklaar word. Dit ondersteun ook die teks wat in die woordeboekartikel voorkom (deur veral) die hartjie

wat gewoonlik 'n simbool van liefde is. Hier word egter nie 'n definisie van *soen* gegee nie. Die lemma in die voorbeeldsin kan maklik vervang word met 'n ander woord, byvoorbeeld *druk* 'n Mens *druk* iemand vir wie jy lief is.



Figuur 7.8 Uit *Sesamstraat Woordenboek*

In die woordeboekartikel van dieselfde konsep in *Sesamstraat Woordenboek* (figuur 7.8) word daar egter 'n gepaste definisie verskaf wat in 'n groot mate voldoen aan die kriteria wat gestel word vir definisies in kinderwoordeboeke. Die illustrasie wat verskaf word, ondersteun egter nie die teks nie. Die twee karakters se lippe raak nie, soos in die teks beskryf nie. Dit lyk eerder asof die meisie net Grover (die blou karakter) se arms vashou. Daar word ook nie melding gemaak van die twee karakters in die definisie nie.

Wanneer meganismes wat bydra tot effektiewe betekenisverklaring in die twee genoemde woordeboekartikels gekombineer word, sal die produk 'n effektiewe woordeboekartikel vir die konsep *soen* wees.



Figuur 7.9 Illustrasie uit *My Eerste Woordenboek*; Teks aangepas en vertaal uit *Sesamstraat Woordenboek* en *My Eerste Woordenboek*

Die leksikograaf wat beplan om 'n kinderwoordeboek saam te stel, sal 'n verskeidenheid bestaande kinderwoordeboeke as rolmodelle kan gebruik, en die beste eienskappe daaruit neem en kombineer. Verder vereis die tweeledige aard van die kinderwoordeboek (as kinderboek en as aanleederswoordeboek) dat die samesteller van so 'n woordeboek moet kennis dra van die leesvoorkeure en behoeftes van die teikengebruikers en moet streef na die bevordering van die kind se kognitiewe en taalvermoëns.

7.4 MOONTLIKE VERDERE NAVORSING

In hoofstuk 1 is genoem dat daar binne die metaleksikografie nog min aandag geskenk is aan kinderwoordeboeke. Hierdie aspek van die leksikografie is dus nog 'n betreklik onontginde terrein. Empiriese navorsing oor die gebruik van kinderwoordeboeke sal waardevolle inligting kan verskaf met betrekking tot die teikengroep en die tipe inligting wat vir die kind interessant, verstaanbaar en informatief is. Sodoende kan die houdbaarheid van die kriteria wat gestel is vir effektiewe definisies, illustrasies en voorbeeldmateriaal in kinderwoordeboeke empiries getoets word. So byvoorbeeld kan daar in samewerking met kleuterskool- en/of laerskoolonderwysers onderhoude met kinders gevoer word. Hierdie tipe navorsing kan ook uitgebrei word na prent- en skoolwoordeboeke om sodoende ook ander terreine van die leksikografie te ondersoek en te ontwikkel.

In hierdie studie is daar slegs aandag gegee aan die oordrag van verklarende inligting in eentalige kinderwoordeboeke. Dit is egter slegs die punt van die ysberg. Verdere navorsing kan moontlik lig werp op die volgende vrae in verband met kinderwoordeboeke:

- Hoe word die makrostruktuur van 'n kinderwoordeboek bepaal?
- Hoe moet die meerfunktionaliteit van woorde in die kinderwoordeboek hanteer word?
- Hoe kan semantiese inligting in twee- of meertalige kinderwoordeboeke aangebied word?

Hoewel kinderwoordeboeke in elektroniese vorm (CD-ROM) reeds beskikbaar is, kan die bevindinge van verdere navorsing op die gebied van kinderwoordeboeke ook daár toegepas word om hierdie medium te ontwikkel en so doeltreffend moontlik te maak. Die grootste uitdaging bly egter dat die navorsing wat gedoen word uiteindelik sal lei tot effektiewe leksikografiese praktyk. 'n Goeie, effektiewe kinderwoordeboek sal daarom nie net bydra tot die kognitiewe en taalontwikkeling van die kind nie, maar dit sal ook die fondament lê vir die sinvolle gebruik van woordeboeke deur volwassenes.

BIBLIOGRAFIE

- AITCHISON, J. 1987. *Words in the mind*. Oxford : Blackwell.
- AITCHISON, J. 1990. Language and mind: psycholinguistics. (*In* Collinge, N.E., *ed.* *An encyclopaedia of language*. London : Routledge. p. 333-369.)
- AITCHISON, J. 1994. *Words in the mind*. 2nd ed. Oxford : Blackwell.
- AKMAJIAN, A., DEMERS, R.A., FARMER, A.K. & HARNISH, R.M. 1995. *Linguistics: an introduction to language and communication*. 4th ed. Cambridge, Mass. : MIT Press.
- AL-KASIMI, A.L. 1983. *Linguistics and bilingual dictionaries*. Leiden : Brill.
- ARBUTHNOT, M.H. 1969. *Children's reading in the home*. Glenview, Ill. : Scott, Foresman.
- AYTO, J.R. 1983. On specifying meaning: semantic analysis and dictionary definitions. (*In* Hartmann, R.K.K., *ed.* *Lexicography: principles and practice*. London : Academic Press. p. 89-97.)
- BARTHOLOMEW, D.A. & SCHOENHALS, L.C. 1983. *Bilingual dictionaries for indigenous languages*. Hidalgo, Tex. : Summer Institute of Linguistics.
- BASISWOORDEBOEK VAN AFRIKAANS
kyk
GOUWS, R., FEINAUER, I. & PONELIS, F., *reds.*
- BEHEYDT, L. 1997. Vertalings en plaatjies bij woordenschatverwerwing. *Levende talen*, 517:74-78, Feb.
- BENSON, M., BENSON, E. & ILLSON, R.F. 1986. *Lexicographic description in English*. Amsterdam : John Benjamins.
- BERGENHOLTZ, H. & TARP, S., *eds.* 1995. *Manual of specialized lexicography: the preparation of specialized dictionaries*. Amsterdam : John Benjamins.
- BERNARD, L.L. 1941. Definition of definition. *Social forces*, 19(4):500-510.
- BESTER, M. 1982. Die Afrikaanse kinder- en jeugtydskrif. 'n waardebeplanning. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D. Bibl.)
- BOLINGER, D. 1985. Defining the indefinable. (*In* Ilson, R.F., *ed.* *Dictionaries, lexicography and language learning*. Oxford : Pergamon. p. 69-73.)
- BOTHA, T.J.R., *red.* 1989. *Leksikografie en leksikologie*. Menlopark : Serva-Uitgewers.
- BOTHA, W.J. 1989. hiponimie en die verklarende woordeboek. (*In* Botha, T.J.R., *red.* *Leksikografie en leksikologie*. Menlopark : Serva-Uitgewers. p. 89-97.)

- BUNTING, J. 1995. Visuele woordeboek vir kinders: 'n geïllustreerde woordvinder. Geïllustreer deur David Hopkins. Afrikaans deur Riel Hauman. Kaapstad: Human & Rousseau.
- BURLING, R. 1992. *Patterns in language: structure, variation, change*. San Diego, Calif.: Academic Press.
- BUTTERWORTH, J. 1994. A new generation of dictionaries. *The school librarian*, 42(4):137, Nov.
- CAIRNS, H.S. & CAIRNS, C.E. 1976. *Psycholinguistics: a cognitive view of language*. New York, N.Y.: Holt, Rinehart and Winston.
- CARSTENS, A. 1992. Metonimie, polisemie en die leksikografie. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, 10(3):114-122, Aug.
- CARSTENS, W.A.M. 1994. Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. Pretoria: Van Schaik.
- CIANCIOLO, P. 1970. *Illustrations in children's books*. Dubuque, Ia.: W.M.C. Brown.
- CLARK, E.V. 1995. Language acquisition: the lexicon and syntax. (In Miller, J.L. & Eimas, P.D., eds. *Speech, language and communication*. San Diego, Calif.: Academic Press. p. 303-337.)
- COHEN, G. 1983. *The psychology of cognition*. London: Academic Press.
- COLBY, J.P. 1967. *Writing, illustrating and editing children's books*. Toronto: Saunders.
- COLLINGE, N.E., ed. 1990. *An encyclopaedia of language*. London: Routledge.
- CORCORAN, F. 1991. Reference books bulletin: children's dictionaries. *Booklist*, 87:1988-1995, June 15.
- COWIE, A.P. 1983. The pedagogical/learner's dictionary. (In Hartmann, R.K.K., ed. *Lexicography: principles and practice*. London: Academic Press. p. 135-144.)
- COWIE, A.P. 1990. Language as words: lexicography. (In Collinge, N.E., ed. *An encyclopaedia of language*. London: Routledge. p. 671-700.)
- CROUS, M. 1992. Die woordeboekies in die primêre skool. *Klasgids*, 27(2):6-8, Mei.
- CRUTTENDEN, A. 1979. *Language in infancy and childhood*. Manchester: Manchester University Press.
- CUMMING, G., CROPP, S. & SUSSEX, R. 1994. On-line lexical resources for language learners: assessment of some approaches to word definitions. *System*, 22(3):369-377.
- CUYCKENS, H. 1995. Family resemblance in the Dutch spatial prepositions "door" and "langs". *Cognitive linguistics*, 6(2/3):183-207.
- DE BONT, K. 1984. *De Nederlandse kinderboekenuitbeeldingen in de periode 1950-1980: eindexamenscriptie*. s.l.: s.n.
- DE STADLER, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- DE STADLER, L.G. 1992. Semantiese rolle en die polisemiese waarde van werkwoorde. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, 10(3):131-139.

DICTIONARY OF CONTEMPORARY ENGLISH

kyk

QUIRK, R., *ed*

DIRVEN, R. 1996. Basisprincipes van de cognitiewe linguistiek. *Neerlandica extra muros*, 34(2):28-41, Mei.

DIRVEN, R. & VERSPOOR, M. 1999. Cognitiewe inleiding tot taal en taalwetenskap. Leuven: Acco.

DI VESTA, F.J. 1974. Language, learning and cognitive processes. Moterey, Calif.: Brooks/Cole.

ECO, U., SANTAMBROGIO, M. & VIOLI, P., *eds*. 1988. Meaning and mental representation. Bloomington, Ind.: Indiana University Press.

EKSTEEN, L.C. 1962. 'n Inleidende studie van die metodes van die leksikografie. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - M.A.)

EKSTEEN, L.C. 1965. Die leksikale definisie: 'n leksikografiese ondersoek. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - D.Phil.)

FEINAUER, A.E. 1992. Definiëring in 'n aanleederswoordeboek. *Lexikos*, 2:73-84.

FEINAUER, A.E. 1994. An Afrikaans learner's dictionary. *South African journal of linguistics*, 12(2):60-67.

GEERAERTS, D. 1987. Types of semantic information in dictionaries. (*In* Ilson, R.F., *ed* A spectrum of lexicography: papers from AILA Brussels 1984. Amsterdam: John Benjamins. p. 1-10.)

GEERAERTS, D. 1995. Cognitive linguistics. (*In* Verschueren, J., Östman, J. & Blommaert, J. Handbook of pragmatics. Amsterdam: John Benjamins. p. 111-116.)

GEERAERTS, D. & JANSSENS, G. 1982. Wegwijs in woordenboeken. Assen: Van Gorcum.

GEORGIU, C. 1969. Children and their literature. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

GIVÓN, T. 1995. Functionalism and grammar. Amsterdam: John Benjamins.

GOUWS, R., FEINAUER, I. & PONELIS, F., *reds*. 1994. Basiswoordeboek van Afrikaans. Pretoria: Van Schaik.

GOUWS, R.H. 1989. Leksikografie. Pretoria: Academica.

GOUWS, R.H. 1993. Afrikaans learner's dictionaries for a multilingual South Africa. *Lexikos*, 3:29-47.

GROBBELAAR, P., *red*. 1994. Reader's Digest Afrikaans-Engelse woordeboek. Reader's Digest English-Afrikaans dictionary. Kaapstad: Reader's Digest.

HARTMANN, R.K.K. 1983. Lexicography: principles and practice. London: Academic Press.

HARTMANN, R.K.K., *ed*. 1984. *Lexeter '83* proceedings. Tübingen: Niemeyer.

HARTMANN, R.K.K. 1992. Lexicography, with particular reference to English learners' dictionaries. *Language Teaching*, 25(3):151-159.

HAT³

kyk

ODENDAL, F.F., *red*

HAYWARD, L. 1981. Sesamstraat woordenboek. Met illustrasies van Joe Mathieu. Nederlandse tekst van Jan Versteur. Aartselaar : Deltas.

HEMP, M., *red* My eerste woordeboek: 1000 woorde vir Suid-Afrikaanse seuns en dogters. Geïllustreer deur Geoff Keays. In Afrikaans vertaal deur Marlise Joubert. Kaapstad : Struik.

HEYVAERTS, F.J. 1994. The edges of definition. (*In* Martin, W., Meijs, W., Moerland, M., Ton Pas, E., Van Sterkenburg, P., & Vossen, P., *eds* Eurolex 1994 proceedings: papers submitted to the 6th Euralex international congress on lexicography in Amsterdam, the Netherlands. Amsterdam. p. 85-92.)

HUDSON, R. 1997. Inherent variability and linguistic theory. *Cognitive linguistics*, 8(1):73-108.

HURFORD, J.R. & HEASLEY, B. 1988. Semantics: a coursebook. Cambridge : Cambridge University Press.

ILSON, R.F., *ed* 1985. Dictionaries, lexicography and language learning. Oxford : Pergamon Press.

ILSON, R.F., *ed* 1987. A spectrum of lexicography: papers from AILA Brussels 1984. Amsterdam : John Benjamins.

ILSON, R.F. 1991. Lexicography. (*In* Malmkjær, K. & Anderson, J.M., *eds* The linguistics encyclopedia. London : Routledge. p. 291-297.)

IRIS, M.A., LITOWITZ, B.E. & EVENS, M.W. 1988. Moving towards literacy by making definitions. *International journal of lexicography. Special issue: problems of lexicographic form*, 1(3):238-251, Autumn.

JACKENDOFF, R. 1996. Semantics and cognition. (*In* Lappin, S., *ed* The handbook of contemporary semantic theory. Oxford : Blackwell. p. 539-559.)

JACKSON, H. 1988. Words and their meaning. Harlow : London.

JORGENSEN, J.C. 1990. Definitions as theories of word meaning. *Journal of psycholinguistic research*, 19(5):293-315.

KARL, J. 1963. From childhood to childhood: children's books and their creators. New York, N.Y. : John Day Company.

KUJOTH, J.S. 1970. Reading interests of children and young adults. Metuchen, N.J. : Scarecrow Press Inc.

LAKOFF, G. 1987. Women, fire and dangerous things: what categories reveal about the mind. Chicago, Ill. : Chicago University Press.

LAKOFF, G. 1988. Cognitive semantics. (*In* Eco, U., Santambrogio, M. & Violi, P. Meaning and mental representations. Bloomington, Ind. : Indiana University Press. p. 119-154.)

LAKOFF, G. & JOHNSON, M. 1980. Metaphors we live by. Chicago, Ill. : Chicago University Press.

- LAKOFF, G. & TURNER, M. 1989. *More than cool reason: a field guide to poetic metaphor*. Chicago, Ill. : Chicago University Press.
- LANDAU, S.I. 1989. *Dictionaries: the art and craft of lexicography*. Cambridge : Cambridge University Press.
- LANGACKER, R.W. 1987. *Foundations of cognitive grammar. Vol. I: theoretical prerequisites*. Stanford, Calif. : Stanford University Press.
- LANGACKER, R.W. 1988(a) An overview of cognitive grammar. (*In* Rudzka-Ostyn, B., *ed.* *Topics in cognitive linguistics*. Amsterdam : John Benjamins. p. 3-45.)
- LANGACKER, R.W. 1988(b). A view of linguistic semantics. (*In* Rudzka-Ostyn, B., *ed.* *Topics in cognitive linguistics*. Amsterdam : John Benjamins. p. 49-90.)
- LANGACKER, R.W. 1991. *Foundations of cognitive grammar. Vol. II: descriptive application*. Stanford, Calif. : Stanford University Press.
- LANGACKER, R.W. 1995. Cognitive grammar. (*In* Verschueren, J., Östman, J. & Blommaert, J. *Handbook of pragmatics*. Amsterdam : John Benjamins. p. 106-111.)
- LANGACKER, R.W. 1999. *Grammar and conceptualization*. Berlin : Mouton de Gruyter.
- LAPPIN, S. 1996. *The handbook of contemporary semantic theory*. Oxford : Blackwell.
- LINDERS-NOUWENS, J., LUIDINGA, G. & VERMEER-VAN DER BRUGGEN, E. 1986. *Over kinderboeken: voor ouders met kinderen tussen 5 en 12 jaar*. Utrecht : Teleac.
- LOHANN, C.A. 1967. Die illustrasie van Suid-Afrikaanse kinderlektuur - 'n waardebeoordeling. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.A.)
- LOMBARD, F.J. 1991. Die aard en aanbieding van die leksikografiese definisie. *Lexikos*, 1:158-182.
- LOMBARD, F.J. 1992. Voorbeeldmateriaal in woordeboeke. *Lexikos*, 2:148-164.
- LOUW, D.A., *red.* 1988. *Inleiding tot die psigologie*. Johannesburg : Lexikon.
- LOUW, D.A., *red.* 1992. *Menslike ontwikkeling*. 2de uitg. Pretoria : HAUM.
- LOUW, J.P. 1991. Semantiese norme in die leksikografie. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, 9(4):115-118, Nov.
- MALMKJAER, K. & ANDERSON, J.M., *eds.* 1991. *The linguistics encyclopedia*. London : Routledge.
- MARTIN, W., MEIJS, W., MOERLAND, M., TON PAS, E., VAN STERKENBURG, P. & VOSSEN, P., *eds.* 1994. *Euralex 1994 proceedings: papers submitted to the 6th Euralex international congress on lexicography in Amsterdam, the Netherlands*. Amsterdam.
- McKEOWN, M.G. 1993. Creating definitions for young word learners. *Reading Research Quarterly*, 28(1):16-31.
- McKIE, A. 1994. *Picture dictionary for children: 1500 words explained for the young reader*. Illustrated by Ken McKie. London : Grandreams.

- MENCK, C. 1993. Die woordeboek as ondernigstrategie. *Karring*, 6:34-38, Winter.
- MEYER, W.F. 1988. Taal en denke. (In Louw, D.A., red. Inleiding tot die psigologie. Johannesburg : Lexikon. p. 243-279.)
- MILLER, G.A. & GILDEA, P.M. 1987. How children learn words. *Scientific American*, 257(3):86-91, Sept. 8.
- MILLER, J.L. & EIMAS, P.D., eds 1995. Speech, language, and communication. San Diego, Calif. : Academic Press.
- MIJN EERSTE WOORDENBOEK
kyk
NIBLO, A. & DE SAULLES, J.
- MORTON, J. & MARSHALL, C. 1977. Psycholinguistics series 1: developmental and pathological. London : Elek Science.
- MOSTERT, N. 1985. Die opeenvolging van betekenisonderskeidings in die leksikale definisie. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit. (Verhandeling - M.A.)
- MOSTERT, N. 1988. Die funksie van sitate en poëme in verklarende leksikografie. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 28(2):150-160, Jun.
- MY EERSTE TWEETALIGE WOORDEBOEK
kyk
WALPOLE, E.W.
- MY EERSTE WOORDEBOEK
kyk
HEMP, M., red.
- NIBLO, A. & DE SAULLES, J. 1995. Mijn eerste woordenboek. Tekeningen: Kim Woolley. Vertaling: Anke Smit. Lisse : Rebo.
- ODENDAL, F.F., red 1994. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand : Perskor.
- ODENDAL, F.F., HAUPTFLEISCH, D.C. & LOUBSER, J.E. 1974. Taalkunde - 'n lewe. Kaapstad : Tafelberg.
- OTTO, A.N. 1989. Kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderswoordeboek. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif - D.Phil.)
- PHILLIPS, J.L. 1975. The origins of intellect: Piaget's theory. 2nd ed. San Francisco, Calif. : W.H. Freeman.
- PICTURE DICTIONARY FOR CHILDREN
kyk
McKIE, A.
- PIENAAR, L. 1968. Die kind en sy literatuur: 'n studie. Kaapstad : HAUM.
- PULMAN, S.G. 1983. Word meaning and belief. London : Croom Helm.

- QUIRK, R., *ed* 1990. Longman dictionary of contemporary English. Harlow : Longman.
- RADEMEYER, L. 1993. Funksies van voorbeeldmateriaal in eentalige woordeboeke. *Lexikos*, 3:203-213.
- RAY, S.G. 1974. Children's fiction: a handbook for librarians. Leicestershire : Brockhampton Press.
- READER'S DIGEST
kyk
GROBBELAAR, P., *red*
- REED, S.K. 1988. Cognition: theory and applications. 2nd ed. Pacific Grove, Calif : Brooks/Cole.
- ROBINSON, R. 1972. Definition. Oxford : Oxford University Press.
- ROOD, C.F. 1995. Die kinderboekillustreerder as kunstenaar - 'n Evalueringstudie aan die hand van enkele Suid-Afrikaanse kinderboekillustreerders. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.A.)
- ROSCH, E. & LLOYD, B.B., *eds* 1978. Cognition and categorization. Hillsdale : Lawrence Erlbaum Associated.
- ROSCH, E. & MERVIS, C.B. 1975. Family resemblances. *Cognitive psychology*, 7:573-605.
- RUDZKA-OSTYN, B., *ed* 1988. Topics in cognitive linguistics. Amsterdam : John Benjamins.
- SAEED, J.I. 1997. Semantics. Oxford : Blackwell.
- SCHWARCZ, J.H. 1982. Ways of the illustrator: visual communication in children's literature. Chicago, Ill. : American Library Association.
- SESAMSTRAAT WOORDENBOEK
kyk
HAYWARD, L.
- SNIJMAN, F.J. 1974. Die definisieprobleem in die leksikografie. (*In* Odendal, F.F., Hauptfleisch, D.C. & Loubser, J.E. Taalkunde - 'n lewe. Kaapstad : Tafelberg. p. 110-121.)
- STEENBERG, E. 1986. My kind en sy boek. Kaapstad : Tafelberg.
- STEIN, G. 1991. Illustrations in dictionaries. *International journal of lexicography*, 4(2): 99-127, Summer.
- SUTHERLAND, Z. 1977. Children and books. Glenview, Ill. : Scott, Foresman.
- SVENSEN, B. 1993. Practical lexicography: principles and methods of dictionary-making. Oxford : Oxford University Press.
- SWANEPOEL, P.H. 1990. Definisies in vakkommunikasie. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- SWANEPOEL, P.H. 1991. Polisemie in die woordeboek - 'n kognitiewe perspektief. *Lexikos*, 1:221-279.
- SWANEPOEL, P.H. 1995. 'n Eksegese van 'n leksikografiese metode: raamgebaseerde leksikografiese definisies. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, Supplement 26:73-98, Nov.

- TAYLOR, J.R. 1989. Linguistic categorization. Oxford : Clarendon Press.
- THORNDIKE, E.L. 1991. The psychology of the school dictionary. *International journal of lexicography*, 4(1): 15-22, Spring
- UNGERER, F. & SCHMID, H. 1996. An introduction to cognitive linguistics. London : Longman.
- VAN DALE JUNIORWOORDENBOEK NEDERLANDS
kyk
VERBURG, M. & HUIJGEN, M.
- VAN DER WESTHUYSEN, T.W.B. & SCHOEMAN, W.J. 1988. Ontwikkelingspsigologie. (*In Louw, D.A., red Inleiding tot die psigologie. p. 191-240.*)
- VAN HORNE, M. 1970. Give children wings: a manual how to write for children. New York, N.Y. : Committee on world literacy and Christian literature.
- VAN JAARVELD, G.J. 1985. Semantiek. Pretoria : Academica.
- VERBURG, M. & HUIJGEN, M., reds. 1996. Van Dale juniorwoordenboek Nederlands. Utrecht : Van Dale Lexicografie.
- VERSCHUEREN, J., ÖSTMAN, J. & BLOMMAERT, J. 1995. Handbook of pragmatics. Amsterdam : John Benjamins.
- VISKIEL, E. 1996. Definisies: een overzicht van het onderzoek. *Taalbeheersing*, 18(1):48-61.
- VISUELE WOORDEBOEK VIR KINDERS
kyk
BUNTING, J.
- VORSTER, J. 1991. Horses for courses: incremental dictionaries for primary school classes. *Tydskrif vir taalonderrig*, 25(3):53-64, Sept
- VOS, J. & MEIJER, C., reds. 1985. Wegwijs in de jeugdliteratuur. Leiden : Uitgeverij Martinus Nijhoff
- WALPOLE, E.W. 1974. My eerste tweetalige woordeboek. Tekeninge deur Gertrude Elliot. Verwerk deur Leon Rousseau, in oorleg met prof. Merwe Scholtz (Afrikaans) en prof. I.E. Hart (Engels). Kaapstad ; Human & Rousseau.
- WHITE, A. & EASTERBROOK, S. 1993. Dictofun: a concept dictionary for children. *Journal of computer assisted learning*, 9(3):161-170, Sept
- WIEGAND, H.E. 1994. On the structure and contents of a general theory in lexicography. (*In Hartmann, R.K.K., ed. Lexeter '83 proceedings. Tübingen : Niemeyer. p. 13-30.*)
- WITTGENSTEIN, L. 1953. Philosophical investigations. New York, N.Y. : Macmillan.
- WOOLFOLK, A.E. 1995. Educational psychology. 6th ed. Boston, Mass. : Allyn and Bacon.
- ZGUSTA, L. 1971. Manual of lexicography. Den Haag : Mouton.